

DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN  
S A R I E M A R A I S  
AS MASSATYDSKRIF VIR DIE AFRIKAANSE VROU

DEUR

LIZETTE RABE



TESIS INGELEWER TER GEDEELTELIKE VOLDOENING  
AAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD VAN MAGISTER  
IN LETTERE EN WYSBEGEERTE AAN DIE UNIVERSITEIT  
VAN STELLENBOSCH

DESEMBER 1985

PROMOTORS: PROF P J CILLIÉ

PROF H J GROSSKOPF

I N H O U D


1.	Inleiding	B1. 1
2.	SARIE teen die agtergrond van die pers en in besonder publikasies vir vroue in Suid-Afrika	B1. 5
3.	Die Boerevrou, eerste Afrikaanse vrouetydskrif, en SARIE haar erfgenaam	B1. 18
4.	Die ontstaan van Amerikaanse populêre tydskrifte en 'n vergelyking tussen dié tydskrifte in die veertiger- en vyftigerjare en SARIE	B1. 47
5.	Uit die Notules	B1. 58
6.	Die aanvoorwerk vir SARIE	B1. 82
7.	Waar kry sy daardie naam	B1. 87
8.	Hoe die eerste redaksie by SARIE betrokke geraak het, hoe hulle hul taak by haar gesien het en hul persoonlike gevoel teenoor haar	B1. 99
9.	Sō is SARIE ontvang	B1. 117
10.	SARIE se moontlike betekenis vir die Afrikaanse vrou van daardie tyd en die tydskrif se bydrae tot huweliks-, geslags- en gesondheidsvoorligting (1)	B1. 125
11.	SARIE se moontlike betekenis (2)	B1. 154
12.	SARIE se bydrae tot die Afrikaanse letterkunde	B1. 172
13.	SARIE en Afrikaans	B1. 203
14.	Probleme en deurbrake van hul tyd, soos beskryf deur die eerste redaksie	B1. 218
15.	Statistieke: sirkulasiesyfer en prys	B1. 231
16.	Kroniek van redaksielede: 1949 - 1985	B1. 235
17.	Die Barones se teekoek	B1. 250
18.	Bronnelys	B1. 252

KORREKSIE: B1. 242

Mnr Fritz Joubert was redakteur van Die Burger se naweek-  
bylaag, BY, voordat hy as redakteur van SARIE aangestel is.

BYVOEGING: B1. 98

Sarie se gewelnaam is met die uitgawe van 15 Januarie 1986  
verander.



## 1. INLEIDING

Op 'n Laeveldse plaas by 'n vriendelike boeretante vra Christa Steyn, eerste Transvaalse redaksielid van SARIE, waar die gerief is.

"So af in die boord al met die voetpad langs," beduie die tante.

Toe draai sy om: "Wag kind," sê sy en haal 'n vlieëslaner van 'n haak af, "daar hou 'n mamba by die kleinhuisie. As hy dalk voor jou regop kom staan, moenie skrik nie. Tik hom net hiermee op die kop, dan gee hy pad."

Dit het op een van Christa Steyn se eerste reise deur die provinsie op soek na SARIE-stories gebeur.

Die belewenis het vir daardie eerste redaksie, net 'n handvol vroue en mans, 'n soort simbool geword, skryf Alba Bouwer in 'n artikel 1) met die viering van SARIE se 25ste bestaansjaar in Julie 1974. Mej Bouwer was 'n redaksielid van Augustus 1949 en onderredakteur van 1952 tot Junie 1963.

Die metaforiese opdrag was om die mambas wat maar pal in die rondte was by die begin van 'n nuwe tydskrif (in die ekonomiese klimaat ná die Tweede Wêreldoorlog), "met goeie geloof en praktiese planne ... te verwilder".

Dié mambas was immer naby (dalk en veral ook deesdae; maar dis nie waarom ons dit hier het nie!)

In die eerste uitgawe van SARIE MARAIS op 6 Julie 1949 het die eerste redakteur, Fred le Roux, geskryf SARIE se doel "is in

1) Alba Bouwer: "Sy kom van ver af", SARIE, 31 Julie 1974, p.23

die eerste plaas om ons leseresse van diens te wees."

Die redaksie het gou geleer diens sonder wins bestaan nie. Een van die groot mambas - nou GRŌŌT! - wat elke lid van die redaksie gegrief het, maar wat hulle nie gedurf het om op die kop te tik nie, was daardie voorbladadvertensies. Daaroor later meer. Dit lyk of die meeste mambas finansiëles was: kort nā die advertensie-voorblaai is die prys binne ses maande van 'n sikspens tot 'n sjieling tot 'n daalder verhoog. Die redaksie moes magteloos toekyk hoe hul kosbaar opgeboude sirkulasiesyfer met sowat 50 000 tussen twee uitgawes sak.

"Dit was wāt van 'n mamba om op die kop te tik," skryf Alba Bouwer in haar jubileum-artikel.

Die mambas moet nog steeds op die kop getik word, maar ondanks diē ongediertes, was en is en bly ons SARIE "n mooi ding". Dit was diē woorde van Fred le Roux wat Alba Bouwer indirek oortuig het om haar by SARIE aan te sluit - 'n verbintenis wat SARIE, as sy liggaam en siel had, net so veel vreugde sou gee soos vir mej Bouwer en die lesers deur die jare.

Die "mooi ding" van prof. Le Roux het mej Bouwer haar artikel laat afsluit met onder meer diē groet (aan die redaksie): "Bowenal wens ek hulle toe die vreugde en plesierigheid wat ons gehaal het uit die saamtrek en saam swaarkry met mede-redaksielede, en die rykdom wat daar vir ons was in die kennismaak en saamwerk met medewerkers dwarsoor die land. Mag dit vir hulle altyd 'n 'mooi ding' wees."

SARIE was nie net 'n "mooi ding" wat 'n uur se ontspanning vir haar lesers sou beteken nie. Sy het 'n besliste invloed op verskeie gebiede gehad. Dit is onmoontlik om te bepaal in watter mate sy

haar invloed laat geld het. Met navorsing kon tog vasgestel word dat haar vir daardie jare revolusionêre voorligting oor onder meer geslags- en huweliksvoorligting 'n besliste positiewe uitwerking op Afrikanerlesers gehad het. 2)

Omdat dit eerder 'n weergawe, 'n vertelling is van wat ek kon saamstel uit inligting uit notules en SARIE-bundels, tallose briewe en gesprekke met veterane, en nalees, laat ek veral dié wat kon, praat (en ook gesels!) oor daardie jare.

Dit was plek-plek maar moeilik om inligting te versamel. Prof Piet Cillié het eendag terwyl ons gesels het oor hierdie MA-onderwerp, gesê die Pers māk geskiedenis, ons skryf dit nie. Hoewel omtrent 'n contradictio in terminis as 'n mens in ag neem dit is 'n onderneming wat basies met die geskrewe woord te make het, het ek agtergekom dit is inderdaad so.

Nietemin, mag diegene wat hiernā oor die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse joernalistiek skryf, net so veel vreugde uit hierdie (hopelike) naslaanwerk put soos ek gehad het om dit te versamel en saam te stel.

Ek wil graag die "oorlewene ou beginners" soos Alba Bouwer 3) hulle noem, bedank vir hulp, raad en ondersteuning in dié poging.

Veral wil ek Ria Olivier, prof Le Roux se weduwee, bedank vir die hele Saterdagoggend wat ek met hom, onwetend so kort voor sy dood, gedeel het.

Sonder die inligting wat hy in die loop van daardie oggend verstrek het, sou die verhandeling nōōit kon gewees het nie.

2) Sien Hoofstuk 10 en 11

3) Bouwer, op.cit.

Met ons afskeidsgroet het prof Le Roux gesê hy sou graag die eindproduk wil sien voordat dit geëksamineer word. Ek is spyt hy sal dit nooit in die hand kan hê nie, maar ek hoop en glo geen woord kom daarin voor wat hy nie sou goedkeur nie.

Dus, welaan met die geskiedenis van SARIE, die vrouetydskrif wat veroorsaak het dat die lewe vir die Afrikaanssprekende vroue nooit weer dieselfde sou wees nie. Sy het saam met die New Look-mode in 1949 verskyn. Laasgenoemde het mej Bouwer beskryf 4) as "rokke wat net bokant die enkels om 'n vrou se bene moet swiep en skoene wat lyk na iets waarmee jy pas deur 'n nat beeskraal gestap het." SARIE het met haar eerste verskyning die man bekend gestel (in 'n artikel deur Elsa Joubert) wat dié New Look aan vroue voorgeskryf het. Hy was Christian Dior, 'n naam wat vandag nog 'n leier op die modefront is.

So ook het SARIE sommer van die dag van haar verskyning reguit aangekondig: sy is 'n leier en nie 'n volgeling nie.

Hoekom?

Omdat sy vir die eerste keer die Afrikaanssprekende vrou bewus gemaak het van Europese modes, nuwighede in binneversiering, skoonheid en ander klaarblyklieke "trendsetters" wat 'n vrouetydskrif 'n leier eerder as 'n volgeling maak. Sy het woorde soos haute couture, haute coiffure en haute cuisine betekenis vir die Afrikaanse leser gegee; vir haar vensters op die wêreld gegee. Maar bowenal 'n leier omdat sy 'n reuse-bydrae gemaak het tot veral huweliks- en gesinsvoorligting en gesondheidsartikels soos nog nooit tevore in Afrikaans, wat nog te sê in 'n tydskrif, gesien was nie. Die volgende hoofstukke bewys dit.

4) Bouwer, op.cit.

2. SARIE TEEN DIE AGTERGROND VAN DIE PERS EN IN BESONDER  
PUBLIKASIES VIR VROUE IN SUID-AFRIKA

Toe SARIE uiteindelik in 1949 letterlik die lig op straat gesien het, was sy die vierde volwaardige Afrikaanse vrouetydskrif en die eerste wat die vrou se lewe in alle fasette gedek het, soos in hierdie verhandeling aangetoon sal word.

Voorheen het die massamedia nie veel aandag aan die vrou gegee nie. Waarskynlik omdat die vrou nie so 'n bewustelike rol in die samelewing gespeel het nie, en - belangrik - omdat advertensies nog nie so 'n manipuleringsmag was nie.

Met die opkoms van die advertensiewese het 'n behoefte begin ontstaan aan media waardeur die advertensies - en nie net vir "vroulike" produkte nie - na die verbruiker, en die vrou as inkoper, gelei kon word.

Uit die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse perswese blyk dat jare lank nooit juis aandag aan vrouetydskrifte of vroueblaai gegee is nie. Mev Mabel Malherbe, stigter, redakteur en eienaar van die eerste Afrikaanse vroueblad, Die Boerevrou, het op 'n keer geskryf 1): "Destyds was daar bitter min Afrikaanse leesstof, en dit het moeite gekos om Pa te oortuig dat Ma ook 'n eie tydskrif wou hê en nie net 'n paar bladsye by die kinderafdeling nie."

Hoewel 'n mens vandag byna nie kan glo dat die vroue van sowat 'n halwe eeu gelede nog tevrede moes wees "met 'n paar bladsye by die kinderafdeling" nie, is dit 'n feit.

1) Mabel Malherbe, Artikel "Ek sien haar win", SARIE, 6 Julie 1949



Nêr so 'n feit is dat 'n vroueblad - ondanks moontlike idealistiese verwagtinge - in die eerse plek 'n sake-onderneming is. Daarom moet hy 'n wins maak. Die Boerevrou kon nie, en daarom moes sy uiteindelik ná negentien jaar tou opgooi. Dat vrouetydskrifte advertensie-draers moet wees, word onderskryf deur die volgende menings, een van M E R, eerste "vroueredaktrise" van Die Burger, en die ander van Fred le Roux, SARIE se eerste redakteur.

M E R, ook redaksielid van Die Boerevrou voordat sy na Die Burger gekom het, en doyenne en mentor vir baie Afrikaanse vroulike joernaliste en skrywers, het op 'n keer geskryf hulle het graag geglo dat hul taak as skrywers vir vroue méér is as net advertensielokkers. In haar outobiografiese vertelling My beskeie deel 2), skryf sy oor haar koms na Die Burger: "Soos by alle koerante en tydskrifte was die 'vrouebladsy' bedoel om advertensies te lok, en dit het toe vir die redaksie gelyk dat dit die beste sou wees om daarvoor 'n vaste redaktrise aan te stel. Maar natuurlik sê hulle dit nie aan die redaksie nie. Vir die lede daarvan word dit altyd voorgehou hoeveel gedaan moet word vir die kulturele opheffing van die volk - en altyd glo die redaksielede dit. Ek het helaas nooit kon begryp dat ek in die eerste plek advertensielokker was en tog altyd om liefdeswil een en ander, hoe meer hoe beter, moes te voorskyn bring wat op die opvallendste manier die adverteerders sou oortuig dat daardie bladsy werklik 'n 'ladies' page' was."

Le Roux sê die volgende 3): "Die doel met SARIE was 'n vrouetydskrif om 'n deel van die groot hoeveelheid advertensies

2) M E R, My beskeie deel, Tafelberg 1972

3) Le Roux in persoonlike onderhoud

wat hulle gemeen het daar was, in die hande te kry. Indertyd was mnr Flippie van Zyl die advertensiebestuurder en hy het gemeen dat hy vir 'n vrouetydskrif aansienlike advertensies sal kry. Dit het later waar geblyk, maar in die begin het dit baie moeilik gegaan om dit te kry, want die mense wou sien of die blad lewensvatbaar is voordat hulle hul verbind om oor 'n lang tydperk vir advertensies in te staan; ons het in die begin dus maar swaargekry. Ek weet nie of 'n uitgewery veel idealistiese oorwegings het nie, hoewel daar beslis nog plek vir 'n vroueblad was."

Terug na die drie Afrikaanse vroueblaai wat SARIE voorafgegaan het.

Die Boerevrou het van 1919 tot 1931 bestaan. Die eerste redakteur van SARIE wou tot groot hoogte hê dat die nuwe tydskrif in die harte van die Afrikaanse vroue die plek inneem wat Die Boerevrou beklee het. Daarom ook dat in die eerste uitgawe van SARIE, op die heel eerste blad, hulde gebring word aan mev Malherbe en M E R.

Die eerste voorblad van SARIE wil ook die indruk wek van die feniks wat uit sy eie as herrys het: 'n moderne mooi met 'n uitrusting wat beskryf kan word as 'n moderne weergawe van Voortrekkerdrag, en met, op die agtergrond, die "skim" soos die redakteur se inleidingsartikel self sê, van Die Boerevrou se kenmerkende voorblad-Voortrekkernooi 4).

Omdat Die Boerevrou die eerste Afrikaanse vroueblad was, 'n trotse tradisie vir Afrikaanse vroueblaai gevestig het,

4) Sien eerste voorblad, hoofstuk 7 (Waar kry sy daardie naam)

en SARIE haar as direkte voorganger gesien het, wy ek later 'n hele hoofstuk aan dié deel in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse joernalistiek.

Die tweede Afrikaanse vrouetydskrif was Die Huisvrou. Hoewel volwaardige vroueblad in die sin dat dit nie as 'n bylae tot 'n ander tydskrif of blad verskyn het nie, was die inhoud, soos 'n jarelange redakteur 5) self sê, "oorwegend godsdienstig" van aard, met 'n sterk plattelandse sirkulasie.

Die blad is van 2 Mei 1922 af deur 'n Engelse drukker, Samuel Griffiths & Co, uitgegee. Dit is deur die uitgewer begin toe hy die drukk kontrak vir Die Kerkbode verloor het en in die plek daarvan iets wou hê wat sy perse aan die gang kon hou. Hy het besluit tot 'n "konserwatiewe, Christelike blad vir moeders en dogters" 6).

Die Huisvrou was tot 1959 'n weekblad, daarná 'n maandblad. Sy het amper 55 jaar lank bestaan en was tot met haar staking in 1976 die oudste Afrikaanse vrouetydskrif. In daardie stadium het sy 50 bladsye gehad met kleur slegs op die buiteblaaie. Die eerste Huisvrou (toe 'n weekblad) het 32 bladsye gehad. Die eerste en laaste voorblaaie verskyn aan die einde van hierdie hoofstuk.

Sy het min advertensies gedra en haar sirkulasie was met haar staking sowat 12 000 (sirkulasie-syfers, sover dit vasgestel kon word, aan die einde van hierdie hoofstuk).

Die eerste redakteur was mev A D Donovan, vrou van die redakteur van die destydse The Cape. Van 1927 tot 1943 was M Brisley die

5) Audrey Blignault in persoonlike korrespondensie

6) Freda Linde, "Die Huisvrou", Standard Encyclopaedia of Southern Africa, bundel 5, Nasou, 1970

redakteur, van 1944 tot 1954 Audrey Blignault. Sy is opgevolg deur Freda Linde, ook 'n bekende skrywer. Mej Linde is in 1960 opgevolg deur Rita Maree, wat in 1967 deur mev Rina Rauch opgevolg is. Die laaste redakteur was mev Mary-Ann van Rensburg.

Volgens mev Van Rensburg se redaksionele inleiding in die laaste uitgawe (Maart 1976) is Die Huisvrou deur Brandwag-Pers oorgeneem wat dit verder sou uitgee. Geen verdere uitgawe het egter verskyn nie.

Volgens mev Blignault 7) was dit 'n "beskeie blad". Die uitgewer was nie bereid om "baie geld aan die blad te bestee nie. Gevolglik was dit nie groot van opset nie. Die Engelse uitgewers kon nie lees wat in die blad staan nie."

Sy meen ook: "n Blad soos die Nasionale Pers beoog het, sou 'n baie wyer trefkrag hê. Vrouetydskrifte was al lank baie gewild. Baie Afrikaanssprekende vroue het The American Ladies' Home Journal of Weldon's gelees. Ek kan goed onthou dat my tantes op 'n plaas naby Bonnievale dié twee tydskrifte lank gekry het. 'n Byvoegsel tot The Farmers' Weekly, bekend as The Homestead, was uiters gewild in Suid-Afrika. My ma het dit altyd gekry, en baie vroue van haar tyd. Dat daar plek was vir 'n groter Afrikaanse vrouetydskrif, is nie te betwyfel nie."

In 'n brief in 1944 skryf ... 8) M E R aan mev Blignault oor Die Huisvrou (in daardie stadium het sy haar formeel as "mev Blignault" aangespreek; in latere briewe waar M E R oor mev Blignault se rubriek in SARIE skryf, spreek sy haar as Audrey aan):

7) Blignault in persoonlike korrespondensie

8) M E R, n Kosbare Erfenis, Tafelberg 1977

"Dit interesseer my hoe jy jou probleem gaan ontwikkel en oplos - 'n blad met die gedaante van 'n 'Home Chat' en 'n inhoud van gesonde kulturele waarde. Dit gaan nie maklik wees nie; daarvoor sal die adverteerders sorg. Maar jy is jonk en sterk en het gesonde en waardevolle kennis omtrent probleme opgedoen; ek wens jou alle sukses toe."

Die Huisvrou se redaksionele beleid was besonder konserwatief. Reeds in die tweede uitgawe (9 Mei 1922) kon 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat as die tydskrif hom nie by veranderde omstandighede en waardes gaan aanpas nie, hy 'n vinnige dood sal sterf. Die feit dat hy 55 jaar kon bestaan, is eintlik merkwaardig.

In die genoemde tweede uitgawe laat die redakteur haar so sterk uit oor die kwessie van stemreg vir vroue (sy was daar-TEEN!) dat 'n mens - in vandag se omstandighede - nie kan dink dat sy die welvaart van vroue as doel gehad het nie.

In dié uitgawe skryf sy onder meer: "Die Suidafrikaanse (sic) vrou gaan nog nie die stemreg kry: dit is die uitslag van die debat wat onlangs in die Volksraad plaasgevind het ... Ek moet erken dat, ofskoon dit vreemd mag klink, die besit van die stemreg, myns insiens geen verskil sal maak wat betref vrouens van Suid-Afrika nie. Want in ons land, meer as in enige ander land, bestaan daar groot behoefte aan vrouens wat hulle invloed laat geld vanuit die huis. Want Suid-Afrika wil in die eerste plek die huisvrou hê - die vrou wat getrou is aan die hoogste tradisies van die Suid-Afrikaanse vrou, die vrou wat as huisvrou meer en meer beroemd geword het dwarsdeur ons geskiedenis, die vrou wat gewillig is om alles op te offer ten einde 'n volk van

kragtige manne en vroue op te bou. Suid-Afrika het behoefte aan vrouens wat hulle op die eenvoudige dinge van die lewe toelê. Ons land vra vrouens wat die karakters van hulle seuns kan opbou, vrouens wat hulle dogters kan leer om huisvrouens en moeders van die toekomstige geslagte te word.

"... Hierdie werksaamhede is van die allergrootste belang, en hulle uitwerking ten goede vir die land is baie meer gewis as dié van die pogings van die vrouens wat in die politiek optree en gewapen is met die stemreg.

"Om 'n plaas te bestuur en 'n sukses van die huislike kant daarvan te maak, soos baie van ons vrouens doen, om 'n klompie fris en gesonde kinders groot te maak, om hulle verstandelik, liggaamlik en geestelik op te voed en tot sterk, vertrouwbare, opregte en vrome manne en vroue te maak - dit is die hoogste roeping van die vrou! En hoe kan die vrou hierin gehinder word deurdat sy nie die stemreg het nie, of nie in die Volksraad sit nie?

"Nee, dis net die onnatuurlike vrou, die vrou wat gedwarsboom is in die beoefening van haar natuurlike, vroulike funksies, wat die seëninge en voorregte van die ware vroulikheid nie ken nie, of wat daarmee ontevrede is - dis net hierdie soort vrou wat verlang na 'n meer uitgebreide beweegkring, en wat aanhoudend propaganda maak vir die stemreg ... Die vrouens wat onafhanklikheid en die stemreg eis, is juis die vrouens wat hulle eie lewe vernietig. Hulle skop teen die ou gevestigde dinge, en die nuwe dinge skep net verwarring, onsedelikheid en verkeerde lewensideale.

" ... Nog nooit was die sedelike en maatskaplike losbandigheid so erg as vandag nie, en die begin is gemaak, dink ek, toe die vrou die beskerming van die huis afgewerp het, en begin streef het na vryheid, onafhanklikheid en politieke loopbane. Daar is ook die oorsprong van die treurige verskynsel van onbetaamlik en halfgeklede meisies, met geskilderde gesigte en half-naakte liggame, waarvan die strate van ons groot stede wemel. Hulle is miskien die dogters van moeders wat te verhewe is vir die eenvoudige werk om hulle dogters op te voed tot vroulike vrouens wat deugdelik en ordentelik is. Terwyl hulle besig was met politieke vergaderings of met organisasies vir die verbetering van die mensdom, het hulle vergeet dat hulle kinders tuis opgroei sonder die sorg van 'n moeder, en sonder die voorbeeld wat 'n moeder alleen kan gee.

"Nee, ek dink ons sal nog almal die dag belewe wanneer die stemreg sal verwerp word as van geen waarde nie. Ons sal ons rug draai vir 'n vrou wat haar eerste toespraak in die Volksraad hou, en ons sal die vrou met 'n babatjie in haar arms aanskou as die werklike weldoenster van die wêreld."

Ander onderwerpe waaroor die redakteur geskryf het, was "Opvoeding vir meisies om ma's te wees, nie werkendes", "Die moeder en die huis", "Wat maak 'n vrou 'n ware huisvrou" en "Beter boeke in u huis". 'n Almanak wat as bonus vir lesers in 'n uitgawe van 1933 gepubliseer is, het die bekende "... en die hand wat die wieg beweeg, is die hand wat die wêreld regeer" onder die illustrasie gehad.

Terwyl Die Huisvrou haar plek aan die een kant van die spektrum van tydskrifte ingeneem het met haar beleid van "oorwegend godsdienstige" inhoud, het die derde Afrikaanse tydskrif dan seker die skaal gebalanseer met hãar inhoud.

Rooi Rose is in 1942 deur die skrywer Mark Preston (die skrywersnaam vir Hendrik Potgieter) gestig. Die blad het net een uitgawe beleef. Daarna het Potgieter dit aan M V Jooste en A M van Schoor (van die Afrikaanse Pers) persoonlik verkoop, wat dit in 1944 heruitgegee het. Hulle het dit in Mei 1946 verkoop aan die Afrikaanse Pers. In Mei 1960 het dit 'n tweeweklikse plek van 'n maandelikse tydskrif geword.

Volgens alle getuienis was Rooi Rose meer gemik op sensasie en goedkoop liefdesverhale as om 'n tradisie van goeie vrouebladjoernalistiek te wil skep en voort te sit. Haar uitgewers het hulle daarop geroem dat sy geen letterkundige pretensies het nie. Die eerste Rooi Rose se slagspreuk was "Die drama van die lewe in sy naakte waarheid". Die redakteur skryf in dié eerste uitgawe (April 1942): "Soos met die meeste Afrikaanse tydskrifte, het dit maar moeilik - byna onmoontlik gegaan om 'n ou plekkie in ons eie Afrikaanse tuin vir ROOI ROSE te verky.

"Die boompie was reeds daar, gereed om tussen die sierlikes en veelkleuriges 'n stukkie aarde te bekom - al sou dit dan eenkant en alleen in die hoek van ons uitgebreide letterkundige tuin wees."

In die tweede uitgawe (Augustus 1944; met die slagspreuk "Moderne maandblad vir Suid-Afrika") skryf die redaksie onder



meer "'Rooi Rose' word geheel en al gewy aan die romantiek van ons eie Suid-Afrikaanse lewe ... Ons wil graag van u lewenservaringe te wete kom - enigiets wat in u lewe gebeur het wat ander lesers kan leer, lei of besiel. Veral wil ons ware lewensverhale hê. Moontlik iets uit u liefdeslewe ... Moenie terugdeins omdat u nie hooggeleerd of nie 'n skrywer is nie - ons wil die suiwere taal van die hart hê."

Toe SARIE in Julie 1949 op straat verskyn was Die Huisvrou en Rooi Rose reeds gevestigde tydskrifte. SARIE sou in sy inhoud in die middel van die spektrum staan, maar met 'n gesofistikeerde aanslag wat nie tevore in Suid-Afrika ervaar is nie.

Tot in daardie stadium is aan vryetydsleesstof nie veel vir die "ontwikkelde" Afrikaanse vrou gedoen nie. Sy moes tevrede wees met die genoemde vrouetydskrifte, of die vrouerubrieke in bestaande tydskrifte soos Die Huisgenoot of Die Landbouweekblad, of die enkele "vroueblad" in die dagbladpers wat in daardie stadium in elk geval net twee keer per week verskyn het, waarvan een keer die sg. sosiale blad was. Die Afrikaanse radiodiens se Vrouerubriek is kort tevore gestig deur twee vroue wat 'n noue verbintenis met SARIE gehad het: Christa Steyn in Johannesburg, lid van die eerste redaksie, en Audrey Blignault in Kaapstad, wat sowat twee dekades lank sinoniem met SARIE was.

Geen wonder nie dat SARIE met soveel geesdrif ontvang is dat sy op die eerste dag binne 'n paar uur uitverkoop was en jy as "uit" 8) beskou is as jy nié SARIE gelees het nie. In 'n

8) Dr Chris Albertyn in persoonlike korespondensie

latere hoofstuk meer oor die reaksie op SARIE se verskyning.

Sirkulasiesyfers van Rooi Rose en Die Huisvrou sover dit vasgestel kon word:

Samuel Griffith & Kie het in 1960 uit die Kaapse middestad na Observatory getrek. Volgens die maatskappy is alle ou dokumente weggegooi. Die dokumente van Die Huisvrou van nā 1960 is sowat 'n jaar nadat die blad verkoop is, weggegooi. Niemand by die maatskappy kon die blad se sirkulasiesyfer van voor 1958 verstrek nie.

Sirkulasie-syfers van Rooi Rose en Die Huisvrou soos verkry van die ABC (die buro kon slegs syfers vanaf 1958 verskaf, hoewel dit reeds in 1948 gestig is):

	<u>ROOI ROSE</u>		<u>DIE HUISVROU</u>	
	<u>JAN-JUN</u>	<u>JUL-DES</u>	<u>JAN-JUN</u>	<u>JUL-DES</u>
1958	93 935	92 261	12 849	12 707
1959	91 229	88 357	19 867	25 382
1960	92 150	81 677	24 857	24 237
1961	92 293	88 690	-	22 831
1962	90 902	94 233	23 458	22 844
1963	97 127	97 752	21 989	21 970
1964	103 983	99 376	20 088	19 269
1965	119 209	127 013	20 251	19 159
1966	134 426	140 449	-	21 987
1967	147 087	147 771	22 318	-
1968	150 641	164 298	22 458	23 822
1969	163 521	172 032	23 794	25 292
1970	169 885	181 129	22 099	20 963

	<u>ROOI ROSE</u>		<u>DIE HUISVROU</u>	
	<u>JAN-JUN</u>	<u>JUL-DES</u>	<u>JAN-JUN</u>	<u>JUL-DES</u>
1971	175 358	162 412	22 358	-
1972	141 926	141 104	21 106	11 349
1973	152 451	149 409	11 585	10 328
1974	156 719	147 946	10 073	10 091
1975	-	156 981	11 886	-
1976	176 126	186 224		
1977	191 442	188 365		
1978	191 958	181 150		
1979	180 190	190 256		
1980	211 993	217 473		
1981	220 726	218 664		
1982	209 449	201 213		
1983	203 567	204 925		
1985	183 441			

- = geen sertifikaat by ABC ingedien nie

DIE HUISVROU - Dinsdag 3 Mei 1922 - 5 SEP 1922 - Prijs - DRIE PENNIES

Het u al u Nuwe Wintertabberdjie gekies (SIE - BINNEKANT)

# DIE HUISVROU



'N WEEKBLAD VIR MOEDERS EN DOGTERS

# DIE HUISVROU

35c



ALLES VIR DIE BRUIJ  
bruidsrokke en hooftoisels  
kumbuistee-rympies

HEKELPATRONE:  
pragtige sjaal in filetsteek.  
onderbaadjies en doilies

Die eerste (Mei 1922) en die laaste (Maart 1976) voorblaaie van Die Huisvrou. Eersgenoemde se formaat was 27 x 17 cm; laasgenoemde 32 x 21 cm.

26 Maart 1942

# Rooi ROSE

WENDEL UITSLUITLIK OOR ONS EIE ROMANTIEK



Foto: Met. R. van der Merwe



APRIL 1942

Die eerste Rooi Rose (April 1942)  
Formaat: 24½ x 18 cm

3. DIE BOEREVROU, EERSTE AFRIKAANSE VROUETYDSKRIF, EN HAAR  
"ERFGENAAM" SARIE

Die Boerevrou het dertien jaar van 1919 tot 1931 maandeliks verskyn, die eerste twee jaar as Die Boerevrou. Deur haar hele bestaan is sy liefderik deur redaksie en lesers Die Vroutjie genoem 1).

As eerste Afrikaanse nasionale vroueblad, hoewel taamlik Transvaals vanweë die aard van haar sirkulasie, het sy baanbrekerswerk in die Suid-Afrikaanse tydskrifwese gedoen, as vroueblad, vanselfsprekend, maar ook as tydskrif in Suid-Afrika.

In die heel eerste uitgawe van SARIE (6 Julie 1949), op die eerste blad, bring die eerste redakteur van SARIE, Fred le Roux, hulde aan die baanbrekers van die vrouetydskrifjoernalistiek.

Hy skryf van die "dankbaarheid" en "bewondering" vir die skeppers van die eerste Afrikaanse vroueblad: dankbaarheid, omdat hulle die moeilikste, die padmakerswerk, gedoen het vir almal wat nã hulle sou kom; bewondering, omdat hulle die toegeneentheid en die liefde van hul leseresse sã gewen het dat Die Boerevrou in daardie stadium nog vars in hul herinnering was.

Volgens Le Roux het Die Boerevrou 'n peil gehandhaaf wat enige Afrikaanse tydskrif haar kon beny.

Dit was net logies dat die Nasionale Pers se vrouetydskrif in die voetspore van diẽ voorganger sou trap en die lojaliteit wat teenoor Die Boerevrou bestaan het, sou probeer erf.

1) Mabel Malherbe, Die Boerevrou-boek, J L van Schaik, Pretoria 1950

Die twee mense wie se foto's op die eerste blad van SARIE afgedruk staan, is nog 'n teken van die SARIE-redaksie se hoë dunk en verering van Die Boerevrou. Hulle was Mabel Malherbe, eienaar-redakteur, en M E R, eerste assistent-redakteur.

Mev Malherbe (1879 - 1964) was 'n mooi Rex, afstammeling van die befaamde George Rex van Knysna. Sy het met die hulp van mev Koopmans De Wet drie jaar in Nederland verpleegopleiding gekry. By haar terugkeer het sy haar aan liefdadigheid gewy en 'n prominente plek in die bestuur van verskeie vroue-organisasies verwerf. Sy het getrou met Kenne N de Kock Malherbe, 'n prokureur, wat jare lank die skuldelaas van Die Boerevrou gedra het:

Mev Malherbe het net advertensies vir "goeie" produkte aanvaar, hoewel sy altyd gehoop het dat die tydskrif deur advertensies gedra sou kon word. Uiteindelik was die las te groot en kon Die Boerevrou nie voortbestaan nie.

Die Boerevrou se advertensies het soos koerant-advertensies gelyk: klein, met 'n hele aantal op dieselfde blad. Room-afskieurs, "Moir's Jelleipoeier" en "Chilprufe" onderklere is onder meer geadverteer; lg.: "Ons het ook in Voorraad alles in Chulprufe vir Bijbie".

Daar is ook ruimte gelaat vir die sogenaamde geklassifiseerde persoonlike berigte. Die eerste blad van die eerste uitgawe (Maart 1919) is blanko gelaat daarvoor, met slegs die volgende daarop: "Gereserveer voor kleine Advertensies (als dit kan Geboorte, Trouw en Sterf Berigte) 2/6 per 24 woorde en 1d per woord ekstra".

Oor mev Malherbe se advertensiebeleid skryf M E R in haar outobiografiese vertelling, My beskeie deel 2): "Die inkomste was natuurlik van intekenaars en advertensies, veral - soos met al sulke blaaië die geval is - van advertensies. Onse sirkulasie, hoewel goed, was nooit baie groot nie, nie soos dië van vandag se tydskrifte nie, en wat advertensies betref, 'n buitengewone faktor het die inkomste daaruit beïnvloed."

Mev Malherbe "was keurig besorg oor die kwaliteit van wat sy gegee het: dit moes onbesproke wees. Hier het sy dikwels in 'n pynlike vertwyfeling geraak, want sy was vasbeslote dat niks skadeliks in Die Boerevrou geadverteer sou word nie. Onder haar leseresse, dit het sy geweet, was ook eenvoudiges wat onder die indruk van die gedrukte woord sou kom, veral in 'n blad wat regstreeks vir hulle bedoel was; hulle sou glo wat in Die Boerevrou staan - en sê nou dit was nie waar nie?

"Geen drankadvertensie is toegelaat nie. Advertensies van patente medisynes is eers aan 'n betroubare geneesheer voorgelê en alleen as hy sê dat geen kwaad in die aanbevole middel skuil nie, is dit geplaas. Met dieselfde sorg het die redaktrise alles nagegaan wat uit onse kantoor na die drukkers gestuur is. Ek onthou van 'n konsternasie wat eenkeer die hele driemanskap van die personeel ontstel het. 'n Leseres het, in antwoord op die vraag van 'n ander leseres na 'n ontsmettingsmiddel, 'Cooper's Dip' aanbeveel. Hierdie antwoord is goedgekeur en is met ander kopie na die drukkers aangestuur deur die Hoof. Maar daardie

nag kon sy nie slaap nie. Sê nou die raad van die 'Cooper's Dip' word gevolg; sê nou 'n kind kom daarby en kry dit op die een of ander manier in - word siek - sterf! Nee! Iets moes aangevang word om dit te voorkom!

"Baie vroeg die volgende môre bel sy die drukkers. Die kopie van gister, hoe ver is hulle daarmee? - O, byna afgehandel, mevrou. Ag! Nou, maar daar is iets in wat verwyder moet word! Wag tog, ek kom self!

"Ses- of aghonderd gedrukte blaaië moes eenkant toe gegooi word, geen ander uitweg nie! Dit was maar swaar om die hardverdiende geld daarvoor te betaal, maar nie so swaar as gewetenswroeging nie!

"So iets het darem nooit weer gebeur nie. Maar die afkeur van advertensies het ook menig geldjie van die Malherbe-beurs weggekeer. Die goeie Kenne moes meer as een keer aan die end van die maand 'n tekort aansuiwer - kamma al klaend, maar steeds gewillig om sy Mabel te help aan haar plesier in haar Boerevrou."

Mev Malherbe was die eerste vroulike burgemeester in Suid-Afrika (Pretoria, 1931 - '32) en die tweede vrou (die eerste Afrikaanse vrou) wat tot die Parlement verkies is (1933 - '38) 3).

Buiten M E R se verskeie "volkstake", soos lidmaatskap van die Carnegiekommissie, het sy ook in ander redaksies baanbrekerswerk gedoen.

Albei vroue het in die eerste uitgawe van SARIE 'n bydrae gelewer - 'n bewys van die liefdevolle band wat SARIE met Die Boerevrou opgetel het en die tradisie waarin SARIE wou volg.

3) Standard Encyclopaedia of Southern Africa, bundel 7, Nasou, Kaapstad, 1970



Mev Malherbe se artikel verskyn met Die Boerevrou se leuse:  
Ek sien haar win as opskrif.

In die prikkel vir die stuk skryf SARIE MARAIS se redaksie:  
"Dit verskaf die redaksie van 'Sarie Marais' besondere genoë om in die blad se eerste nommer die baanbrekende werk van 'Die Boerevrou' in herinnering te roep en te eer. Met die staking van hierdie eerste vroueblad in Afrikaans het mev Malherbe in 'n afskeidsboodskap geskryf: 'Gedenk aan alles wat goed was in die verlede en skeep daaruit moed vir die toekoms.' Dis met daardie moed dat 'Sarie Marais', 'n nuwe vroueblad, in die moeilike omstandighede van vandag die lig sien. Waar 'Die Boerevrou' in die verlede 'n groot en edel doel nagestreef het en ongelukkig moes ophou om te verskyn, wil 'Sarie Marais' sy voorganger se oogmerk sy eie maak en opnuut probeer voorsien in die behoeftes van die vrou van Suid-Afrika."

Mev Malherbe skryf in haar artikel dat van alles wat sy al in haar lewe aangepak het, Die Boerevrou haar lieflingswerk was. "Dit was (as ek dit so mag uitdruk) my eie skepping, en daarin het ek uitgestort al my gedagtes en ideale; dit was iets lewendigs wat onder my hand gegroei het en wat ek kon stuur in die rigting wat ek wou. En dit kan 'n mens nie met gebaande weg of met 'n kind van vlees en bloed doen nie!"

Die idee van 'n vrouetydskrif het by haar ontstaan toe sy onder meer sekretaresse van die hoofbestuur van die Nasionale Vroueparty en lid van die hoofbestuur van die Vrouefederasie was, en "honderde briewe van oor die hele land" gekry het. Op kongresse en met takbesoek op dorpe het sy ook onder die indruk gekom van die skreiende behoefte aan hulp, "soos leesstof, wenke

oor huishouding, oor siektes, ens, ens, kortom oor die lewe." Die tydskrif se inhoud moes "eenvoudig en aantreklik opgestel en in ons eie taal wees, sodat die eenvoudigste ou vrou tjie daar op die platteland nut en plesier daaruit kon kry." 4)

Hier volg etlike aanhalings uit mev Malherbe se voorwoord in die eerste uitgawe van Die Boerevrou (toe nog -vrou):

"Die Boerevrou is 'n Maandblad vir die Afrikaanse vrou. Ons is nou moeg daarvan om altyd in 'n uithoekje van tydskrifte (bij die kinder afdeling) een, of miskien twee bladsije te krij wat aan ons belange gewij is!

"Die twintigste eeuw word met reg genoem die eeuw van die kind - daar is groot vooruitgang op alle gebied in die behandeling en opvoeding van kinders.

"Nou kom die tijd van die vrou aan!

"Die moeder, die met liefde gekroonde koningin van ieder gelukkige huisgesin, is en sal tog altyd blij die middelpunt van alle geestelike ontwikkeling van 'n volk.

"Die moeders en vrouens van 'n Volk vorm die siel daarvan - - Mans en seuns (en in die teenwoordige tijd die dogters ook) word opgelei vir hulle lewenswerk, maar die vrou, wat die moeilikste en meeste gewigtige roeping het, moet maar deur foute en bittere lijdung haar opleiding krij: en ondertussen lij die hele huisgesin!

"Als die Afrikaanse vrou nou gaat insien dat haar roeping

4) Mabel Malherbe, Artikel "Ek sien haar win", SARIE, 6 Julie 1949

als moeder en vrouw tog wel degelik eis dat sij dink en leer sal dit vir ons Volk van baje groot waarde wees.

"Dan groei ons seker tot 'n groot Volk, want dit hang tog alles van die moeders af.

"Als 'n vrouw haar huis met kennis regeer, - kennis van gesondheidsleer en huishoudkunde en die kinders 'n gevoel kan inwortel van die waarde van, op ieder gebied, met vaste kennis te werk te gaan, en niks op goed geluk of toeval laat nie, sal die kinders dit seker baje ver bring en grote dinge vir land en volk doen.

"Als die Afrikaanse vrouw leer te dink en te lees, en die goeie dinge wat sij so leer toe te pas op die huishoudelike lewe, is daar 'n grote toekoms vir haar kinders.

"Misskien is dit 'n baje idealistiese voorwoord en 'n bietje hoogdrawend vir 'n gewone vrouwebladje, wat helemaal nie wil poseer vir iets biesonder letterkundig of hooggeleerd nie, maar tog, sonder ideale kom ons nêrens nie.

"Ons hoop dat ieder Afrikaanse vrouw die hele land deur sal saam werk om die Boerevrou werkelik die mondstuk van ons vrouwens te maak. Hulle moet voel dat die blad aan hulle behoer en dat hulle vrij is om raad en wenke te gee en te vra; om te kritiseer en, as hulle iets op die hart het dit dan deur middel van ons blad aan ons ander landgenote bekend te maak."

Sy doen ook 'n beroep op intekenare:

"Sal intekenare wat graag wil sien dat die 'Boerevrou' vooruit

gaan en groter en beter word asseblief onthou dat hulle die saak die beste vooruit help om bij die winkels te koop die in ons blad adverteer, (en tog viral nooit vergeet om die 'Boerevrou' te noem als hulle iets bestel)."

En dan 'n versoek:

"Alle dames wat net proefnummers bestel het of nie intekengeld gestuur het nie, moet asseblief die bon vooraan invul en opstuur om seker te wees van ons tweede uitgawe."

Vir mev Malherbe was Die Boerevrou haar eerste joernalistieke ervaring - wat wys wat 'n wener sy in eie persoon was. Sy skryf dat sy bitter onervare was, en ook veels te onafhanklik om hulp en raad te vra.

"As ek terug dink, dan is ek verbaas dat ons dit sover gebring het." En 'n bewys van die vertrouwe wat sy in haarself gehad het: "As ek toe die kennis gehad het wat ek nou besit, sou Die Boerevrou vandag nog bestaan het."

'n Vrou koop nie maklik iets vir haarself uit die huistoelaag nie. Mev Malherbe skryf 5): "Destyds was daar bitter min Afrikaanse leesstof, en dit het moeite gekos om Pa te oortuig dat Ma ook 'n eie tydskrif wou hê en nie net 'n paar bladsye by die kinderafdeling nie." Die Boerevrou het 10s per jaar vir 12 uitgawes gekos - en volgens mev Malherbe het huishoudings in daardie tyd waarskynlik reeds Die Huisgenoot, Die Brandwag en Die Kerkbode gekry. "Nou is dit al 'n gewoonte om die waarde van sulke leesstof te ken, maar ons baanbrekers op daardie gebied moes die swaar weg baan."

5) Malherbe, op.cit.

Die Boerevrou se kenteken en "voorbladnoodi" van elke uitgawe was Anton van Wouw se beeldjie Nooientjie van die Onderveld. Soms is slegs die gesig van die beeld, soms die hele beeld as voorblad gebruik (sien die eerste en laaste voorblaaie aan die einde van hoofstuk).

Die eerste uitgawe het 32 bladsye bevat, wat naderhand vermeerder het tot 52. Die formaat was 31 x 22 cm. As illustrasie by artikels en advertensies is sketse, tekeninge en lino-sneë gebruik - verder aan word die een en ander oor Pierneef se lino-sneë geskryf.

Ek kon nie daarin slaag om die sirkulasie van Die Boerevrou vas te stel nie. Die Suid-Afrikaanse ABC (Oudit-Buro vir Sirkulasie) is eers in 1948 gestig. Die Boerevrou is in 1931 gestaak.

Mev Malherbe het die kappie en die klere wat Van Wouw as model vir die beeld gebruik het, by die Van Wouws aan huis gesien, waar sy die geskiedenis daarvan gehoor het. Van Wouw het die uitrusting van 'n landdros van Rustenburg (die eertydse "Onderveld") gekry, wat seker was dat dit 'n outentieke Voortrekkerkostuum was 6).

Die Boerevrou-spreuk "Ek sien haar win, want haar naam is vrou en moeder", is met Jan Celliers se verloff uit sy gedig By Die Vrouebetoging geneem.

Albei kunstenaars was groot vriende van Die Boerevrou. Die gebruik van hul werk, getuig van die hoë peil wat Die Boerevrou vir haarself gestel en gehandhaaf het.

6) Malherbe, op. cit.

Vir Celliers was die briewe van leseresse wat in die briewe-rubriek, Om die Koffietafel, gepubliseer is, kosbare stukkies geskiedenis. Hy het op 'n keer aan mev Malherbe gesê 7) dat dit alleen al Die Boerevrou se bestaan regverdig. "Hoewel," sê mev Malherbe in die voorwoord tot die bloemlesing Die Boerevrou-boek (1950), "ons nooit probeer het om voor te gee as iets meer te wees as suiwer vroueblad nie."

Die Boerevrou-boek, hoewel 'n hartsbegeerte van mev Malherbe, is geïnspireer tot uiteindelijke daad deur 'n Nederlandse en 'n Vlaamse vrou, mev J Bouws en M van de Walle, mense wat mev Malherbe tydens haar studieverblyf in Nederland leer ken het. Die Boerevrou-boek is een van twee bundels wat uit 'n keur van Die Boerevrou saamgestel is. Die tweede was getitel Juwele wat steeds bekoor (1952).

Die Boerevrou het bewus en onbewus die wording van die twintigste-eeuse Afrikaner weergegee. As eerste Afrikaanse vroueblad was sy in baie gevalle die eerste leesstof wat baie plattelandse vroue in Transvaal in hul eie taal gekry het.

"Ek dink nou dat die grotes van ons op die gebied van kuns in al sy vertakkinge besef het wat die werk waarmee ons besig was, beteken het, en hulle het gevoel dat die moeder wat die kinders moes baar en groot maak, wat die toekoms van die volk moes bepaal, ook moes sien en hoor en lees hoe die Afrikaanse wording kan wees - vir hulle was niks te goed nie," skryf mev Malherbe, weer in haar voorwoord.

7) Malherbe, op.cit.

Selfs van mense "wat nie graag of maklik skrywe nie", is briewe van waardering vir Die Boerevrou ontvang. "Die Vroutjie" het die hart van ons boerevroue gesteel, het mev Malherbe geskryf.

Die briewe het 'n band tussen redaksie en lesers gevorm. Dat daar meelewing van albei kante was, is duidelik uit die wedersydse reaksies.

"Ons het dikwels die werk op kantoor gestaak om so saam die briewe te lees wat ingestroom het en wat ons onder die afdeling 'Om Die Koffietafel' gepubliseer het."

Dit het 'n waardevolle bydrae gelewer tot wat 'n mens daardie tyd se heemkring-vertellings kan noem. Brokkies uit die Afrikaner se geskiedenis is deur Afrikanervroue aan Die Boerevrou gestuur - wat ons by koerante en tydskrifte vandag die "human interest"-stories noem. Dit was waardevolle herinnerings van mense oor mense en gebruike wat anders verlore sou gegaan het.

Die band tussen die redaksielede, pioniers van die vroue-joernalistiek, was net so nou. Baanbrekerswerk het hulle onder meer gedoen met die versameling van terme vir 'n huishoudkunde-woordeboek.

Hulle het 'n voorbeeld gestel van 'n redaksie wat wel bewus was van hul groot verantwoordelikheid en invloed.

Miem Rothmann (M E R) was van 1922 af ook die eerste redakteur van Die Burger se vroueblad en het as sodanig steeds noue bande met Die Boerevrou gehad.

Van M E R skryf mev Malherbe 8): "Haar spore is oral te sien

8) Malherbe, op.cit.

en ons kan haar nie skei van Die Boerevrou nie." Van haar span, bestaande uit mev Carinus, mev Pienaar ('n niggie van mev Malherbe), M E R en Eva Walters (mev Hubregtse), skryf mev Malherbe 9): "Ons wat aan Die Vroutjie gearbei het, was 'n groep wat sonder wanklank saamgewerk en met groot liefde en toewyding alles in ons vermoë gedoen het om Die Boerevrou werklik 'n oop venster op die lewe te maak, vir die boerevrou en haar gesin op die eensame plase - 'n venster waardeur sy kon kyk en voeling hou met die wêreld daar buite, en ook haar eie so kosbare en onmisbare plek in ons samelewing leer besef."

Mev Hubregtse (die skrywer Eva Walters) het aan die versameling van huishoudelike terme vir die woordeboek van prof J J Smith gewerk. Mev Pienaar, niggie van mev Malherbe, was as 't ware die eerste Afrikaanse "agony aunt". Sy het op versoeke om raad talryke briewe aan lesers geskryf - soos mev Malherbe skryf (aandagstreep en al): " - Nogal 'n belangrike taak!"

In Die Boerevrou-boek skryf mev Malherbe sy hoop dat mense verby die baie letterkundige bydraes moet kyk, dat dit eintlik 'n vroueblad is, "bestem ook vir die ongekinstelde vroue van die platteland en dat na die gedagte van die meeste van ons vriende die bekoring juis daarin gelê het dat daar iets naïefs in die skryftrant was - wat gepas het by die eenvoud en opregtheid van die leseresse."

Hoewel mev Malherbe sê dit was bedoel vir selfs die mees ongekinstelde vrou op die platteland, en sonder om dit te betwyfel - is dit ook waar dat van Suid-Afrika se bekendste

9) Malherbe, op.cit.



skrywers en kunstenaars bygedra het tot dié maandblad.

Baie digters se werk is vir die eerste keer in Die Boerevrou gepubliseer.

Eugène Marais se Waar Tebes in die Stil Woestyn is vir die eerste uitgawe in Maart 1919 geskryf. Volgens mev Malherbe was M E R dadelik verlief op dié "poëtiese uiting" van Marais, en wou sy dit tot haar dood met niks anders in ons letterkunde vergelyk nie. M E R het oor Marais geskryf: "Ons was altyd baie trots op sy bydraes - dit het vanself gespreek. As ou lid en liefhebber van Die Boerevrou voel ek vandag ... nog trotser daarop, en ek dink ook net soos ons hom en sy werk waardeer het, so het hy ook die doel en strewe van Die Boerevrou raakgesien en waardeer." 10)

Mev Malherbe het gevoel dat Die Boerevrou haar bestaan geregverdig het sowel as 'n groot diens aan ons letterkunde betoon het deur soveel uit Eugène Marais uit te lok - hoewel "dikwels met baie moeite en soebat". 'n Groot gedeelte van sy werk, prosa en poësie, het vir die eerste keer in Die Boerevrou verskyn 11). Hy was 'n neef van mev Malherbe en mev Pienaar. Toe hy na Heidelberg (Transvaal) verhuis het, het hy A G Visser aangespoor om bydraes te lewer 12).

Marais het blykbaar haastig en vinnig gewerk, maar dit het lank geduur vir sy gedagtes om "ryp" te word voordat hy "gewaag het om die vrug van sy verbeelding te pluk". 13)

10) M E R, op.cit. ,

11) Malherbe, op.cit.

12) Malherbe, op.cit.

13) F Guillaume Marais du Toit, Eugène Marais, sy bydrae tot Afrikaanse Letterkunde, Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1940

Laladini is 'n voorbeeld. Marais het op 'n oggend die kantoor van Die Boerevrou besoek. Mev Malherbe het daarop aangedring dat hy iets skryf voordat hy loop. Hy het ingewillig, en die gedig is by haar op kantoor geskrywe, "daar en dan, sonder verandering of verbetering" (Marais se eie woorde soos geskryf deur mev Malherbe in Die Boerevrou-boek).

Mabalel en Dwaalstories is onder die werke wat vir die eerste keer in Die Boerevrou gelees kon word. Alles wat hy in Die Boerevrou geskryf het, is later in boekvorm uitgegee.

Van A G Visser se werk het ook vir die eerste keer in Die Boerevrou verskyn. 'n Bekende Nederlandse skrywer, Top Naeff, het - op versoek "van ons troue vriendin, Lea Rompel," 'n verhaal geskryf. Riekie Postma en Trudie Kestell het oor Voortrekkerdrag geskryf.

Die Boerevrou is dus deur bekendes as "iets meer as net 'n vroueblad" beskou.

Toon van den Heever was nog 'n digter wat gereeld bydraes gestuur het. Hy het vir die blad 'n vervolgv verhaal, Avontuur van 'n Onnut, uit die Duits van Von Eichendorff vertaal.

Omdat hy bevriend was met die jonger lede van mev Malherbe se familie, was dit vir mev Malherbe maklik om hom, soos Marais, om bydraes te nader.

Onder die digters wat bydraes gestuur het, was C Louis Leipoldt - "n troue ondersteuner en milde gewer" 14). Hy en dr Anne Cleaver was die eerste skooldokters in Transvaal.

14) Malherbe, op.cit.

"Tog het hulle albei tyd en lus gehad om gedurig stukke oor tuisverpleging en raad vir siekte vir ons blad te voltooi", skryf mev Malherbe in 'n naskrif by 'n gedig van Leipoldt in Die Boerevrou-boek.

'n Anekdote oor sy werk vertel van die "taamlike deurmekaar bondel manuskripte" wat hy in sy wastafel se laaitjie gekry het. Daaronder was sy Dingaansdag-verse, wat Die Boerevrou met groot vreugde in 'n Desember-uitgawe gebruik het. Pierneef het 'n "paar vlugtige tekeninge" (volgens mev Malherbe) daarby gemaak.

Sy skryf: "Vandag besef ek eers ten volle watter kosbare bydrae ons so gedurig ontvang het. Dikwels het die werk van ons kunstenaars wat later beroemd geword het en 'n ereplek in ons samelewing verwerf het, eerste in Die Boerevrou verskyn." 15)

Pierneef se oorspronklike tekeninge wat as illustrasies by dié verse gedien het, was nie meer te vinde vir hergebruik in Die Boerevrou-boek nie. Hy het ewe gewillig al die sketse oorgeteken vir die publikasie van die gedig in die boek: "So 'n vriend van Die Boerevrou is hy!" het mev Malherbe dié vertellinkie afgesluit.

'n Geëerde en gereelde bydraer was oud-president F W Reitz. Op 'n keer het hy oor die opening van die brug oor die Vaalrivier by Vereeniging geskryf.

Daar het hy en die Transvaalse president, Paul Kruger, kennis-gemaak. Samuel Marks, van Lewis en Marks se steenkoolmyne by Vereeniging, was ook aanwesig, en 'n predikant natuurlik, want die brug moes behoorlik geopen word.

15) Malherbe, op.cit.

16) Malherbe, Die Boerevrou-boek

Ná die diens het almal saam gaan eet. "Oom Sammie," skryf oud-president Reitz, "presenteer die president 'n glas champagne, maar oom Paul bedank glimlaggend daarvoor met die opmerking dat hy 'sulke goed nie drink nie'.

"'n Paar minute sit hy toe die heer Marks ernstig en aankyk en sê: 'Sam, daar is een ding wat ek baie graag wil doen voor ek doodgaan'.

'Wat is dit, president,' vra die heer Marks.

'Ek sou graag 'n Christen van jou maak.'

'Nee, President,' antwoord hy, 'as jy dit kon doen, sou jy my uit die land moet verban, want 'n bekeerde Jood deug tog glad nie. Hy's altyd skelm.'"

(Nou, dié anekdote het niks met hierdie verhandeling te doen nie, maar wie kan so 'n rosyntjie weerstaan as jy tussen 'n klomp deeg daarop afkom?)

Die Boerevrou het aktief aan al wat Afrikaner- en Afrikaanse gebeurtenis was, deelgeneem. Daardeur het sy haar doel uitgeleef om die Afrikanervolk 'n eie trots en selfrespek te gee.

Oor 'n monument wat op die plek van 'n konsentrasiekamp by Heidelberg opgerig is, is roerend verslag gedoen.

Die Boerevrou het 'n aandeel daarin gehad dat Anton van Wouw se burgerbeelde wat deel is van die Krugerstandbeeld op Pretoria se Kerkplein, na Suid-Afrika teruggekom het. Oor die opspoor en terugbring van die beelde is gereeld verslag gedoen. Dit was direk deur Die Boerevrou se bemoeiing dat die vermiste dele opgespoor is en na Suid-Afrika teruggebring is. Die hele proses is oor 'n tydperk van sowat twee jaar van 1920 tot 1922

getrou in Die Boerevrou weergegee.

Toe die beelde in die werkplaas van die destydse Publieke Werke in Pretoria aankom, het Anton van Wouw en mev Hjalmar Reitz vir mev Malherbe by Die Boerevrou-kantoor gaan haal om saam te gaan.

Sy skryf 16): "Toe die eerste paneel sorgvuldig uitgehaal word, sien ek die kunstenaar daar staan, diep bewoë en die tranes rol oor sy wange sonder dat hy daarop let."

"Ons het afdrukke van die portrette (van die panele van die Krugerstandbeeld, in Engeland ná die Vryheidsoorlog) in Die Boerevrou geplaas met 'n onderskrif waarin ons die vurige wens uitgespreek het dat die burgers weer na die vaderland mag terugkeer."

Dit was een van die groot sake waarmee Die Boerevrou gehelp het. Dit illustreer weer haar eintlike strewe; soos mev Malherbe dit stel: "Terwyl ons besig was om op alle gebiede van die lewe vir die vrou hulp en raad te gee, wou ons aldeur help om 'n nasionale gees, 'n nasionale trots, by hulle aan te kweek."

Die Boerevrou het bygedra tot die stigting van die Voortrekkerbeweging en daarná haar volle gewig - as 'n mens maar so na 'n vrouetydskrif kan verwys! - daarin gegooi.

Dat die opheffing en opvoeding van die Afrikanervrou Die Boerevrou erns was, getuig Die Boerevrou-bond.

16) Malherbe, Die Boerevrou-boek

Die gedagte was om die vroue van die platteland saam te snoer en hulle te help om op ekonomiese gebied hulself te help. Dit was een van Die Boerevrou se geslaagde ondernemings. Gou is by die 100 takke gestig.

Met die stigting van die Landbou-unie se vroue-spruitsels - die VLV en die TVF - is Die Boerevrou-bond se takke aan hulle oorgedra omdat "die strekking en doel (daarvan) presies was wat ons in Die Boerevrou-bond beoog het ... Hulle het met daardie hulp vinnig gegroei en doen tot vandag kostelike werk vir die vrou op die plaas". 17)

In die dertien jaar van Die Boerevrou se bestaan het die Vrouefederasie elke maand twee bladsye tot sy beskikking gehad.

Nog 'n groot onderneming was 'n gesondheidsafdeling. Drr C Louis Leipoldt en Anne Cleaver het "goed opgestelde, en geïllustreerde stukke" bygedra.

'n Tandarts het oor die versorging van tande geskryf, en liggaamsoefening en dieet het aandag gekry. "Ons het baie aandag gewy aan gebalanseerde dieet, 'n onderwerp wat toe nog iets nuuts was onder ons. En ek dink ons kan met waarheid sê dat ons 'n bietjie gehelp het om die hostelkind van die platteland te red van die amper suiwer styselkos-dieet wat hy gekry het." 18)

Mev Malherbe het in Holland drie jaar opleiding as verpleegster geniet. Dié kennis sowel as haar goeie Hollands-Afrikaanse woordeskat het meegehelp tot gesondheidsartikels van hoë peil.

17) Malherbe, op.cit.

18) Malherbe, op.cit.

Die Boerevrou se gewildste afdeling was "Om die Koffietafel". Lesers is onder meer aangemoedig om te vertel van hul wedervaringe in die Tweede Vryheidsoorlog. Maandeliks is 'n silwerlepeltjie gegee vir die skrywer van die mooiste of belangrikste brief. Kosbare brokkies geskiedenis is sō bymekaar gemaak.

Ou Afrikaans-Hollandse liedjies is van die vergetelheid gered deurdat lesers die woorde wat hulle uit hul kinderjare onthou het, aan Die Boerevrou gestuur het. Dit het 'n kettingreaksie veroorsaak. Baie is behoue wat anders verlore sou gewees het.

'n Uiting van trots op die eie het altyd 'n belangrike posisie gekry. 'n Tekening deur Erich Mayer van 'n antieke bakkis wat op Libertas by Stellenbosch in gebruik was, is geplaas saam met 'n artikel deur sy vrou, Marga Gutter. Ou meubels (vandag antiek genoem!), huise in die Kaaps-Hollandse boustyl, mooi breekgoed, ens., is as nuuswaardig gedek. Mense kon familie-registers van Die Boerevrou bestel.

Die baie demonstrasies, lesings en lesersdae wat vandag 'n vaste gebruik by ons tydskrifte is, het by Die Boerevrou begin. Mej Gutter en haar man het nā haar opleiding in Nederland verskeie reise op die platteland gemaak en lesings oor gesondheid en voedingsleer vir Die Boerevrou gehou.

Hulle het die waardige leefwyse van die vrou van Noordwes-Kaapland wat in matjieshuise en in kookskerms gewoon en gewerk het, beskryf en geïllustreer.

'n Artikel is geplaas oor tipiese boerehuise in verskillende streke, met illustrasies deur Pierneef; 'n ander deur 'n argitek,

met die nodige sketse, oor hoe om 'n esteties bevredigende huis van 'n aantal rondawels te maak. Historiese huise van Kaapstad en "deftige Afrikaanse" wonings het aandag gekry. Gerhard Moerdijk was hiervoor verantwoordelik en het vrae beantwoord.

'n Groot probleem was die skryfwyse van Afrikaans.

In die begin, sê mev Malherbe, het hulle "ik" en "baje" geskryf, wat prof J J Smith van Stellenbosch "n kwaai brief" laat stuur het "oor hoe ons reken om 'n Afrikaanse blad uit te gee, en ons weet nie eens hoe om ek en baie te skryf nie." 19)

Toe word Gustav Preller weer vir hulle kwaad en sê hulle maak die taal te plat deur dit te skryf soos prof Smith wou hê. Preller, toe by Die Volksstem, het gevolglik vir Louis Hiemstra, ook 'n redaksielid, gevra om Die Boerevrou se blaai te proeflees.

In die eerste Boerevrou word na die intekenvorm as die bon verwys. Mev Malherbe het waarskynlik die Nederlandse woord vir koepon of intekenvorm gebruik vanweë haar kennis van die Nederlandse taal, want volgens mnr Johan Spies 20), samesteller van die Tweetalige Woordeboek, is dit onwaarskynlik dat bon vroeër 'n gebruikswoord was.

Oor Hiemstra se taalversorging van Die Boerevrou skryf M E R in My beskeie deel:

"Dit was ook wel deeglik nodig. Van ons drie was ek eintlik die skrywer, en my Afrikaans was nooit van die sekuurste nie; in die stilligheid het ek maar saamgestem met president Reitz, wat in daardie dae gesê het: 'Laat die mense tog spel soos hulle wil!' Hierdie geheime verlanse van my, net soos van die

19) Malherbe, op.cit.

20) Spies in persoonlike oesprek



president, kon natuurlik nooit tot vervulling kom nie, maar dit het ons albei seker in die weg gestaan by die aanleer van die suiwer taal, soos van tyd tot tyd weer vasgestel deur die deskundiges (onder wie ook Louis). Een taalsiekte wat in my geslag aangebore is, is die neiging tot anglisismes; my Afrikaans het, soos helaas vandag nog, hoewel minder erg, 'gewemel daarvan'. Louis moes my kopie goed deurstreep en ek moes telkens erken dat dit nodig was. Net een maal, sover ek onthou, het ek my versit. Ek het naamlik in die ingestuurde resepte altyd die eiers laat klits: Louis het volgehou dat hulle gekluts word, iets wat my so onnatuurlik geklink het dat ek op my tande gebyt en dit weer na klits verander het. Ek meen ook dat ek daar gewen het, want vandag klits alle Afrikaners hul eiers.

"Ja, hy moes deur die jare hulpeloos toesien, tot vandag toe, hoe die vroumense sukkel en soek na Afrikaanse woorde, in plaas van die Engels waarmee hulle grootgeword het. Ek self was skuldig aan die toebroodjie. Dit was toe ek in Die Burger se redaksie was en ek en Ida Theron (van Die Huisgenoot) geen woord vir 'sandwich' kon kry nie. Onse ou mense het seker net enkel snye gebruik! Ek het gedink aan 'toe tertjie' teenoor 'oop tertjie', en toe maar die toebroodjie-woord in my artikels gebruik. Dit het posgevat. Almal was bly om 'sandwich' na sy eie taal te laat vaar. En nou vra die woordeboek se opstellers, en ook Louis, of ek dan nie geweet het van die gebruik, veral in Noordwes-Kaapland, van planksny nie. Ek het spyt; maar 'toebroodjie' het klaarblyklik nou vasgegroeï.

Dit kon in elk geval erger gewees het!"

Hiemstra het naderhand tot groot hoogte die skryf- en spelreëls by Die Burger, die Nasionale Pers (en gevolglik, dink ons graag, die hele Suid-Afrika), bepaal. Hy was jare lank lid van die Taalkommissie.

Die Boerevrou-redaksie het hulle Hiemstra se veranderings laat welgeval, "maar dit het ook nie altyd gestryk nie". Eugène Marais was blykbaar so kwaad oor veranderings aan sy werk dat dit later so gelaat is - met die byvoeging: "op versoek van die skrywer onveranderd gelaat".

Een van die tameletjies was Afrikaanse huishoudkundige terme. Wie vantevore moes in Afrikaans oor vleisbereiding skryf?

Die Boerevrou se kos-artikels is alles in Engels gedoen deur mev Van Tulleken en Jeanette van Duyn. Mev Malherbe het gevolglik "gereeld na die mark" gegaan met haar koskopie "om raad by 'n Afrikaanse blokman te kry" oor die geskikte benamings vir vleisdele. "Fillet, het hy op 'n dag gesê, is deur sy moeder hasie genoem." Mev Malherbe onthou toe dat sy in Nederland dit as ossehaas geken het 21).

Die bruilof is myns insiens een van die interessantste artikels wat in die dertien jaar van Die Boerevrou se bestaan verskyn het. As daar ruimte was, het ek dit net so hier weergegee.

21) Malherbe, op.cit.

Dié artikel is geskryf met die gebruik van "opregte" Afrikaanse" woorde nadat Die Boerevrou 'n wedstryd uitgeskryf het waarin lesers gevra is om lysies van sulke woorde vir dinge van daaglikse gebruik te stuur.

Prof Smith, samesteller van die woordeboek, was so in sy skik met die reaksie dat hy maandeliks 'n prys vir die beste lys gegee het. Die Bruilof is 'n sinvolle sameflansing van die interessantste van dié woorde - 'n juweel.

Die gedagte om hul lesers huishoudelike woorde te vra, was briljant. Dié woordelys is drie jaar volgehou.

Mooi klere, natuurlik, is 'n belangrike deel van 'n vroueblad, en vir die modeskrywers was dit 'n braak land. Mev Malherbe skryf: "Met tabberdstowwe was dit ewe swaar. Baie van die woorde wat later ingelyf is in ons Afrikaanse taal; het ons in daardie dae gaandeweg letterlik gemaak." 22)

Die soort klere wat aandag gekry het, het mev Malherbe soos volg beskryf 23): "Modes ... wat nie te uiters was nie, sodat die boervrou wat nie aldag kisklere kan koop nie, ook 'n tweede en derde jaar haar klere kon dra, met miskien hier en daar 'n verandering."

Die Boerevrou, hoofsaaklik gerig op die plattelandse vrou, het gereken die dorps- en stadsvrou wat Die Boerevrou lees, en wat 'n groter behoefte aan modes het, kan dit uit ander tydskrifte kry.

22) Malherbe, op.cit.

23) Malherbe, op.cit.

Al die "gewone" afdelings van 'n hedendaagse vroueblad, soos brei- en hekelwerk - en hoede maak was destyds blykbaar ook 'n "gewone" saak! - het aandag geniet. Mev Malherbe is 'n maand lank Londen toe om reëlings te tref vir patrone wat gereeld aangestuur is.

Maar dit was, wat kleredrag betref, hoofsaaklik die dra van Voortrekkerdrag wat Die Boerevrou wou bevorder.

Sy het sketse geplaas van egte Voortrekkerkappies, met beskrywings in besonderheid sodat 'n mens dit ook kon maak. Sy wou hê dat Afrikaners op feesdae Voortrekkerdrag as volksdrag moes dra.

Mev Malherbe meen Die Boerevrou het daadwerklik gehelp om Voortrekkerdrag "mode" 24) te maak. M E R het baanbrekerswerk op dié gebied gedoen.

Sommige uitgawes het 'n spesiale tema gehad, bv. die Desember-uitgawe, "altyd geskik vir gebruik by Dingaansfees en ook vir Kersfees."

Daar was selfs ... 'n mielienommer. "Mielieresepte is geplaas, ons het gewys hoe om mielieblare te vleg en hoede daarvan te maak, oud-president Reitz het versies gestuur, M E R het Mieliedogter, 'n sangspel vir kinders, geskryf, Eugène Marais Mielies van Nooitgedag, ens."

Mev Malherbe onderstreep die genot wat hulle as redaksie aan die "mielienommer" gehad het: "Kry ek dit reg as ek so daarvan vertel, om dit te laat deurstraal watter plesier, watter innige genot die opstel van daardie uitgawe my verskaf

24) Malherbe, op.cit.

het?" 25)

Oor die groot genot wat mev Malherbe in Die Boerevrou gehad het, skryf M E R in My beskeie deel:

"Vir mev Malherbe was Die Boerevrou tot baie groot plesier. Ek sien haar nou nog by haar lessenaar sit met die maand se stukke voor haar, besig om die 'dummy' op te stel - artikels, 'Koffietafel-briewe', stories, versies, illustrasies, dekorasies, bladvullings. Ek sien haar elke stuk, elke brokkie en krummel met die genoeë hantêer waarmee 'n jong moeder haar enigste dogtertjie aantrek en linte in die hare bind. Die aanknopings wat die blad bewerk het met so 'n menigte vroue, gretig vir hierdie leesstof, was ook vir haar sielsvoedend. Dit was in haar aard om te help en te gee aan dié wat moes ontbeer; sy kon gebrek nêrens aansien sonder om dit te probeer verhelp nie."

Hul beste spesiale uitgawe, na mev Malherbe se oordeel, was die Kruger-uitgawe van 1925, met die eeufees van sy geboortedag. Een van die talle merkwaardighede daarin is 'n dokument van min. Piet Grobler, onderteken deur genl. Smuts, pres. Reitz en min. Grobler, wat die mite van die "Krugermiljoene" beslis weerspreek. "Dit het toe vir die eerste keer in druk verskyn" 26) - met ander woorde: 'n scoop vir ons eerste Afrikaanse vroueblad!

'n Belangrike deel van 'n vrouetydskrif se opvoedingstaak lê in sy kinderblaaië. In Die Boerevrou is die kinderafdeling Die Fakkeldraer genoem, later Ons Kleintjie, genoem na Ons Klyntji van die Eerste Taalbeweging.

25) Malherbe, op.cit.

26) Malherbe, op.cit.

Selfs die bydraers tot dié afdeling lees soos 'n Who's who van Afrikaanse kunstenaars en ander vooraanstaande Afrikaners van daardie tyd: Eugène Marais, A G Visser, C Louis Leipoldt, M E R, H A Fagan, dr C Visser, Sita, Hettie Cillié, C M van den Heever, H G Bruwer, Eva Walters, Pierneef, Erich Mayer, Reenen van Reenen, Gladys Zeiler, Else Lourens, Sara Niemeyer, oud-president Reitz, H Viljoen, Marie Linde, Albert Coetzee, Miemie Louw Theron en mev Carinus Holtzhausen, wat die afdeling ook behartig het.

"Oom Jan wat versies maak" het baie gediggies uit Wellington aan Die Boerevrou gestuur. Dié "oom Jan" was C P Hoogenhout.

Sy seun, dr N M Hoogenhout, het op 'n dag op versoek van sy vader 'n bundel van Ons Klyntji na Die Boerevrou se kantoor gebring. Die Boerevrou se kinderblad is in daardie stadium nog Die Fakkeldraer genoem. "Toe ons Ons Klyntji in die hande kry, het ons dadelik besluit om ons byblad te herdoop en sedert dié tyd was dit bekend as Ons Kleintjie. Dié naam was vir ons mooi, maar ons het dit ook gedoen ter ere van Oom Jan."

Toe Die Boerevrou in 1931 weens die depressie moes sluit, skryf mev Malherbe in haar afskeidsgroet aan lesers: dat dit weens redes buite hulself is dat hulle nie kan voortgaan nie, "want ons is nog net so gewillig en gretig as ooit om die werk (die groot volkswerk soos ons dit beskou) voort te sit."

Sy gee 'n uiteensetting van die omstandighede van adverteerders wat nie langer kán adverteer nie. "Dus het niemand eintlik skuld daaraan dat ons 'Vroutjie' nou haar winterslaap moet aanvaar nie.

"Maar ons glo stellig dat al wat gebeur met 'n goeie doel vir ons gestuur word, en dat, al lyk dit nou vir ons onverstaanbaar, dat 'n werk wat met liefde en toewyding en onvermoeid gedoen word, en wat bepaald so nodig is, nou moet gestaak word, tog is dit seker die beste wat ons in die omstandighede kan doen.

"Dus moet ek u, liewe vriendinne, vandag 'n tydelike vaarwel toeroep, nie soos een sonder hoop in die toekoms nie, maar met dankbaarheid vir wat ons in die verlede vir mekaar gewees het, en met die innige hoop dat ons verder mekaar sal bly dien, indien nie deur middel van die blad nie, dan wel op ander maniere.

"Ons is almal besig om 'n nasie te bou, en van u, elkeen afsonderlik, en van my sal dit afhang of ons suiwer bou of nie. Dit sal nie help om te treur oor wat nie kan voortgesit word nie, maar wel om te gedenk aan al wat goed was in die verlede, en daaruit moed te skeep vir wat nog voorlê.

"Dus, liewe susters, eindig ek met 'n vriendelike groet van ons, die driemanskap hier op kantoor. Ek sou nie in staat wees om te sluit sonder om my getroue vriendinne en onvermoeide en lojale medewerksters ook hierin te noem nie, aan wie soveel van ons sukses te danke is."

Sō eindig die eerste Afrikaanse vroueblad, waarvan M E R later die inhoud as niks minder nie as waardevolle Africana bestempel het.

Tog het mev Malherbe onwetend 'n waar woord gesprek van "die vroujie wat in haar winterslaap gegaan het".

'n Hele ruk gesluimer, af en toe effens opgeskrik as die direksie van die Nasionale Pers die woord vroueblad op sy vergaderings genoem het, maar dan weer ingesink in haar slaap.

Totdat die Direksie uiteindelik besluit het om tōg wel iets aan die saak te doen.



# DIE Boerevrou.

1. No. 1.]

25 MAART 1919.

[Prys



It was her win,  
what her name  
was - Vrouw en Moeder.

25 Maart 1979

Die voorblad van die eerste  
uitgawe

Formaat: 31 x 22 cm

SOUTH AFRICAN PRESS - BUREAU  
9 DEC 1931

# Die Boerevrou en Ons Kleintjie

Desember 1931  
Die laaste uitgawe  
Formaat: 31 x 22 cm



#### 4. DIE ONTSTAAN VAN AMERIKAANSE POPULÊRE TYDSKRIFTE EN 'N VERGELYKING TUSSEN DIË TYDSKRIFTE IN DIE VEERTIGER/VYFTIGERJARE EN SARIE

Die populêre tydskrif, soos ons dit vandag ken, is grootliks 'n uitvloeisel van die Amerikaanse leefwyse, wat soos op soveel ander terreine die aanwyser van die nuwe kultuur in die "nuwe wêreld" is.

Die moderne nasionale Amerikaanse tydskrif het volgens Magazines in the Twentieth Century 1) iewers in die laaste dekades van die negentiende eeu ontstaan. Tydskrifte het toe reeds 150 jaar in Amerika bestaan.

Die eerste is in Februarie 1741 gedruk, by name American Magazine, or A Monthly View of the Political State of the British Colony. Soos maar altyd (of dan gewoonlik) die geval met tydskrifte is, is dit uit kompetisie gebore. Dit het die Historical Chronicle met drie dae geklop.

Die geskiedenis van dië twee eerste tydskrifte was maar min of meer dieselfde as wat later in Suid-Afrika met die geboorte van die tydskrif-bedryf ondervind is: geeneen het lank bestaan nie; eersgenoemde drie maande, laasgenoemde ses maande.

Dit was die geval met al die tydskrifte wat hulle in die volgende 150 jaar sou volg: lae inkomste, lae sirkulasiesyfer, lae advertensievolume, kort lewe.

Soos in Suid-Afrika, het afstand 'n groot rol gespeel. Die meeste tydskrifte is in die onmiddellike omgewing van publikasie versprei.

Hoewel 'n vergelyking getref kan word tussen die ontstaan van die Suid-Afrikaanse tydskrifwese en dië van Amerika, moet 'n mens onthou

1) Theodore Petersen: Magazines in the Twentieth Century, University of Illinois Press, 1956

dat verhoudingsgewys daar geen vergelyking kan wees nie. Die getal tydskrifte in Amerika het van 100 in 1865 tot 3 300 in 1885 gestyg.

In 1900 was daar sowat 50 nasionale tydskrifte, met sirkulasiesyfers van meer as 100 000. Dit het stilweg die tydskrif-revolusie van Amerika ingelui.

In die laaste dekade van die vorige eeu kon Amerikaners kies tussen 'n groot verskeidenheid van tydskrifte. Onder hulle was wetenskapydskrifte soos Popular Science Monthly, reis- en ontdekkingsblaaie soos National Geographic, binneversiering soos Home Arts, selfs oor babasorg: Babyhood. 'n Voorloper van die moderne foto-tydskrifte was Harper's Weekly.

So te sê enige en elke bedrywigheid in Amerika het 'n tydskrif gehad. Nogtans was die gewone burger in dardie jare nog nie 'n tydskrifleser nie. Dit was omdat die sg. "maandelikse kwaliteits-tydskrifte" soos Harper's en Scribner's gemik was op die hoë inkomste- en intellektuele groep. Hulle was bokant die gewone burger se intellektuele en finansiële vermoëns.

Aan die ander kant van die skaal was daar goedkoop "weeklies", bestaande uit sentimentele stories. Tussenin was maar min tydskrifte met 'n aanvaarbare prys en algemene aantrekkingskrag.

Daarby het dit gewoonlik ook gelyk of die redaksies meer Europees-georiënteerd as Amerikaans was deurdat hulle hoofsaaklik oor die leefwyse in die stamlande geskryf het.

Toe Scribner's 'n artikel 2) oor Franse kuns geplaas het met reproduksies van naaktonele as illustrasie, was die ontvangs in Amerika glad nie waffers nie. 'n Bankier, onder andere, het aan die redakteur geskryf "dat 'n jong vroulike lid van hierdie huis-

houding, nadat sy die artikel gesien het, met 'n sagte uitroep van ontsetting uit die kamer gevlug het".

Ondanks al die probleme, was daar 'n groeiende vraag na 'n koopbare tydskrif met 'n populêre aanslag. Stadig het redakteurs en uitgewers hul tydskrifte daarvolgens begin redigeer en sō die grondslag vir die moderne nasionale Amerikaanse tydskrif gelê.

Wat nodig was, was 'n medium wat die adverteerder se boodskap na 'n groot leespubliek en oor 'n groot gebied kon versprei.

Die hele verandering in die handel het hierin gehelp. Die groot afdelingswinkels het in die tydperk 1876 tot 1900 hul beslag gekry en in die nuwe eeu 'n bloeitydperk beleef. Voorheen was daar min vooraf verpakte produkte: aptekers het parfuum uit 'n groot fles verkoop, die kruidenier meel uit die meeltrommel.

Met die koms van vooraf verpakte ware het dit vir die vervaardigers nodig geword om hul handelsmerke te adverteer sodat die verbruiker dit kon leer ken en koop.

Terselfdertyd het die drukkersbedryf gevorder. Hy kon groot oplae hanteer, skedulering van tydgebonde artikels (en advertensies!) was moontlik, vervoer het verbeter, ens.

Teen dié agtergrond is die goedkoop tydskrif met 'n groot sirkulasie gebore.

'n Nuwe tydskrif-beginsel is in dieselfde tyd geformuleer: jy kon 'n groot sirkulasie bou deur 'n tydskrif vir heelwat minder as sy produksiekoste te verkoop en jou wins te maak uit jou advertensievolume, wat weer met 'n groot sirkulasie saamgehang het.

Die eerste vrouetydskrif van belang in die nuwe era was die Ladies' Home Journal, wat in Desember 1883 verskyn het. Dit het behoort aan een van die pers-entrepreneurs van daardie tyd, Cyrus Curtis.

Die LHJ het ontwikkel uit die Tribune and Farmer, 'n blad waarin Curtis in die begin van sy loopbaan 'n vennoot was. Sy vrou, onvergenoeg oor sy keuse van wat in die vrouerubriek verskyn het, het die afdeling oorgeneem. Dit het so gewild geword dat hy besluit het om dit apart uit te gee met sy vrou as redakteur.

Die Tribune and Farmer is nā 'n stryery aan die vennoot oorgelaat, en hy het eienaar van die LHJ gebly. Diē tydskrif het in 1883 sy honderdjarige bestaan stylvol gevier, en met reg, want dit het 'n nuwe standaard gestel en was een van die eerste tydskrifte wat 'n sirkulasie van 'n miljoen bereik het.

Toe Edward Bok, nog 'n groot naam in die vroeë Amerikaanse tydskrifbedryf, die LHJ in Oktober 1889 oorgeneem het, was die sirkulasie al 440 000. Onder die skuilnaam Ruth Ashmore het hy 'n rubriek begin waarin lesersbriewe beantwoord is.

Later het hy dit aan 'n vrou oorgelaat, omdat die vrae "te intiem" vir sy oë geword het! Hy het nietemin raad gegee oor hoe om babas te versorg en klavier te speel, oor Bybelstudie en binneversiering. Hy het veldtogte gevoer teen Franse modes (om Amerikaanse modes te bevorder), teen die doodmaak van voëls om vroue se hoede met die vere te versier, teen geslagsiektes. Hy het die bekendste skrywers gebruik om verhale te skryf.

Hiermee het hy vrouetydskrifte verlos van die bose kring van soet sentimentaliteit wat so lank met hulle sinoniem was, van

moralisering en oordrewe godsdienstigheid.

Bok het gehelp om vrouetydskrifte 'n diensmiddel vir hul lesers te maak, gerig op hul smaak en hul praktiese probleme.

Die kenmerke van die populêre tydskrif van die twintigste eeu is maklik te onderskei 3):

1. Hulle het goedkoop geword.
2. 'n Groot sirkulasie vanweë hul lae prys deur massaproduksie en massaverspreiding oor die hele land.
3. Die advertensievolume wat deur die groot sirkulasie gelok word, het essensieel geword vir die sukses van 'n goedkoop tydskrif.
4. Die inhoud het populêr geword namate redakteurs en uitgewers hul nuwe leserspubliek bereik het.

Redaksionele inhoud het gerig geraak op die probleme en belange van die lesers soos nooit tevore nie, nie op 'n te hoë vlak nie, maar ook nie te laag nie: die middeweg van die publieke smaak.

Tydskrifte het deel van hul lesers se lewe geword. Selfverbetering was 'n kenmerk van die Amerika van die negentigerjare.

Edward Bok van die LHJ het 'n direkte bydrae daartoe gelewer deur vir jong vroue se opleiding aan konservatoriums te betaal as hulle die vereiste aantal subskripsies op die LHJ werf. Dié plan het hy later uitgebrei om kollege-opleiding in te sluit. Cosmopolitan het 'n korrespondensie-universiteit geborg. Tydskrifte het op talle maniere die lewenstandaard van hul lesers probeer beïnvloed 4).

3) Petersen, op.cit. pp.13-14

4) Petersen, op.cit. p.15

Die einste Bok het argitekthe opdrag gegee om planne op te stel wat die woonhuisargitekthe van die land sou verbeter. Die planne is in hul duisende verkoop. Hy het ook portfolio's van kunsafdrukke gepubliseer om die gehalte van prente wat die Amerikaanse huismure versier het, te verbeter.

ADVERTENSIES se groei en effek

Tydskrifte het in hierdie eeu 'n besliste deel geword van die bemakingstelsel in die Verenigde State, en dan ook in die res van die Westerse wêreld.

Dit het die uitgewer van 'n handelaar in redaksionele ware verander in 'n handelaar in verbruiksgoedere.

Advertensies in Amerika het gegroei van die eerste advertensie, bestaande uit vier reëls in 1741 se General Magazine and Historical Chronicle, tot advertensies wat, tot groot vreugde van adverteerders, maar minder van ernstige lesers 5), van agter in die tydskrif vorentoe en tot tussen die redaksionele inhoud geskuif het - en nou as 't ware dikteer waar hulle in 'n tydskrif wil staan; 'n wêreldwye fenomeen.

Die ekonomiese voor- of rampspoed van 'n land kan eintlik geles word in die hoeveelheid advertensies in die media en die bedrag wat daarop gespandeer word 6).

Daar is nie meer na die koper net as leser van die blad gekyk nie, maar na die koper ook as verbruiker.

Dit het meegebring dat sirkulasie nie meer as 'n maatskappy-geheim gesien is nie, maar as 'n openlike magswaapen in 'n wêreld van

5) Petersen, op.cit., p.21

6) Petersen, op.cit., p.23

verbruikers. 'n Audit Bureau of Circulations (ABC) het in 1914 as gevolg daarvan ontstaan 7).

Tydskrifte het self begin marknavorsing doen oor hul leserspubliek om potensiële adverteerders te oortuig dat hul produk op die regte mark gerig is as hulle in 'n besondere blad adverteer (soos ook deesdae in Suid-Afrika gedoen word).

Die tegniese sy van tydskrifte is ook geraak. Die formaat en uitleg van tydskrifte het sedert die koms van advertensies op minstens vier maniere verbeter 8):

bladsy-groottes is gestandaardiseer; redaksionele inhoud en advertensies kon langs mekaar staan; mooi advertensies het tot gevolg gehad dat die aanbieding van die redaksionele inhoud aantrekliker gemaak is; dit het die gebruik van kleur in tydskrifte verhoog.

Interessantheidshalwe kan die koste en risiko's verbonde aan die stigting van 'n nuwe tydskrif in 1949 in Amerika vergelyk word met wat dr Chris Albertyn te sê het oor die koste en risiko's verbonde aan SARIE se stigting in dieselfde jaar in Suid-Afrika (hoofstuk 6 oor aanvoerwerk vir SARIE).

Volgens Harlan Logan 9), 'n uitgewerskonsultant en 'n gewese uitgewer van Scribner's, sou dié syfers in 1949 in Amerika die volgende beloop het (ek noem net die relevante kategorieë, nie dié soos van nuustydskrifte nie): (Syfers in miljoene)

7) Petersen, op.cit., p.27

Die Suid-Afrikaanse Oudit-Buro van Sirkulasie (ABC) is in 1948 gestig

8) Petersen, op.cit., p.32

9) Petersen, op.cit., p.76



<u>Tydskrif-</u> <u>kategorie:</u>	<u>Vir gevestigde</u> <u>uitgewer</u>	<u>Vir nuwe</u> <u>uitgewer</u>	<u>Kans op sukses, selfs</u> <u>met genoemde belegging</u>	
			<u>Vir gevestigde</u> <u>uitgewer</u>	<u>Vir nuwe</u> <u>uitgewer</u>
Algemene weekblad	\$5 tot \$10	\$7,5 tot \$15	2 teen 1	3 teen 1
Algemene maandblad	\$2,5 tot \$5	\$4 tot \$7	7 teen 1	10 teen 1
Vrouediens- blad	\$3,5 tot \$7,5	\$5 tot \$10	2 teen 1	3 teen 1

Die heelwat groter bedrae en risiko's om 'n tydskrif in Amerika te stig, is waarskynlik die gevolg van 'n vol besette mark, die reeds gevestigde blaaie (dus streng kompetisie) en die heelwat groter oplae wat gedruk sou moes word. In Suid-Afrika het SARIE teen Rooi Rose, Die Huisvrou, haar sustertydskrif Die Huisgenoot en The Outspan gekompeteer. In vergelyking met wat 'n nuwe tydskrif in Amerika moes trotseer, dus nie veel nie, maar verhoudinggewys vir Suid-Afrika se getalle, en die wesenlik klein Afrikaanse leesmark, tog ook 'n aansienlike risiko.

Nog 'n interessante vergelyking is wat bydraers tot vrouetydskrifte in Amerika betaal is, met wat Fred le Roux in die vroeë jare van SARIE vir byvoorbeeld kortverhaalskrywers kon betaal (10).

Cosmopolitan het byvoorbeeld vir sy skrywers \$5 000 per kortverhaal betaal. 'n Vervolgverhaal het tot \$40 000 verdien - en dit was in die vroeë dertigerjare! 'n Mens moet egter byvoeg dat "redelike" gemiddeldes eerder sowat \$2 500 en \$25 000 onderskeidelik beloop het.

Die opvatting het ontstaan dat die tydskrifwêreld baie soos die lewe self is: 'n tydskrif word gebore, lewe 'n aantal jare; is soms meer suksesvol, en sterf uiteindelik.

10) SARIE kon £3 per 1 000 woorde betaal

Waarom het tydskrifte wat hulself lank en goed gehandhaaf het, uiteindelik gesterf? Daar is geen klinkklare oorsake nie, buiten dat navorsers meen dat sukses en mislukking beslis verwant is 11).

Een oorsaak is dat 'n redakteur onwillig word om sy redaksionele inhoud te verander sodra hy agterkom sy resep werk. Dit word dan 'n probleem as tye en belange verander en hy hom nie daarby aanpas nie.

Uiteraard sterf so 'n tydskrif dan 'n stadige dood. Aangesien geen tydskrif 'n ideale resep kan handhaaf wat lesers vir ewig sal boei nie, is die "ideale resep" juis om daardie resep van tyd tot tyd baie subtiel aan te pas sodat die blad altyd by sy lesers en hul belange bly.

Onder die suksesvolle Amerikaanse tydskrifte wat hul inhoud so by hul tyd en dae aangepas het, is Woman's Home Companion. Dié van 1955 was heeltemal anders as dié van 1920.

Die grootste gebod om in die mark te bly is: "Stel vas wat jou lesers wil hê, en gee hulle dit. En gee dit gereeld." 12)

Talle tydskrifte het groot doelstellings (causes) nagestreef.

As belangrike draers van advertensies het tydskrifte beslis 'n rol gespeel in die verhoging van die lewenstandaard in die twintigste-eeuse Amerika. Hulle het baie van die waardes van die Amerikaanse gemeenskap benadruk 13). Een daarvan was materiële sukses, 'n nuwe-produk van die Calvinisme wat, so sê sommige geleerdes, aan die kapitalisme godsdienstige regverdiging gegee het 14).

11) Petersen, op.cit., pp.153-156

12) Petersen, op.cit., p.200

13) Petersen, op.cit., pp.153-156

14) Petersen, op.cit., pp.388-389

Tydskrifte het gesindhede beïnvloed; baie bygedra om valse waarnemings die nek in te slaan - en dan sekerlik ook om ander te beklemtoon. So het dit bygedra om diskriminasie teen vroue te help verlig met onder meer 'n advertensie van 'n vroulike model wat rook. 'n Model by name Betty Honeyman is in 1927 afgeneem met 'n Marlboro-sigaret in die mond. Dit was die begin van die uitwissing van die kontensie dat vroue wat rook, waarlik gevalle vroue is. So ook het tydskrifte die cocktail 'n nasionale instelling gemaak deurdat hulle die stigma van mans en vroue wat saam drink, as 't ware uitgevee het. Maar tydskrifte moet ook die blaam daarvoor kry dat hulle 'n pseudo-wêreld geskep het wat lesers kon verwar met die werklikheid rondom hulle 15).

Anders as Afrikaanse tydskrifte soos SARIE en Die Huisgenoot, wat verhale van literêre standaard wou plaas en geplaas het, het Amerika se populêre tydskrifte nie so 'n groot bydrae tot hul letterkunde gedoen nie. Dit was eerder 'n geval van goeie gebruik maak van talent nadat dit ontdek is, soos die talle verhale van die Nobel-prysweners William Faulkner en Ernest Hemingway wat verskyn het. Nogtans is heelwat kortverhale en romans in boekvorm uitgegee nadat hulle in tydskrifte verskyn het 16).

Opsommend oor die tydskrifwese in Amerika, die volgende 17):

1. Tydskrifte was in sekere mate verantwoordelik vir sosiale en politieke hervorming in die eerste vyftig jaar van die eeu - die voorlopers van die groot Amerikaanse nuustydskrifte van vandag wat 'n groot rol in meningvorming speel.

15) Petersen, op.cit., p.392

16) Petersen, op.cit., p.393

17) Petersen, op.cit., pp.393-396

Onderskeie tydskrifte in die eerste helfte van die eeu het die Demokratiese sowel as die Republikeinse ideale aangehang, en voorbrand gemaak vir sake soos vrouestemreg, ouderdomspensioen, versekering, behuising, ens.

2. Tydskrifte het nie net nuus en gebeurtenisse vir hul lesers geïnterpreteer nie, maar dit ook in 'n nasionale perspektief geplaas, wat geen ander medium in daardie stadium kon doen nie. Omdat Amerika so 'n groot land is waarin gebiede verdeel word deur verskillende belange en politieke rigtings, en geen nasionale koerante bestaan het nie, kon tydskrifte gebeurtenisse weergee sonder territoriale of seksionele vooroordeel.
3. Hulle het bygedra tot 'n nasionale eenheid onder Amerikaners deurdat 'n landwye kulturele band tussen lesers gevorm is.
4. Hulle het aan miljoene Amerikaners vermaak teen 'n betaalbare prys verskaf, sodat tydskrifte in Amerika die plek ingeneem het wat boeke in ander lande beklee.
5. Hulle was vir miljoene Amerikaners goedkoop instruktors in die daaglikse lewe. Hulle het raad gegee oor kindersorg, oor huweliks- en geldprobleme, oor binneversiering, tuinmaak, kosmaak. Hulle het leiding verskaf oor velsorg, modes, haarstyle, en instruksies oor hoe om klere te maak, truië te brei, boekrakke, stoele en tafels te timmer, selfs hoe om huise te bou om dit alles in te plaas.
6. Vir die gewone man en vrou was hulle 'n opvoeder, 'n universiteit vir kulturele geskiedenis en ontwikkeling van die Amerikaanse volk. Tegelykertyd was hulle 'n toonvenster van die land se kultuur en lewenstyl.

## 5. UIT DIE NOTULES

SARIE het maar met rukke en stote ontstaan as volgens die Nasionale Pers se direksienotules geoordeel moet word.

Die sage gaan sō, met verwysings, soos hulle voorkom, na ander relevante publikasies en verwante gebeurtenisse wat direk of indirek met SARIE of die tydskrifwese oor die algemeen te doen het.

Die letterlike kroniek uit die Pers se notules word chronologies en soos dit aangeteken is, weergegee. Die uittreksels dek die eerste twintig jaar, tot die aanstelling van die tweede redakteur, toe die sirkulasie op 'n destydse hoogtepunt was - deur die 100 000-grens.

\* Op 23 Maart 1916 word die "proefblad" van Die Huisgenoot goedgekeur, met die aanbeveling dat die "Jongemensperzoon" op die voorblad verander moet word sodat hy meer "als een Afrikaanse boerenzoon daar sal uitsien".

\* Die eerste nommer van Die Huisgenoot verskyn op 26 Mei 1916. Toe het die eerste redakteur, adv H G G de Waal, 'n ervare tydskrif-man, reeds op 1 Mei bedank. Prof J J Smith van Stellenbosch het hom opgevolg.

\* Op 9 September 1916 word die beginsel van 'n "Landbou Weekblad" goedgekeur. 'n Verslag moes nog aan die Direksie voorgelê word.

En ... 'n vrou tel probleme op met die Direksie: dr Lydia van Niekerk se resensies in Die Huisgenoot, word gemeen, "het 'n nadelige uitwerking op Afrikaanse boekverkope".

Sodanige kritiek, veral uit die pen van Lydia van Niekerk, moet uit Die Huisgenoot "geweer" word.

\* Op 21 November word die "rapport" uitgebring aangaande die uitgee van 'n landbouweekblad in Bloemfontein.

\* Op 23 Januarie 1918 word verslag gedoen dat alle "propagandawerk" vir die landbouweekblad voorlopig gestaak word, en dat die wenslikheid van uitbreiding tot 'n daaglikse uitgawe van Die Volksblad eerder in plaas van 'n landbouweekblad ondersoek word.

\* Op 6 Februarie 1918 word besluit: "Volksblad word nie uitgebrei nie, maar met Landbou Weekblad word voortgegaan."

\* Op 22 September 1921 word besluit dat die hoofartikels in Die Burger voortaan in Afrikaans sal wees.

\* Op 28 September 1923 word die moontlikheid van 'n Engelse weekblad genoem, maar, "geen stappe word gedoen voordat 'n geskikte redakteur gevind is nie".

\* 20 September 1923: "Die Huisgenoot moet so gou moontlik as weekblad uitgegee word."

\* 25 Oktober 1923: 'n Kwessie ontstaan oor die uitgee van Die Huisblad as 'n byblad by Die Landbouweekblad. Dit sou 'n soort vrouetydskrif wees. Daar was vrees dat Die Huisgenoot se verkope ernstig daaronder sou ly. Die tydskrif het toe pas wekluks begin verskyn.

Die notule sê: "Daar bestaan 'n vrees vir ongewenste konkurrensie tussen hierdie twee tydskrifte wat betref intekenaars en meer

bepaald adverteerders." Die "toekomstige gedragslyn" waartoe nā 'n bespreking besluit is, kom daarop neer: Die Huisblad as 'n byblad tot Die Landbouweekblad sou net tot einde 1923 uitgegee word. Geen advertensies mog meer vir Die Huisblad gewerf word nie, en as dit moontlik is, moet dit oorgedra word na Die Landbouweekblad. ... "En indien hy daarin nie slaag nie, dan die advertensie te probeer kry vir Die Huisgenoot. Die Landbouweekblad kon egter rubrieke oor vroue en kinders soos voorheen opneem".

Die "gedragslyn" is egter nie sonder meer aanvaar nie. Op die direksievergadering van

\* 24 Januarie 1924 spreek mnr H J Otto, bestuurder van die Bloemfonteinse kantoor, die vergadering toe, en daar "word besluit om die besluit van 25 Oktober in heroorweging te neem."

\* Op die vergadering van 26 Februarie word nogtans besluit dat Die Huisblad gestaak word. Die laaste uitgawe was, volgens die notule, in Junie 1924. Op dieselfde vergadering is die moontlikheid van 'n Engelse weekblad bespreek.

\* Op 26 Julie 1929 se vergadering word die moontlikheid van 'n vrouebyblad by Die Landbouweekblad weer bespreek. Die byblad, by name Die Huisgesin, sou by Die Landbouweekblad gevoeg word en die Bloemfonteinse kantoor sou dit hanteer. Dit was die eerste en laaste keer dat Die Huisgesin in die notule genoem is.

Dat Die Huisgenoot weer beswaar sou gehad het, was logies, want nou het selfs die naam van die blad baie soos diē van Die Huisgenoot geklink.

\* Op 28 Julie 1933 lui die notule: "Die staking van Die Landbouweekblad is nie wenslik nie." Dit is waarskynlik weens die depressie en die droogte oorweeg. Een van die noodmaatreëls kom in die notule van 24 November 1933 voor: "intekenaars wat agterstallig is, moet voor 31 Januarie betaal."

\* Op 29 Oktober 1937 word vir die eerste keer in die notule aangeteken dat daar sprake is van 'n volwaardige vroueblad vir die Nasionale Pers.

"Die stigting van 'n geïllustreerde vroueblad word goedgekeur en besonderhede sal later voorgelê word." Die lede van die direksie wat by dié nogal geskiedkundige oomblik vir die Afrikaanse vrou teenwoordig was, was adv J H H de Waal (voorsitter), sen. C A van Niekerk, mnr C R Louw, dr J S du Toit en mnr H J Otto (sekretaris). Afwesig was mnre W B de Villiers en P A Malan, dr N J van der Merwe, sen. W A Hofmeyr en dr D F Malan.

Verder het dit toe nie gekom nie. Daar was seker dringender sake waaraan die direksie aandag moes gee. Met die deurgaan deur die lywige notules, op soek na die woord VROUEBLAD, het 'n mens die indruk gekry dat dit nog nie eintlik 'n saak van erns vir die manne was nie ...

Tog, van agterna gesien, was daar voorbodes van wat sou kom:

\* Fred le Roux, wat die eerste redakteur van SARIE sou word, is in Maart 1938 as lid van Die Huisgenoot se redaksie aangestel.

\* Op 29 Oktober 1943 word genotuleer dat Fred le Roux die vroueafdeling waarneem. Sy salaris word met 5 pond verhoog.



\* Op 1 November 1945, meer as agt jaar nadat "die vroueblad" vir die eerste keer goedgekeur is, word weer na die moontlikheid van 'n vroueblad verwys. Genotuleer staan dat die "eventuele" stigting van 'n vroueblad nie die vroueafdelings van Die Landbou-weekblad en "ons ander blaaië" hoef te raak nie.

\* Op 22 Februarie 1946, in die Nasionale Pers se notuleboek no. 3, staan: "Vroueblad: Die stigting van 'n vroueblad word bespreek en opnuut in beginsel goedgekeur."

G'n woord verder nie, al fynkam jy ook die volgende paar maande se notules.

\* Dan, op 29 November 1946 kry die moontlikheid van 'n vroueblad 'n langer inskrywing: "Vroueblad: Die vroueblad as maandblad of weekblad. Daar word besluit om die amptenare van 20 Desember weer die geleentheid te bied om 'n aanbeveling in verband met die verskyning van Die Vroueblad as weekblad vir oorweging aan die Direksie voor te lê."

\* In 20 Desember 1946 se notule word berig: "Die Vroueblad: Daar word besluit dat die vroueblad waarmee gedurende 1947 'n begin gemaak sal word, as 'n maandblad sal verskyn."

\* Maar dan, op 23 Januarie 1947 se vergadering word besluit: "Die Vroueblad: Daar word besluit om af te sien van die uitgee van 'n vroueblad totdat omstandighede daarvoor gunstiger is."

\* Die volgende maand kry die idee nog 'n bietjie aandag voordat dit afgestof en weggebêre word vir latere opdieping. "Vroueblad: Die hoofbestuurder deel mee dat hy in Johannesburg verneem het dat 'n ander drukkerij 'n vroueblad gaan uitgee."

Of hier na Rooi Rose verwys word, is nie seker nie. Volgens beskikbare inligting is Rooi Rose reeds in Mei 1946 deur die Afrikaanse Pers van twee van sy werknemers oorgeneem, nadat hulle dit 'n paar maande tevore gekoop het 1).

Die Nasionale Pers se "Vroueblad" sluimer rustig verder, totdat alles skielik op 'n dag wakker skrik met die vergadering van

\* 29 Julie 1948: "Vroueblad: Dit word aan die Bestuur opgedra om finale aanbevelings vir die aanstelling van 'n redaksie en die uitgee van 'n Vroueblad aan die Direksie voor te lê sodra sekerheid oor die papierposisie verkry is."

As gevolg van strenge invoerbeheer was die beskikbaarheid van papier 'n ernstige saak - as jou papierposisie sleg is, hoe materialiseer 'n nuwe publikasie? Op die direksievergadering van

\* 30 Julie 1948 word die uitgee van 'n tydskrif bespreek, maar nie die van die "Vroueblad" nie, wel 'n Engelse weekblad - 'n Engelse Nasionale weekblad. Dit was kort nadat die regering van dr D F Malan aan bewind gekom het.

Een rede hoekom die Pers nie vir laasgenoemde onderneming kans gesien het nie, was omdat hy "weens produksieprobleme nie so 'n weekblad kon druk nie".

\* Op die volgende maandelikse vergadering kom die vroueblad weer ter sprake: "Stigting Die Vroueblad: Daar word besluit om 'n vroueblad in die lewe te roep. Die blad sal begin Februarie 1949 verskyn en die formaat, van Die Huisgenoot hê, gedruk op Sweedse meganiese papier. Dit word goedgekeur dat die advertensietarief vasgestel word op £30 per bladsy, verkoopprijs op 6d per eksemplaar

1) W van Heerden, "Rooi Rose", South African Standard Encyclopaedia, bundel 7, pp.404-405, Nasou, 1970

en die jaarlikse intekengeld op £1. Daar word kennis geneem dat 'n inkomste van £28 000 van intekengeld en los eksemplare verwag word. 'n Verlies van £10 000 word beraam."

"Redakteur Die Vroueblad: Mnr F J le Roux word aangewys as redakteur van Die Vroueblad in die salarisskaal £1 100 - 50 - 1 500 vanaf September 1948. Mnr Le Roux sal bly waarneem as redakteur van Die Huisgenoot totdat mnr Viljoen in staat is om sy dienste te hervat en reëlings getref is dat Die Huisgenoot-redaksie nie verswak nie."

"Redaksieskale Die Vroueblad: Die volgende redaksieskale vir Die Vroueblad word goedgekeur:

Redakteur: £1 100 - 50 - 1500

Eerste dame-assistente: £420 - 30 - 600

Tweede addisionele Dame-Assistente: £300 - 24 - 504

\* Die volgende melding is in die notule van 26 November 1948:

"Naam van Vroueblad: Die waarnemende sekretaris deel mee dat die bestuurder van tak Kaapstad aanbeveel dat die naam van die vroueblad 'Sarie Marais' sal wees. Die saak staan oor tot die volgende vergadering."

\* Op 17 Desember 1948 is dit toe so:

"Daar word besluit dat die vroueblad 'Sarie Marais' sal heet. Mnr C R Louw bly buite stemming."

In ag geneem die lang ruk om SARIE so ver te kry, het dit nogtans gouer gegaan om haar op straat te kry as wat 'n mens teen dié tyd sou gedink het. Nie al in Februarie soos die direksie met soveel erns en hoop besluit het nie. In die direksievergadering van

\* 25 Februarie 1949 word maar eers die aanstelling van die redaksielede bekragtig. Die verklaring vir die later verskyning was die swak ekonomie van daardie tyd.

Onder Personeelsake word op die vergadering genotuleer dat mev Aletta Bergh aangestel is as tydelike amptenaar vir een jaar in die skaal £540 - 30 - 600, waarby ingesluit is £5 per maand onthaaltoelae; dat mej C Burger van Bloemfontein na die redaksie van SARIE oorgeplaas is in die skaal van £456 - 24 - 504, en dat mej S Keet van die redaksie van Die Huisgenoot teen haar bestaande salaris in die redaksie van Sarie Marais oorgeplaas is.

\* In Maart 1949 word genotuleer: "Toelae: redaksiedames: goedkeuring word daaraan geheg dat 'n toelae wat tot £5 per maand kan beloop, vanaf 1 Maart 1949 betaal word aan die redaksiedames wie se pligte dit meebring dat hulle sosiale funksies bywoon."

\* Op 27 Mei 1949 word genotuleer dat die verspreiding van SARIE aan Central News Agency opgedra word op dieselfde voorwaarde as dié van Die Huisgenoot.

\* Op 24 Junie van daardie jaar word salarisskale vir die redaksies van die hele Pers goedgekeur. Die verskil tussen mans- en vroue-salarisse is interessant: vroulike redaksielede met een jaar diens kry £25 per maand, mans £30 per maand. As jy nege jaar ondervinding het, is die verskil nog groter: £43 vir vroue, £58 vir mans.

SARIE se redaksielede word vereer met 'n aparte inskrywing: die assistent-redakteur kry £46 - 2 - 60 (per maand), en die ander redaksielede: £25 - 3 - 31 - 2 - 49.

\* Op 22 Julie 1949 word 'n rapport oor die verskyning en vordering van SARIE voorgelê. "Daaruit blyk dit dat begin is met 'n oplaag van 35 000 wat binne die 4e week vermeerder is tot 45 400." En "die direksie spreek sy genoeë uit oor die uitstekende werk wat al die betrokke beamptes in verband met die verskyning van hierdie blad gelewer het."

Wat wedstryde betref, word nog teen die vrou gediskrimineer. Op dieselfde vergadering word genotuleer dat Die Huisgenoot £500 kry vir wedstryde "met die doel om die aantal lesers van hierdie blad tot 100 000 te vermeerder". Terselfdertyd word goedgekeur dat SARIE £250 kry vir wedstryde.

\* Op 26 Augustus 1949 word "kennis geneem van verdere sirkulasievordering deur Sarie Marais". En sy kom sommer in die moeilikheid ook. "Kennis word geneem van 'n eis teen Sarie Marais op grond van beweerde laster deur mnr Stathakis van Pretoria."

Die volgende maand word genotuleer dat mnr Stathakis £25 aangebied is.

Ook word genotuleer dat beswaar gemaak is teen die naam Sarie Marais. 'n Maatskappy van Port Elizabeth, Sarie Marais Edms Bpk, "het beswaar (ge)opper teen die naam van ons vroueblad" en daar is "ooreenkomstig senior advokaatsopinie gehandel." Dié saak het niks verder gevorder nie, want volgens Fred le Roux was SARIE se naam toe reeds geregistreer, dié van die skoefabriek Sarie Marais nie.

\* Op 28 Oktober 1949 word gerapporteer dat weens "die papierbeheer" die drukoplae van Die Huisgenoot en SARIE op onderskeidelik

111 150 en 82 000 vasgepen is.

\* Volgens die notule van 27 Januarie 1950 was SARIE se sirkulasie 67 026. Ander Pers-publikasies se syfers vir 1.7.49 - 31.12.49 was:

Die Burger	33 154
Die Huisgenoot:	102 213
Die Jongspan	71 430
Die Volksblad	18 646
Die Landbouweekblad	25 268
Die Oosterlig:	8 899

Die volgende sesmaandsyfers lyk sō:

Die Burger	31 963
Die Volksblad	16 568
Die Oosterlig	7 922
Die Huisgenoot	106 684
Sarie Marais	73 337
Die Landbouweekblad	20 484
Die Jongspan	66 480

Die Huisgenoot en SARIE was die enigste wat nie 'n daling getoon het nie.

\* In die notule van 25 Augustus 1950 word van 'n groot deurbraak vir vroue en toekomstige vroulike arbeidskragte by die Pers berig: "Die dienste-toeslag van 'n getroude vrou, en weduwee wat 'n gesin onderhou, sal in die toekoms volgens die skaal vir getroude mans betaal word."

Die aanleiding hiertoe was mev Blydie Conradie, 'n weduwee met vyf kinders wat in SARIE se redaksie aangestel is. Sy was die eerste wat volgens dié skaal betaal is.

\* In die tydperk 1.7.1950 tot 31.12.50 was advertensietariewe per kolomduim per duisend van die sirkulasie vir 52 plasinge in SARIE 3s, teenoor 2s 8d in Die Burger, 4s 4d in Die Volksblad, 6s 6d in Die Oosterlig, 2s 6d in Die Huisgenoot, 2s 7d in Die Jongspan en 4s 5d in Die Landbouweekblad.

\* Op 23 Februarie 1951 word genotuleer dat "Die beginsel dat die sirkulasie van die verskillende publikasies van die maatskappye waar doenlik, verhoog mag word ten koste van die dikte daarvan, sonder prysgewing van te veel advertensieruimte, aanvaar word." Dit is weer as gevolg van die streng maatreëls ten opsigte van die invoer van papier: daar moet soveel moontlik met so min moontlik gedoen word.

Dit moet gesien word in die lig van die notulering op dieselfde vergadering: "Verblydend is veral die feit dat die gemiddelde sirkulasie van Die Huisgenoot wat nog steeds styg 1 818 eksemplare minder was as dié van Die Brandwag, wat nog steeds 'n dalende neiging openbaar."

In dieselfde notule word berig dat onder meer twee SARIES na die Suid-Afrikaanse militêre kontingent in Korea gestuur word.

\* In die notule van 29 Junie 1951 word onder "Maatreëls ter verhoging van winste" berig: ... 3(a) Sarie Marais: die aantal bladsye van Sarie Marais word beperk tot 48 per uitgawe.

"(b) die drukoplaag word verminder van 85 000 tot 82 000 per uitgawe."

\* In die volgende maand se notule gaan dit voort onder "Maatreëls ter verhoging van winste: (3) Tydskrif-omslae: dat die omslag van Die Landbouweekblad en Sarie Marais van 1 Augustus en dié van Die Huisgenoot, nadat die voorraad Super-Osborne-papier in rolle opgebruik is, op standaard-koerantpapier in rolle gedruk mag word."

Die oorsigtelike sirkulasie-syfer van die Pers se drie tydskrifte in daardie stadium, soos opgeteken in die notule van 18 Julie 1951, was soos volg:

	Jan/Jun 49	Jul/Des 49	Jan/Jun 50	Jul/Des 50	Jan/Jun 51
Die Huis- genoot	92 956	101 972	106 684	112 829	112 155 -
Sarie Marais	-	66 974	73 337	80 274	79 674
Landbou- weekblad	22 251	23 842	20 484	24 147	25 930

\* In die volgende maand, Augustus, se direksievergadering, word genotuleer: "Sirkulasiebou Die Huisgenoot en Sarie Marais: besluit dat tak Kaapstad 'n bedrag van ongeveer £1 200 mag bestee aan die uitskryf van wedstryde en aan goeie vervolghverhale vir Die Huisgenoot en Sarie Marais om die moontlike nadelige uitwerking van die voorblad-advertensie op die sirkulasie van hierdie tydskrifte teen te werk en sirkulasie aan te moedig."

Dit het nie die nodige vrugte afgewerp nie, hoewel daar 'n geringe styging was; SARIE onder meer oor die 80 000-kerf. Die syfers vir 1.7.51 - 31.12.51 was:

Die Huisgenoot	112 333
Sarie Marais	80 785
Die Landbouweekblad	28 834



Die advertensie op die buiteblad het gelukkig nie lank geduur nie.

\* Op die vergadering van 27 Junie 1952, word genotuleer dat "goedkeuring ... daaraan verleen (word) dat die plasing van advertensies op die voorblaaie van Die Huisgenoot, Sarie Marais en Die Landbouweekblad aan die einde van Oktober 1952 beëindig word."

Die sirkulasiesyfer van die Nasionale Pers se drie tydskrifte in Januarie-Junie 1952 was soos volg: Die Huisgenoot 113 769 (styging 1 436); Die Landbouweekblad 27 729 (daling 1 105) en SARIE, met 'n reuse-styging (in daardie tyd) van 2 735, wat die totaal op 83 520 gebring het.

Ondanks die pragtige styging had SARIE dit maar nog steeds opdraand, want

\* op die vergadering van 31 Oktober 1952 staan daar: "Finansiële state vir die 6 maande geëindig 30.9.52.

"SM: Na aanleiding van die geraamde verlies van Sarie Marais vir die huidige boekjaar word besluit dat die bestuur oorweging moet skenk aan die moontlikheid om die Sarie Marais òf te verander in 'n maandblad òf die inhoud te verander sodat die blad meer bepaald in die smaak sal val van die meer geëde en selektiewe leser, ten einde sy waarde as advertensiemedium te probeer verhoog en dat voorstelle in die verband met verloop van tyd aan die direksie voorgelê moet word."

\* Op die vergadering van 28 November 1952 is dit somer ernstig, en word van "die toekoms" van SARIE gepraat. Die

notule lui so: "Die besturende direkteur rapporteer dat hy reeds samesprekings met dr Albertyn gevoer het in verband met die toekoms van Sarie Marais en dat hy hoop om aan die eersvolgende direksievergadering definitiewe aanbevelings in dié verband voor te lê."

\* Op die volgende vergadering kry SARIE grasie: "Die posisie van Sarie Marais word bespreek en daar word besluit om nie die blad om te skep in 'n maandblad nie, maar vas te byt en alles moontlik in die werk te stel in 'n poging om hierdie tydskrif as 'n weekblad betalend te maak deur sy sirkulasie tot 100 000 te vergroot en sy advertensie-inkomste te verhoog."

\* Wat die administrasie van SARIE betref: op die vergadering van 29 Mei 1953 word genotuleer dat die maatskappy Nasionale Tydskrifte Beperk van 1.4.1954 af al die tydskrifte van Nasionale Pers Beperk sal oorneem en dat die filiaaldireksie reeds in die lopende boekjaar sal fungeer om aanbevelings aan die moederdireksie te doen oor die tydskrif-aangeleenthede van die Nasionale Pers Beperk.

\* Op 28.8.1953 word van kleurfoto's in Die Huisgenoot genotuleer: "dat na aanleiding van die daling in die sirkulasie van Die Huisgenoot goedkeuring ... daaraan geheg (word) dat 4 bladsye foto's in vierkleur in Die Huisgenoot ingevoeg word, mits die nodige toestemming van die Persunie verkry word om die swaarder-substansie papier wat nodig is vir die druk van die invoegsel in plek van die rolpapier, in te voer en te gebruik."

\* In die eerste notuleboek van Nasionale Tydskrifte se direksie staan daar by die vergadering van 27.7.54 in verband met 'n verslag van dr C F Albertyn van 'n oorsese reis wat hy gemaak het:

"Duidelik dat toekoms van tydskrifte in die rigting van kleurdruk lê, finale aanbevelinge in verband met die wenslikheid van oorskakeling na diepdruk sal egter eers met verloop van tyd geskied, nadat mnr Claassens, wat nog met ondersoek in die VSA besig is, van oorsee terugkeer."

(Mnr Jannie Claassens was baie jare hoof van die Nasionale Pers se drukkerij-afdeling.)

Op dieselfde vergadering word tog nog in verband met die Kers-uitgawe van SARIE besluit: "Met die oog op die hoë koste aan vierkleur verbonde, word besluit dat die buiteblad van die Kers-uitgawe van Sarie Marais hierdie jaar in tweekleur gedruk word.

\* Op 24.9.54 word genotuleer "dat goedkeuring ... daaraan geheg (word) dat die los-verkoopprys van 'n vergrootte (sic) uitgawe van Sarie Marais eenkeer per maand verhoog word na 1s per eksemplaar."

Die finansieële probleme kom egter, soos ons nou al gesien het, met reëlmaat maand ná maand voor.

\* Die vergadering van 26.10.54: "Maatreëls ter verhoging van winste: (a) Sarie Marais: Kennis word geneem dat die bestuur, met die oog op uitskakeling van die verlies op Sarie Marais, dit oorweeg om die blad om te skep in 'n veertiendaagse tydskrif, om die blad dikker te maak en sy verkoopprys te verhoog na 1s. per eksemplaar, en ook sy advertensietarief te verhoog om dit in ooreenstemming te bring met sy sirkulasiesyfers.

"Daar word besluit dat hierdie saak verder ondersoek moet word, en dat die vorige direksie-besluit om die los-verkoopprys van

Sarie Marais een keer per maand na 1s per eksemplaar te verhoog, agterweë gehou word, hangende 'n finale besluit oor die voorgestelde omskepping van die blad."

Asof die finansiële ellendes nie genoeg was nie, moes £39.10s skadevergoeding betaal word aan lesers wie se breiwerk in 'n wedstryd verlore gegaan het. Daar word darem genotuleer dat die bedrag moontlik onder die assuransiepolis verhaal kan word.

\* Die vergadering van 23.11.54 gee uitsluitel oor SARIE se onmiddellike toekoms: "Die posisie van Sarie Marais word bespreek, en daar word besluit om hierdie tydskrif onderworpe aan die goedkeuring van die Moederdireksie, vanaf die uitgawe wat in die tweede week van Februarie 1955 verskyn, om te skep in 'n 14-daagse publikasie met dien verstande dat die blad vergroot sal word deur die toevoeging van 'n gereelde byvoegsel van 24 bladsye, wat 'n volledige roman sal bevat, en sy voorblad in vierkleur gedruk sal word.

"Daar word ook besluit om die los-verkoopprys van die blad gelyktydig na 1s per eksemplaar te verhoog en die intekengeld op £1.5s per jaar te handhaaf."

\* Op die vergadering van 22.3.55 is die advertensietarief van SARIE ter sprake: "Goedkeuring word daaraan geheg dat die advertensietarief in Sarie Marais op 1.5.55 tot £90 per bladsy verhoog word". Op dieselfde vergadering word goedgekeur dat redaksielede vergoed mag word vir die vertaling van Engelse boeke vir publikasie in Sarie Marais op die voorwaarde dat dit van £50-60 per boek is en dat geen persoon meer as een boek per

kwartaal mag vertaal nie.

Dit was verreweg nie die einde van die finansiële krisis van SARIE nie.

\* Op 26.4.55 blyk dat nog 'n prysverhoging onvermydelik is. Die los-verkoopprys van Die Huisgenoot en SARIE moet so gou moontlik tot onderskeidelik 1s en 1s.6d per eksemplaar verhoog word, en die intekengeld van £1.15s en £1.10s per jaar respektiewelik, met dien verstande dat die verhogings, indien moontlik, gelyktydig moet plaasvind met verhogings in die pryse van die mededingende tydskrifte The Outspan, Die Brandwag en Rooi Rose.

\* Op die vergadering van 21.6.55 gaan dit voort: "Daar word besluit om, met die oog op die verhoging van Sarie Marais se advertensietarief na £90 per blad, nie die verkoopprys van die blad, soos voorheen besluit, in Augustus na 1/6 per eksemplaar te verhoog nie maar met die prysverhoging te wag totdat vasgestel kan word wat die uitwerking van die prysverhoging ten opsigte van Die Huisgenoot op die sirkulasie van laasgenoemde was."

\* Op 23.8.55 word die tariewe vir die buiteblad-advertensie in Die Huisgenoot en Sarie Marais met ingang van 1.9.55 verhoog.

Hoewel dit maar nog opdraand gaan met die Pers se Afrikaanse vroueblad, is die versoeking groot vir verdere uitbreiding in dié rigting.

\* Op 21.2.56 word genotuleer: "Suid-Afrikaanse regte vir Woman's Weekly: Gedagtes word gewissel oor die moontlikheid van die verkryging deur ons Maatskappy van die Suid-Afrikaanse regte

vir die Woman's Weekly. Die beginsel dat 'n aanbod vir hierdie regte gemaak word, word goedgekeur, maar die besonderhede van die aanbod word oorgelaat vir verdere oorweging by 'n later geleentheid."

\* Op die vergadering van 20.3.56 rapporteer die besturende direkteur dat hy, "na verdere rype beraad, besluit het om heeltemal af te sien van die gedagte om die Suid-Afrikaanse regte vir Woman's Weekly vir ons maatskappy te verkry. Hierdie besluit word bekragtig."

Op dieselfde vergadering word goedgekeur dat SARIE se Bêreboekies voortaan afsonderlik geheg en daarna in die tydskrif ingevoeg en met 'n draadjie daaraan geheg word.

\* Op die vergadering van 24.7.56 word die losverkoop van SARIE se Bêreboekies bespreek. Die saak staan oor vir verdere oorweging.

\* Op die vergadering van 27.11.56 word nog 'n moontlikheid van sirkulasiebou bespreek: "Na aanleiding van die goeie vierkleur-reproduksies wat verkry is op die buiteblaaie van die Kers-uitgawes van Die Huisgenoot en Sarie Marais, wat gedruk is op 'n proefbesending papier van hoë gehalte wat van die Duitse firma Feldmühle bestel is, word die vraag bespreek of ons nie, ten einde ons sirkulasie aan te help, en meer vierkleur-advertensies vir die buiteblaaie van Die Huisgenoot en Sarie Marais te verky, daartoe moet oorgaan om ons tydskrifte se buiteblaaie op hierdie duurder papier van beter gehalte te druk nie. Saak na die Moederdireksie verwys."

\* Op 19.2.57 word goedkeuring geheg aan 'n nuwe reëling waarvolgens Nasionale Boekwinkel 6 persent outeursaandeel sal betaal op die Sarie Marais-breiboek wat hy voornemens is om uit te gee, en 3 persent elk aan die twee same-stellers, wat lede is van Sarie Marais se redaksie.

\* Op 24.7.57 notuleer die sekretaris dat in 'n poging om sirkulasie te verhoog, advertensie-flitse twee keer per week deur die handelsenders van Lourenço Marques of Springbok-radio uitgesaai sal word.

\* Op 27.11.57 word die verkoop van SARIE en Die Huisgenoot in Londen genotuleer: "CNA kry die reg om Die Huisgenoot en SARIE teen 1s.6d en 2s per eksemplaar onderskeidelik in Londen te verkoop, met dien verstande dat ons van hulle dieselfde vergoeding per eksemplaar sal ontvang as op hul verkope van dié blaai in die Unie."

\* Op 22.2.58 word goedkeuring daaraan gegee dat aan die organisasie Tape Aids for the Blind eksemplare van SARIE en Die Huisgenoot gereeld en gratis verskaf sal word om band-opnames te maak vir kostelose verspreiding onder blindes.

\* Op 26.8.58 word beleid in verband met wedstryde in tydskrifte neergelê:

"Kennis word geneem van die neiging by sommige tydskrifte om wedstryde uit te skryf waarvoor pryse uitgelooft word vir die doel van publisiteit, en daar word veral gelet op 'n wedstryd wat tans in 'n Afrikaanse tydskrif loop waarvoor 'n motorkar as prys aangebied word. Nā bespreking van die wenslikheid of ons maatskappy ook hierdie weg moet inslaan, word besluit om,

met die oog op mededinging en die verwagting dat dit 'n styging in sirkulasie mag meebring, so 'n wedstryd in Die Huisgenoot toe te laat, mits die Hoofbestuurder daarin kan slaag om 'n skenking van ten minste ses motorkarre te kry wat oor 'n tydperk as pryse aangebied kan word."

\* Die volgende maand word besluit "dat ons maatskappy afsien van sy voorneme om wedstryde in ons tydskrifte te reël waarvoor motorkarre as pryse aangebied word, en dat daar voortgegaan word met die gewone wedstryde waarvoor kleiner pryse aangebied sal word."

Maar vindingrykheid en die sirkulasie-nood seëvier.

\* Op 28.10.58 word genotuleer dat "toestemming ... verleen (word) vir die uitgee van 'n trouboek deur die Maatskappy wat gratis aangebied kan word as aansporing by die werwing van nuwe intekenare vir Sarie Marais, met dien verstande dat die koste van so 'n boek gedek sal word uit advertensies wat gewerf en daarin opgeneem sal word."

Hoewel nie 'n eie Engelse blad nie, kom die druk van 'n Engelse vroueblad tog weer ter sprake.

"Op 27.1.59 word "kennis geneem dat ons Maatskappy gevra is om 'n prysopgawe vir die druk van 'n 'Women's Supplement' by die tydskrif Golden City Post waarvan die oplaag 25 000 beloop. Saak na Moederdireksie verwys."

\* Op 24.2.59 word 'n verbruikersopname in vroueblaaië genotuleer: "Die Hoofbestuurder deel mee dat hy 'n versoek van die eienaars van Femina en Women's Life ontvang het om mee te doen aan 'n



skema om 'n opname te maak ten einde vas te stel in welke mate vroue hul mans se klere koop, en om van die resultaat gebruik te maak om advertensies van mansklerasie in vroueblaai te verkry, maar aangesien Afrikaanse Pers Beperk nie aan die skema, wat £800 sal kos, deelneem nie, voel hy nie genoeë om daarvoor in te gaan en die helfte van die koste te dra nie."

\* Die volgende maand is dit weer ter sprake. "Mnr H de V Coetzee 2) deel mee dat hy die eienaars van Femina en Women's Life laat weet het dat ons Maatskappy nie sal meedoen aan die voorgestelde verbruikersopname van vroueblaai nie. Die optrede word bekragtig."

\* Op die vergadering van 29.9.59 word berig dat die gratis aanbieding van SARIE se trouboek 213 intekenare gewerf het. Die trouboek se inkomste uit advertensies het die drukkoste gedek.

\* Op die vergadering van 23.4.63 word SARIE se toetrede tot die kleurdrukrevolusie genotuleer: "Dat alles moontlik gedoen (word) om Sarie Marais so gou moontlik oor te skakel na diepdruk, maar dat produksiekoste vir 'n geruime tyd baie hoog sal wees." Die Huisgenoot se eerste diepdruk-uitgawe was toe op die pers, en "het goed vergelyk met oorsese diepdruk-produkte".

\* Op 4.6.63 word die nuus aangeteken: "Kennis word geneem dat beplan word om die laaste Sarie Marais van Augustus in diepdruk te druk."

2) Mnr Coetzee was toe besturende direkteur

\* In September word besluit om die advertensietarief van SARIE te verhoog van R340 tot R500 per kleurbladsy en van R170 tot R220 per swart-wit-bladsy.

\* Op 29.10.63 word besluit "dat verslag aan Moederdireksie gedoen word oor die beswaar wat geopper is teen die artikel in 'n onlangse publikasie van Sarie Marais oor die voorhuwelikse omgang tussen jong mense." Volgens Fred le Roux 3) het 'n artikel oor die seks-bedrywighede van Stellenbosse studente groot reaksie uitgelok. Hy het dit egter nie as 'n sensasiewekkende storie aangebied nie, maar om 'n feitelike situasie onder die aandag te bring. Volgens hom was 30 persent van die reaksie kritiek op die artikel. Die saak is - volgens die notules - nie weer deur die direksie bespreek nie.

Op die volgende maand se vergadering kom die Engelse vroueblad weer ter sprake: "Gedagtes word gewissel oor die behoefte aan en die moontlikheid om naas Sarie Marais 'n winsgewende Engelse vroueblad of maandeliks of veertiendaaglik uit te gee. Die saak vir verder ondersoek in mnr H de V Coetzee se hande."

Amper 'n jaar later, op 22.9.64, word die besluit geneem:

\* "Engelse vrouetydskrif: In beginsel besluit om 'n Engelse vrouetydskrif uit te gee. Voorsitter word gemagtig om onderworpe aan goedkeuring van Maatskappy, 'n aanbod van sowat R50 000 aan die eienaars van Madame te maak vir die oornam van die tydskrif."

\* Op 27.10.64 word berig: "Voorsitter rapporteer dat eienaar van Madame ons aanbod aanvanklik nie wou aanvaar nie, maar later, nadat ons voortgegaan het met reëlings om 'n nuwe tydskrif te

3) Le Roux in 'n persoonlike onderhoud

publiseer, Madame vir ons aangebied het. In daardie stadium het ons egter nie meer belang gestel nie.

"Die Voorsitter deel mee dat die naam van die tydskrif Fair Lady sal wees en goedkeuring word daaraan geheg dat die tydskrif aanvanklik maandeliks sal verskyn van ongeveer Maart 1965 af, dat verkoopprys 10c per eksemplaar sal wees en dat die advertensietarief aanvanklik R150 per blad sonder kleur en R400 per volkleurblad sal wees, gebaseer op 'n sirkulasie van 50 000".

Op dieselfde vergadering word besluit om Sarie Marais se prys te verlaag. Dit staan sô: "Goedkeuring word geheg aan die verandering van die verkoopprys van Sarie Marais van 15c na 10c per eksemplaar van die uitgawe nã die Kersuitgawe vanjaar. Die Voorsitter meld dat die verlies aan inkomste, gebaseer op die huidige sirkulasie, R90 000 per jaar sal bedra, maar dat verwag word dat dit meer as vergoed sal word uit 'n verhoging van die advertensietarief, wat moontlik gemaak mag word deur 'n gevolglike sirkulasie-styging."

\* Die begin van die volgende jaar, op 23.2.65, word die advertensietarief van SARIE verhoog.

\* Op 27.4.65 word dit bevraagteken of die kookbylae van SARIE betalend is: "n Kosteberekening van die bylaag moet gevolglik gedoen word."

\* Maar op die vergadering van 21.9.65 gaan die planne vir 'n heelwat grôter uitgawe van die Pers voort. Dan word besluit om Fair Lady van Maart 1966 af veertiendaaglik uit te gee.

\* Op 26.4.67 word nog 'n verhoging in SARIE se advertensietariewe goedgekeur: 'n advertensie op 'n swart-wit-bladsy, kos nou R380, op 'n kleurbladsy R660.

\* Op 23.8.67 word die pos van hoofredakteur van Fair Lady wat die redakteur van Sarie Marais vir die aanvangstyd beklee het, afgeskaf.

\* Op 5.6.68 word die advertensietarief vir SARIE tot R380 vir 'n swart-wit-bladsy verhoog en tot R700 vir 'n kleurbladsy.

\* Op 13.6.68 word die uittrede van SARIE se eerste redakteur genotuleer: "Fred le Roux: Die Universiteit van Stellenbosch het aan Fred le Roux, redakteur van Sarie Marais, 'n betrekking as hoof van die Departement van Drama aangebied en dat hy op 31.12.68 uit ons diens tree. (Daar word besluit) om mnr Le Roux, reeds oor die opsionele aftree-ouderdom van 55, eervolle ontslag met pensioenregte te gee (en om) gelukwense aan mnr Le Roux oor te dra.

\* Die volgende redakteur word op 26.6.68 bekend gemaak:  
Mnr H L Cronjé.

## 6. DIE AANVOORWERK VIR SARIE

Die Direksie van die Nasionale Pers het die moontlikheid van 'n vrouetydskrif baie bespreek, en nā jare eers tot die uitvoering besluit, soos blyk uit die notules. Diē besprekings het die hoe, wat en waar van 'n vrouetydskrif nie juis vergemaklik nie.

Die eerste Afrikaanse vrouetydskrif was toe reeds sowat 18 jaar oorlede, en Rooi Rose, die ander voorbeeld van 'n populêre Afrikaanse vrouetydskrif in daardie stadium, was vir die Pers nie juis navolgenswaardig nie. En waar, in 'n beroep toe nog brandarm aan vroulike joernaliste, kry jy personeel?

Volgens prof Piet Cillié 1), huidige voorsitter van die Direksie van die Nasionale Pers, is 'n spesiale verslag oor die uitvoerbaarheid van 'n vrouetydskrif in opdrag van die destydse Direksie saamgestel. Die bestaan van diē verslag kon deur niemand bevestig word nie; in die notules is daar geen verwysing daarna nie, en helaas, geeneen van die eerste redaksielede kon iets daarvan onthou nie. As so 'n verslag bestaan het, sou die optekening van die onmiddellike ontstaan van SARIE soveel makliker gewees het, en sou soveel meer detail bekend gewees het.

Benewens wat in die voorafgaande notules oor die ontstaan van SARIE opgeteken is, beskik ons nou oor die volgende persoonlike herinneringe van mense nā aan SARIE in daardie jare:

Dr Chris Albertyn, hoofbestuurder van die Nasionale Pers in daardie stadium, onthou 2): "Tot nā die Tweede Wêreldoorlog was die weekblad The Outspan die vernaamste mededinger van Die Huisgenoot. Baie adverteerders, veral van produkte vir die vrou, het nie in Die Huisgenoot geadverteer nie omdat hulle geglo het

1) Cillié in 'n persoonlike gesprek

2) Albertyn in persoonlike korrespondensie

dat, as hulle in The Outspan adverteer, hulle wel die Afrikaanse vrou bereik, want 49 persent van die lesers van The Outspan was Afrikaanse moeders en dogters.

"Die leserstal van The Outspan was soveel hoër as dié van Die Huisgenoot dat ons geredeneer het dat, as ons 'n aantreklike vrouetydskrif aan die Afrikaanse vrou kan gee, ons daardie leseresse plus nog duisende wat nie op 'n Engelse tydskrif sal inteken nie, behoort te trek.

"Dat ons 'n aantreklike blad, wat inhoud en drukwerk betref, sou kon lewer, het ons nie betwyfel nie. Ons het immers in Kaapstad 'n baie goeie tydskrifrolpers gehad vir Die Huisgenoot, die modernste in die land in daardie tyd, en dié rolpers was geen 50 persent beset nie.

"Nadat ons talle vroueleidsters en adverteerders geraadpleeg het, het die Direksie van die Pers besluit om 'n vroueweekblad uit te gee.

"Ons berekening was dat ons binne twee jaar minstens 50 000 intekenaars en kopers sou hê, dat ons dan 40 persent van die ruimte van die blad met advertensies sou vul, dit wil sê in 'n winsposisie sou wees, en dat ons R200 000 (100 000 pond) sou moes investeer om dit te bereik.

"Met die sakeramings was ons taamlik in die kol. Die volgende het naamlik gebeur:

"Ons het ons sirkulasiesyfer binne ons teikentyd bereik, maar die advertensie-agente het nie woord gehou nie en ons kon nie in twee jaar die advertensie-omset kry wat ons sirkulasie

geregverdig het nie.

"Die blad was eers nā twee jaar 'uit die rooi', maar ons verliese was presies R200 000 voordat ons 'n wins begin maak het. Dit was kortliks die sakekant."

Oor die Pers se redaksionele beleid vir die destydse SARIE MARAIS:

"Ons het besluit dat dit 'n blad vir die ontwikkelde Afrikaanse vrou en dogter sou wees. Alle fasette van die vrou se lewe moes gedek word, met groter nadruk op die jong geslag."

Hoekom is 'n man (as redakteur) aangestel?

"My uitgangspunt was dat die hoof van diē blad lewensryp moes wees en in die eerste plek deeglike kennis van die gesinslewe moes hē. Die gesonde en doeltreffend vermaakte gesin bly die kern van 'n gesonde en deeglik vermaakte volkslewe.

"Maar preuts mag die blad nie wees nie, ens. Dit was egter noodsaaklik dat die redakteur bygestaan word deur 'n bekwame dame. En sy is later gesoek en gevind - Alba Bouwer.

"Daar is maande lank aan die inhoud beplan - 'n resep opgestel: soveel ruimte vir modes, skoonheidsmiddels, vir kook- en bakresepte, kortverhale, 'n vervolggerhaal, algemene artikels. En diē resep is taamlik streng gevolg. So veel smake en belangstellings as moontlik moes bevredig word."

Die eerste redaksielede kon nie veel oor die aanvoerwerk vir SARIE vertel nie omdat hulle uit die aard van die saak nie daarin geken was nie. By prof Fred le Roux, eerste redakteur van die blad, en die eerste redaksielede kon die volgende inligting oor die aanvoerwerk ingewin word:

Prof Le Roux 3)

"Ons het in 1948 begin voorberei, in September en Oktober van daardie jaar. Ons sou eers in Februarie 1949 verskyn, maar die klimaat was nie reg nie - moeilik om advertensies te kry.

"Ons het altesame sowat sewe/agt maande voorbereidingswerk gedoen. Aletta Bergh het in daardie tyd 'n ongeluk gehad. Maande lank het ek en Carin Burger alleen gewerk. Ons kon uiteeraard ook nie alles wat ons gedoen het, opgaar vir uiteindelijke gebruik nie."

Die enigste twee oorlewende redaksielede van die viermanskap wat die heel eerste redaksie uitgemaak het, is Carin van Heerden (Burger) en Christa Steyn. Eersgenoemde het die huishoudkunde versorg, laasgenoemde was die redaksielid in Transvaal.

As vriendin van die dogter van dr A L Geyer (toe hoofredakteur van die Pers se koerante) was mej Burger bewus van die moontlikheid van 'n vrouetydskrif, maar daaroor meer in die hoofstuk oor die eerste redaksie. Sy is as vroueredaktrise van Die Volksblad na die redaksie van SARIE verplaas.

Christa Steyn vertel 4) sy het vandat sy "sukksesvol begin skryf het (3 Maart 1947)" 'n boek aangehou waarin sy "alles in verband met skryfwerk" aangeteken het.

Sy en Fred het in 1941 kennis gemaak, en daaruit het 'n hegte vriendskap tussen die twee gesinne gegroei.

3) Le Roux in 'n persoonlike gesprek

4) Steyn in persoonlike korrespondensie



"Wanneer hy of hulle Johannesburg toe gekom het, het hulle by ons tuisgegaan. Dit was natuurlik dat ons sou gesels (of skryf) toe die Nasionale Pers begin met die beplanning vir 'n Afrikaanse vroueblad.

"In dié tyd het ek reeds heelwat geskryf, hoofsaaklik vir Die Huisgenoot. Ook het ek in 1948 begin om Vrouerubriek by die SAUK te organiseer, saam met Audrey Blignault in Kaapstad."

Die volgende redaksielid wat haar by SARIE aangesluit het, was Alba Bouwer (toe Van der Watt), assistent-redakteur nā Aletta Bergh. Sy sê 5) oor die aanvoorwerk kan sy nie veel vertel nie. Sy het sowat 'n maand nā die eerste uitgawe, in Augustus 1949, ingeval.

Die vyfde redaksielid, Blydie Stander, toe Conradie, vertel sō oor die ontstaan van SARIE 6):

"By die verwekking, geboortepyne en geboorte van SARIE was ek nog nie op die toneel nie. Kan, tot my skande, nie eens presies onthou op watter datum ek daar begin het nie. Toe was SARIE reeds 'n gesonde en pragtige baba met 'n rooskleurige toekoms."

5) Bouwer in persoonlike korrespondensie

6) Conradie in persoonlike korrespondensie

## 7. WAAR KRY SY DAARDIE NAAM?

Die tydskrif SARIE is net so 'n deel van Suid-Afrika soos haar eponiem, die liedjie - sō ingeburger dat 'n mens nie eens meer wonder hoekom nou juis SARIE nie.

Wat SARIE se van betref, nou ja, die MARAIS het half verdwyn, buiten dat sy nog amptelik, soos die wet vereis, met van en al by die Poswese geregistreer is. As jy navraag wil doen oor die dame se van, dan hēt sy ten minste een.

Waar het SARIE MARAIS vandaan gekom?

'n Kompetisie het die tydskrif se naam opgelewer. Die redakteur het die wennaam gekies. En ... hy het self niks van die naam wat hy gekies het, gehou nie, maar gereken dit is die beste vir die tydskrif.

Dr Albertyn onthou 1) dat, terwyl die beplanning aan die gang was, "n Wedstryd uitgeskryf is. Talle name is ingestuur. Die naam SARIE MARAIS is ingestuur deur 'n dame van Kimberley en sy was teenwoordig by 'n spesiale klein ontvangs wat ons vir die 'geboorte' van SARIE MARAIS gereël het. Ongelukkig het ek haar naam vergeet.

"Wanneer die MARAIS uit die naam verdwyn het, sal niemand presies kan sê nie. Dit het nie met 'n aankondiging gebeur nie. Die 'MARAIS' is net na 'n tyd langamerhand verklein en 'uitgedoof'.

Die redaksielede se herinneringe aan en gevoelens oor die naam: Prof Le Roux onthou 2) dat die Pers die wedstryd uitgeskryf

1) Albertyn in persoonlike korrespondensie

2) Le Roux in persoonlike onderhoud

het voordat hy as redakteur van die blad aangestel was:  
"Die wedstryd is uitgeskryf, en toe ek die dag redakteur  
word van die blad, toe is die inskrywings op my lessenaar  
neergesit.

"Ek het die naam SARIE MARAIS gekies bloot omdat ek gedink  
het dit sou aan adverteerders die meeste sê.

"Ek het net niks van die naam SARIE MARAIS gehou nie, maar  
die meeste adverteerders het van Engelse kant gekom, en  
vir die meeste Engelssprekendes was die enigste ding wat  
hulle van Afrikaans geweet het, die liedjie Sarie Marais;  
selfsoorsee was dit bekend.

"Die meeste mense in die Pers was ontevrede oor die naam.  
Tog, snaaks genoeg, dit het ingeslaan.

"Uiteindelik, omdat dit as gewelnaam lastig en lank was, is  
dit verkort tot die groot SARIE, met MARAIS klein onder. Ek  
was die eerste wat sorg aan buiteblaaië gegee het, en vir 'n  
mooi buiteblad wat sorgvuldig gekies is, het die naam te veel  
plek in beslag geneem. Die lang naam het die buiteblad ook  
net ontsier.

"Die mense het gou net van SARIE begin praat. Verslae van  
die sirkulasiemense het gesê mense kom vra vir 'n SARIE by  
boekwinkels, en ons het toe besluit om die van weg te laat -  
buiten vir die klein MARAIS op die voorblad."

Carin Burger sê 3) oor SARIE se naam: "Dit was ná die Tweede  
Wêreldoorlog. Mense was meer bewus van hul Afrikaanse

3) Burger in persoonlike korrespondensie

identiteit, en toe ons verskyn, was die inwyding van die Voortrekkermonument op hande.

"Ek dink die SARIE MARAIS, Fred se keuse, was in die tydgees. Bowendien assosieer almal SARIE MARAIS met Afrikaans. Dit is tipies en sou ook vir Engelssprekendes aantreklik wees. Hulle ken SARIE MARAIS, al ken hulle niks anders nie.

"Ons op kantoor het die afkorting SM gebruik en gemeen dit sou miskien inslaan omdat ons beseft het SARIE MARAIS is 'n mondvul. Die eerste redaksionele rubrieke wat begin het met 'n briewe-kolom (begin 1950), het verskyn onder die kop: By SM op Kantoor. Dit het later die redaksionele gesprek met die lesers geword.

"Maar die afkorting het bloot 'n kantoorgebruik gebly, op die proewe en vir syfers van publikasies en so aan. Ons het dit nooit juis as 'n spreekafkorting gebruik nie.

"Ek dink die afkorting SARIE het sommer vanself ontwikkel.

"Kort nadat ons begin het, was daar hewige beswaar van 'n firma wat skoene gemaak het, of posbestellings gedoen het (sien Uit die Notules), ek is nie seker nie, en hulle het die naam SARIE MARAIS gehad; wou ons toe net dagvaar dat ons hul naam gebruik. Maar Fred was onverstoorsaam hieroor, net gelag en gesê hulle kan maar aangaan as hulle wil, want ons het die naam by die Poswese geregistreer. En daar het ook nooit iets van gekom nie."

Christa Steyn 4): "(In my dagboek was dit) eers in Februarie 1949 dat die naam SARIE MARAIS voorkom."

4) Steyn in persoonlike korrespondensie

Alba Bouwer 5): "Ons het in die redaksiekantoor altyd net van SARIE gepraat, maar dit was nadat ek al die diens verlaat het dat dit amptelik net SARIE in plaas van Sarie Marais geword het.

Blydie Conradie 6): "Ek het ook gesit en mik om deel te neem, maar kon aan niks oorspronklik dink nie.

"Toe die naam SARIE MARAIS as wenner aangekondig word, was ek vreeslik teleurgesteld. Ag heiden, het ek gedink, kom ons nooit weg van Voortrekkerkappies en ossewaens nie? Moet my nie verkeerd verstaan nie. Ek het groot piëteit vir ons Voortrekkers, ossewaens en veral die geduldige os. Maar - as naam vir 'n lekker nuwe moderne tydskrif?

"Hoe verkeerd is ek nie bewys nie. Die blad het onmiddellik geslaag - myns insiens ten spyte van die naam.

"Amper soos 'n baie deftige, intelligente en gesofistikeerde vrou met die lekker plat naam Anna van der Merwe: dis nie haar naam wat haar tipeer nie, wel sý wat aan haar naam luister verleen."

Die gewelnaam op die voorblad het al 'n paar keer verander om aan te pas by style en voorkeure wat vooruitgang, ontwikkeling en die mode voorskryf.

Die eerste gewelnaam het "gelykberegting" aan Sarie en Marais laat geskied - niemand het immers toe geweet dat SARIE die "noemnaam" van die nuwe kind van die Nasionale Pers gaan word nie. Die eerste gewel is in 'n vloeiende skrif dwarsoor

5) Bouwer in persoonlike korrespondensie

6) Conradie in persoonlike korrespondensie

die voorblad gebruik - òf bo òf onder, na gelang van die onderwerp van die foto wat vir die voorblad gekies is. Van dié gewel het Le Roux egter gesê 7) dat dit "lastig" en "lank" is, en 'n belemmering vir 'n keurige voorblad - waarvan SARIE danksy haar redakteur 'n voorbeeld vir ander Suid-Afrikaanse tydskrifte was.

Dié oor die voorblad "uitgestrekte" Sarie Marais is tot einde 1953 gebruik. Teen daardie tyd is al lank reeds net na SARIE verwys, en dit is in die volgende gewel-ontwerp gereflekteer.

Die eerste uitgawe van 1954 het met 'n netjiese, en vir daardie tyd uiters moderne lettertipe gepronk. SARIE is groot, in hoofletters, links bo op die voorblad geplaas, met Marais klein onder. Dié ontwerp is tot 1967 gebruik, hoewel die gewel sowat twee derdes kleiner gemaak is omdat aandagtrekkers ("barkers") toe gebruiklik vir SARIE geword het.

Op 11 Oktober 1967 is dieselfde SARIE-gewel gebruik, maar weer 'n fraksie kleiner, en die Marais onder is effens gemoderniseer: die serifs het verdwyn.

Begin 1971 is SARIE se gewelnaam - steeds in dieselfde lettertipe - verder verklein. In November van daardie jaar is die hele gewel herontwerp. SARIE het in vet letters dwarsoor die voorblad gepryk, met die Marais klein onder.

"Dié gewel is tot begin 1976 gebruik, waarna twee vinnige en

7) Le Roux in persoonlike gesprek

groot veranderings plaasgevind het. Slegs sowat vier maande se uitgawes het verskyn met 'n gewel soortgelyk aan die vorige, maar met omtrent die helfte verklein en sonder serifs - met Marais nêrens op die voorblad te sien nie. Op 14 Julie verskyn die tweede verandering: 'n ontwerp met dun reguit lyne; onder die publikasiedatum verskyn Sarie Marais baie klein.

Dié gewel is sowat drie jaar gebruik voordat die volgende - en huidige - ontwerp ingevoer is: die kursiewe, vet letters in bo- en onderkas. Ook hier is die Marais net onder die publikasiedatum te sien. Dié ontwerp is deur die jare effens verklein. Die huidige redakteur het dit uit sy posisie in die linkerhoek van die voorblad dwarsoor die voorblad laat sentreer.

Die voorblad-ontwerpe van 1949 tot nou:

# Sarie Marais

6 JULIE 1949

(6a)



Eerste uitgawe  
6 Julie 1949  
Formaat: 36 x 26 cm


# Sarie Marais

26 SEPTEMBER 1951 • SES PENNIES



## Die Ideale Pince-sigaret

Rembrandt VAN RIJN is vervaardig  
van dreefde saam vas die subokas  
met Rembrandt ontwerp gemaak het.  
Die fager formaat maak Rembrandt  
VAN RIJN die ideale pince-sigaret.



Eerste voorblad-advertensie  
26 September 1951  
Formaat: 36 x 26 cm





6 Januarie 1954  
 Eerste aandagtrekker  
 op voorblad  
 Formaat: 36 x 26 cm



9 Februarie 1955  
 Eerste tweeweeklikse uitgawe  
 Eerste gereelde volkleur-  
 voorblad  
 Formaat: 36 x 26 cm

# SARIE

A R A

11 JULIE 1956

1/6



11 Julie 1956  
Gewelnaam effens verklein  
Formaat: 36 x 26 cm



12 Julie 1963  
Gewelnaam verder verklein  
Formaat: 36 x 26 cm

...WE VERVOLGVERHAAL  
deur M. Strydom

...WILLEM MAN ...

...DIE LIEFDE

# SARIE

11 OKTOBER 1967



10c



STRA: Lente...  
 om te brei, te hekel...  
 US ses bladsye met...  
 heel mooiste partytjierokke...  
 foto-artikel in volle kleur...  
 Rhodésiese Afrikaner soos sy...  
 buurmaan hom sien...  
 • Die pruik daer moet haal...  
 • Die moeder en haar seun... artikel vir elkeen

11 Oktober 1967  
 Gemoderniseerde gewelnaam  
 Formaat: 36 x 26 cm



# SARIE

13 JANUARIE 1971

10c

Modetoneel  
 — in kleur

13 Januarie 1971  
 Kleiner gewelnaam  
 Formaat: 36 x 26 cm

# SARIE



Ekstra Groot Vakansienommer

17 November 1971  
Nuwe gewelnaam  
Kleiner formaat: 32 x 24 cm

# SARIE

11 FEBRUARIE 1976  
NR. 17  
25c

**EKSKLUSIEF**  
Dior bring  
Sophia Loren na  
Versailles

**GRATIS**  
Groenappel-parfuum  
spesiaal vir u

**PLUS**  
Groot opwindende  
wanwedstryd

- Droomvaart op  
die Ryn  
vir Sarie-lesers
- Mode-winskoop  
van die maand
- Kortpad-kinderklere  
— met patrone

11 Februarie 1976  
Nuwe gewelnaam  
Kleiner formaat: 30 x 23 cm

# SARIE

14 JULIE 1976  
NOMMER 22  
30c  
SARIE MAGASIN  
1976 (NOVEMBER)  
1976 (DESEMBER)


Audrey Blignault  
is terug!

Die beste  
juiste vir  
jou TV

Hartaanval: help

Maak jou eie  
rokke uit 'n patroon


14 Julie 1976  
Nuwe gewelnaam  
Formaat: 30 x 23 cm



10 Januarie 1979  
Nuwe gewelnaam  
Formaat: 30 x 23 cm



18 April 1979  
Kleiner gewelnaam  
Kleiner formaat: 28 x 21 cm



26 Oktober 1983  
Eerste voorblad van redakteur  
I L de Villiers  
Formaat: 28 x 21 cm



31 Julie 1985  
Gesentreerde gewelnaam  
Formaat: 28 x 21 cm

8. HOE DIE EERSTE REDAKSIELEDE BY SARIE BETROKKE GERAAK HET, HOE HULLE HUL TAAK BY DIË NUWE TYDSKRIF VIR DIE AFRIKAANSE VROU GESIEN HET EN HUL PERSOONLIKE GEVOEL TEENoor HAAR

Waar begin 'n mens redaksielede soek vir 'n publikasie soos SARIE? Vroulike of vrouesake-joernaliste was nog dun gesaai, en redaksielede van 'n tydskrif moet darem seker ondervinding hê.

Hier volg die verhaal van hoe die eerste redaksielede by SARIE betrokke geraak het, wat hulle as hul "taak" gesien het, en hoe hulle teenoor die tydskrif gevoel het.

Die heel eerste redaksie het bestaan uit Fred le Roux, redakteur, Aletta Bergh, onderredakteur, Carin Burger, verantwoordelik vir "praktiese huisvrou-artikels", en Christa Steyn, Randse verteenwoordiger. Die eerste uitleg-kunstenaar was 'n Duitser, Hans Hiebl.

Kort nadat die eerste uitgawe op straat verskyn het, het Alba Bouwer haar by die driemanskap in Kaapstad aangesluit. Die vyfde redaksielid was Blydie Conradie. Aletta Bergh is in 1957 oorlede, maar het reeds in Junie 1951 as onderredakteur uitgetree. Alba Bouwer het haar opgevolg. (Sien ook lys van redaksie, 1949 - 1985, agter.)

Audrey Blignault was 'n "nie-amptelike" lid van die redaksie. Hoewel sy heel in die begin genader is om lid te word, het sy dit van die hand gewys. 'n Jaar later het sy deelyds vir SARIE begin skryf (die gewilde rubriek Uit die Dagboek van 'n Vrou) en nog later, in 1959, was sy 'n "amptelike" deelydse redaksielid.

Die eerste redaksielede van SARIE was feitlik deur die bank leiers op hul onderskeie gebiede. Fred le Roux het hom toe reeds onderskei as letterkundige en toneelspeler, 'n prominente

lid van die groep van Dertigers. Hy het veral daartoe bygedra dat Dirk Opperman se werk gepubliseer is.

Ook die vroue was "prominentes" op hul gebied. Drie het leiding geneem in program-aanbieding by die SAUK. Christa Steyn en Audrey Blignault het saam, onderskeidelik in Johannesburg en in Kaapstad, die radioprogram Vrouerubriek, wat vandag nog uitgesaai word, gestig, georganiseer en aangebied. Alba Boucher was hoof van kinderprogramme by die SAUK in Kaapstad.

So vertel hulle hoe hulle by SARIE gekom het, hoe hulle hul taak daar gesien het, en hoe hulle gevoel het teenoor dié nuwe tydskrif wat hulle "gemaak" het.

Prof Le Roux 1): "Mnr Flippie van Zyl (die advertensiebestuurder) wou 'n man as redakteur hê, om verskeie redes. Hy't gereken 'n vrou is te temperamenteel - ek sal nie weet nie! - of hulle raak siek of swanger, en dan sit hy met die reëlings van die blad van week tot week.

"Ek het by Die Huisgenoot gewerk en dikwels die vroueredaktrise gehelp. Dit was nie vir my snaaks om dit te doen nie.

"Mnr Van Zyl het seker daar gehoor dat ek belang stel in die werk en dit sou kan doen. Dit het by hom die idee gebring: ek behoort redakteur van die tydskrif te word.

"Ek dink nie die hoofbestuur van die Pers was vreeslik gesteld om my daar as redakteur te hê nie, maar hulle het ook nie veel van 'n keuse gehad nie.

1) Le Roux in persoonlike onderhoud

"Ek was indertyd eintlik, wat funksie betref, onderredakteur van Die Huisgenoot, het saam met mnr Markus Viljoen 2) hoofartikels geskryf, en as hy weg was, waargeneem.

"My taak as redakteur kan ek baie kort stel: dit was om goeie ontspanningslektuur en nuttige lektuur, dinge wat vroue se lewe raak, te verskaf.

"En dan, iets wat ek nooit gesê het nie, maar ek wou spesifiek voorligting gee. Ek het dit ook gedoen, maar vir die res: ek wou goeie tydskriflektuur verskaf, 'n lektuur waarvoor 'n mens nie skaam hoef te wees nie.

"Wat my persoonlike gevoel teenoor SARIE betref, kan ek net sê dat aangesien ek die redakteur was, die blad so goed moes wees soos wat ek hom kon maak.

"Dit is al.

"Ek het in my lewe vier werke gedoen: ek was 'n onderwyser in biologie, toe by Huisgenoot, toe redakteur van SARIE, toe hoof van drama op Stellenbosch.

"Nou, ek is met geeneen getroud nie. Ek doen 'n werk so goed as moontlik. Maar by my het my werk nā my huisgesin gekom en nā my persoonlike belangstellings.

"Ek glo nie 'n werk behoort so verterend te wees dat 'n mens aan niks anders kan dink nie. Baie mense dink dat jou werk in alle opsigte eerste moet kom - en dit kom ook in sekere sin eerste - maar dis net dat ek nie enige werk wat ek nog gedoen

2) Redakteur van Die Huisgenoot van 1931 tot 1948



het, sit, slaap, eet en daarmee opstaan nie - daar is meer dinge om aan te dink as net dit.

"Ek het my bes gedoen, so goed ek kon, en die personeel het ongelooflik baie bygedra. Dit was die groot plesier van SARIE. Ek het lank geaarsel voordat ek iemand aanstel, maar daarna het ek haar of hom vryheid gegee. Dit was deel van die plesier - ek het mense gehad wat elkeen verantwoordelikheid en groot lojaliteit teenoor die tydskrif en teenoor mekaar persoonlik gehad het."

Aletta Bergh (gebore Steyn; 14 November 1909 - 18 Januarie 1957):

Aletta Bergh was maar 'n kort rukkie onderredakteur van SARIE - van die begin van die blad se ontstaan tot 1951. In die voorbereidingstyd het sy 'n ernstige ongeluk gehad, wat veroorsaak het dat sy lank ongesond was.

Fred le Roux en Carin Burger het hoofsaaklik die oefenloop vir SARIE uitgesweet. Nietemin, mev Bergh was 'n waardevolle lid van die redaksie danksy haar jarelange joernalistieke ondervinding en natuurlike aanleg vir die werk.

Sy het in 1930 'n kinderdroom verwesenlik deur as vroueredaktrise van Die Burger aangestel te word, die tweede vroueredaktrise en opvolger van M.E.R. 3). Sy wou eers advokaat word en het die graad BA in die regte aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, maar het van st. 9 al sketsies aan Die Burger gestuur. Mnr Frederik Rompel, destyds "tegniese redakteur" (nuusredakteur)

3) Berig "Bekende skryfster oorlede", Die Burger, 19 Januarie 1957

van die koerant, het haar baie aangemoedig.

In 1934 het sy getrou met dr Bresler Bergh, 'n seun van Hendrik Bergh, in wie se huis op Stellenbosch (in 1914) besluit is om Die Burger te stig. Mev Bergh het drie boeke geskryf (sien hoofstuk oor SARIE se letterkundige bydrae).

Sy was die dogter van Willie Steyn, wie se ondervindings in die Tweede Vryheidsoorlog deur Die Burger in 'n berig 4) beskryf is as "n hoogs avontuurlike rol". Steyn is as krygsgevangene na Ceylon gestuur, waarvandaan hy op 'n Russiese skip ontsnap het, teruggekeer het en voortgeveg het. Hy het sy seun na die Russiese skeepskaptein genoem: Vladimir Petrof. Dié het weer sy dogter Petrovna (getroude van: Metelerkamp) genoem. Mev Metelerkamp was lid van SARIE se redaksie (sien lys van redaksielede) en is tans lid van Huisgenoot se redaksie.

Carin Burger 5): "Ek het BSc (huishoudkunde) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, daarna SOD.

"Toe ek 'n senior student in Huis ten Bosch was, kom dr A L Geyer 6) se dogter, Magriet (nou mev ds Muller van Franschoek), daar as eerstejaar. Sy en haar maats was die groentjies na wie ek moes omsien.

"Ons het heeltemal goed bevriend geraak, en sy nooi my in die operaseisoen in die Kaap om 'n naweek saam huis toe te gaan.

4) "Bekende skryfster oorlede", Die Burger, 19 Januarie 1957

5) Burger in persoonlike korrespondensie

6) Hoofredakteur, Nasionale Pers se koerante

"So het ek haar ouers leer ken. Oor die naweek se gesels het ons ook oor tydskrifte en vroueblaaië in koerante gepraat.

"Ek kan onthou dat ek my uitgelaat het oor die verkeerde feite wat so dikwels in die vrouerubrieke voorkom wanneer resepte, patrone, ens. ens. gegee word.

"Nie gedink dat dit enigsins onthou sou word nie! Onthou, ek het nie BA geloop nie, ek het nooit geskryf nie, ek is glad nie literêr nie, het nooit genoeg tyd vir lees gehad nie, want ons kursus het, afgesien van teorie, soveel prakties ingesluit dat ek altyd te veel gehad het om te doen.

"Ek het die volgende jaar op Ceres huishoudkunde-onderwys gaan gee. Dit was teen die einde van daardie jaar dat ek 'n brief van dr Geyer kry om te vra of ek nie belang stel in 'n pos by Die Volksblad nie.

"Ek was heeltemal oorbluf, want ek het geen idee gehad wat dit sou behels nie. In elk geval, ek kon nie dadelik bedank nie en het in April 1946 by Die Volksblad as groen-groen vroueredaktrise begin.

"Elke koerant het daardie dae 'n baie definitiewe vroueblad twee keer per week gehad. Saterdag sosiaal, maar die ander keer meer algemene vrouesake. Gedurende die oorlog, toe die koerant heel klein van formaat geword het (tekort aan papier) het die vroueblad heeltemaal verdwyn. Ek moes dit as 't ware aan die gang kry. My voorganger het dit aangevoer terwyl sy ook by Die Landbouweekblad was, wat toe in Bloemfontein gedruk is.

"Ek was maar skrikkerig vir die werk, maar ons ooreenkoms was 'n proeftydperk van ses maande aan albei kante. Die een wat nie kans sien vir die ander nie, kon kop uittrek. Daar was Skakel Kriek vir my 'n wonderlike leermeester, want hy was toe nuusredakteur by Die Volksblad, en my direkte baas.

"So teen, ek meen einde 1947, kry ek weer 'n brief van dr Geyer - hy was toe hoofredakteur van die Pers se koerante - om te sê dat hulle oorweeg om 'n vroueblad uit te gee en dat hy graag wou hê ek moet Kaap toe kom.

"Ek was heeltemal uit die veld geslaan, hoewel ek stadig my voete by Die Volksblad gevind het, te bewus daarvan dat ek nie regtig 'n skrywer is nie. Ek het natuurlik met Skakel gaan praat, en hy het eerlik gemeen ek is nog nie ervare genoeg om so 'n ding te help aanpak nie.

"Dit was vir my genoeg rede om vir dr Geyer te skryf dat ek nie bekwaam voel om sy aanbod aan te neem nie.

"Maar weens ekonomiese en ander omstandighede het hulle in elk geval toe eers die hele skema uitgestel. Toe hy aan die einde van 1948 aan my skryf, was dit 'n opdrag en nie meer 'n versoek nie: hulle gaan nou die plan deurvoer en 'n vrouetydskrif uitgee, en ek word verplaas Kaap toe.

"Baie dinge was vir my nog vreemd in die tydskrifwêreld. Fred het so 'n wye kennis gehad, en was baie gaaf, altyd, teenoor my. En Aletta (Bergh) was 'n liewe mens. Ons eerste maande saam het ons regtig mekaar leer ken, baie gepraat, om vas te stel wat ons wil hê, hoewel ek dink Fred het uit die

staanspoor geweet presies wat hy wil hê.

"Aletta was ook al meer touwys as ek - sy was tevore by Die Burger vroueredaktrise, en sy het ook al 'n boek uitgegee gehad (Katinka), en haar pa het sy lewenservaring geskryf.

"Al waarvan ek wis, was 'n vrouebladsy in 'n daaglikse koerant. Daardie dae het ek self na die settery moes gaan wanneer my blad opgemaak word, en bystaan as die setsel in die vorms geplaas word. Dan trek hulle 'n proef en kyk ek eers deur of alles nou op die regte plek is.

"Lekker gewees om so self betrek te wees by die praktiese deel. Dit was vir my baie anders by die tydskrif. Fred het self saam met ons tegniese man, Hans Hiebl, 'n Duitser wie se familie nog in Duitsland was, die opstel van elke blad van die proewe af gedoen.

"My deel reg in die begin was om te sien dat die praktiese huisvrou-artikels persklaar kom, en dat inligting korrek is ... Ons het nie 'n kombuis gehad nie, dus het ek menigmaal resepte wat vir my vreemd gelyk het, by die woonstel uitgetoets.

"Ek het ook soms breipatrone wat snaaks voorgekom het, in 'n klein monstertjie uitgetoets. Verder moes ek vir die mode-artikels sorg en vir velversorging. Een blad sosiaal het ons gewoonlik saam gedoen.

"Een groot taak wat ek gehad het, was om die artikels van Kotie Roodt-Coetzee persklaar te maak. Dit was net voor die inwyding van die Voortrekkermonument, en daar was 'n behoefte aan die

regte inligting oor Voortrekkerdrag. Kotie (verbonde aan die Africana-Museum in Johannesburg) het die artikels geskryf.

"Sy het patrone saamgestuur, en alles moes streng volgens voorskrif wees. Nou ja, ek moes dit persklaar maak, patrone verklein, ens. Daar was 'n hele reeks in September 1949.

"Dan het ek by geleentheid graag gehelp met meer algemene artikels. So het Aletta en ek 'n hele reeks oor die ministers se huise geskryf.

"Persoonlik het ek dit gevoel: Ek het baie vertroue in die tydskrif gehad, was altyd seker dat ons bo sou uitkom. Ek het trots gevoel op wat ons bereik het, en was seker dat dit inslag sou vind.

"Ek dink daar was tye dat ons gevoel het ons sou die blad meer diepte wou gee, maar ons moes altyd rekening hou met die massaleserspubliek."

Christa Steyn 7): "Fred le Roux en ek het in 1941 kennis gemaak en daaruit het 'n hegte vriendskap gegroei.

"Dit was natuurlik dat ons sou gesels (of skryf) toe die Nasionale Pers begin het met die beplanning van 'n Afrikaanse vroueblad. In die tyd het ek alreeds geskryf, hoofsaaklik in Die Huisgenoot.

"Ook het ek in 1948 begin om Vrouerubriek by die SAUK te organiseer. In die begin was dit net 10 minute, maar dit het gegroei tot waar dit vandag is. Audrey Blignault in Kaapstad,

7) Steyn in persoonlike korrespondensie

ek in Johannesburg.

"Nietemin was daar toe reeds 'n joernalistieke aanknopingspunt en kon ons gesels oor "Fred se vroueblad" soos dit in my boek staan.

"Hy het my l aat in 1948 gevra om in die redaksie te dien as verteenwoordiger aan die Rand, en in April 1949 het ek my by die redaksie aangesluit teen  10 per maand.

"Hoewel my benaming Randse verteenwoordiger was, het dit eintlik die hele Transvaal beteken, want daar was niemand anders nie.

"My taak was nie net om artikels en kortverhale te skryf nie, maar om ander skrywers ook te kry om bydraes te lewer.

"En dan natuurlik om die tydskrif in Transvaal bekend te stel. Dit help nie om net by die huis te sit nie. Toe het die gedagte by my opgekom om foto-artikels te maak, want daardeur betrek jy mense.

"In die Suid-Afrikaanse joernalistiek het in daardie tyd nog geen foto-artikel verskyn nie, en dus was SARIE die eerste tydskrif of bylae wat di  vorm van joernalistiek beoefen het.

"Die eerste foto-artikel in SARIE was 'n artikel oor die Schnetler-poppe (uitgawe November 1949).

"Maar dit was nog net in Johannesburg, en die hele Transvaal l e braak.

"Dit was nie maklik om 'n fotograaf te kry wat bereid was om op 'n joernalistieke reis uit te gaan nie, hoewel di  stories in

Johannesburg nie moeilik was nie.

"Uiteindelik het ek vir Willem Dreyer (nou ook reeds oorlede) gekry. Hy was van Die Transvaler (Die Transvaler was toe nog soos familie vir die Pers).

"Die eerste toer was na Tzaneen, die Wildtuin en Malelane se wêreld. Dit was baie geslaag, en SARIE het vriende in 'n groot deel van die platteland gekry.

"In 1960 kon ons dit reël dat die redakteur saam met so 'n toer gaan. In totaal was hy op drie: in 1950 na Noord-Transvaal tot by Messina, in 1951 tot in die destydse Lourenço Marques en in 1952 tot in Swaziland."

Alba Bouwer 8): "Ek het in die tweede helfte van 1949 begin, kort nadat die eerste uitgawe verskyn het.

"Ek was indertyd organiseerder van kinderprogramme by die SAUK in Kaapstad toe ek deur Fred le Roux en Aletta Bergh genader is om in die SARIE-redaksie te kom dien.

"Ek het die aanbod van die hand gewys, maar toe hulle my nā 'n paar maande weer nader, het ek daarvoor begin nadink en besluit om aan myself 'n paar nuwe eise te stel deur van werk te verander.

"So het ek daar uitgekom.

"Fred en ek was albei sterk onder die invloed van MER, wat in die redaksie van Die Boerevrou, die eerste Afrikaanse vroueblad, gedien het.

8) Bouwer in persoonlike korrespondensie



"En wat my eie siening van my taak by SARIE betref, was daar twee belangrike dinge: ek het baie beslis 'n verantwoordelikheid teenoor die leseresse gevoel, omdat dit by my deur MER se siening ingeskerp was dat so 'n blad 'n besliste invloed op vroue het.

"In die tweede plaas was ek daarvan bewus dat ons besig was om aan vroue iets te gee vir hul vrye tyd, en dat ons iets moes gee wat vir hulle die moeite werd was.

"MER het op 'n keer, toe ek dit oorweeg het om weg te gaan, aan my gesê:

'Dis een van die belangrikste dinge wat jy kán doen: om aan vroue ordentlike leesstof in hul vrye tyd te gee.'

"Soos die jare aangegaan het, en ons al hoe meer reaksie van leseresse gekry het, was ons ook bewus daarvan dat die blad wel besig was om mense te beïnvloed.

"Vir my was SARIE naderhand 'n werklike deel van my lewe, iets waaraan ek veel te danke het omdat ek die werk so geniet het en getrek het in 'n span wat met onoortreflike harmonie saamgewerk het.

"Dit was ook 'n saak waarin ek myself baie lojaal verbonde gevoel het, soos 'n mens voel teenoor 'n kind wat jy grootmaak, of 'n familielid aan wie jy geheg is omdat sy naby jou lewe."

Blydie Conradie 9): "Hoe ek by SARIE betrokke geraak het?"

"Deur gunste en gawes, moet ek tot my skande erken.

"Ek het my man, Christo Conradie (prokureur in Parow), in 1948 verloor. Sit toe met vier kinders (die oudste sewe jaar) en 'n vyfde vier maande op pad. Finansies ellendig.

"Ek sou kon hou totdat my baba twee jaar oud is. Daarnā sou ek môes uitspring.

"Ek het op Stellenbosch huishoudkunde gestudeer, maar weens siekte nie my kursus voltooi nie. Tik kon ek. Maar ek wou altyd skryf. Het ook voor my troue soms vir Die Huisgenoot, Die Burger se vrouebladsy en 'Van Alle Kante' geskryf onder die skuilnaam Esmē.

"Dr Chris Albertyn was toe hoofbestuurder, soos ek, 'n oud-Porterviller. Ek wis dat hy al baie oud-Portervillers in die veilige hawe van die Nasionale Pers gevestig het.

"Dis toe dat ek, wat gewoonlik nie eens 'n kaartjie vir liefdadigheid kan verkoop nie omdat ek dit so haat om gunste te vra, my op 'n dag bewapen met 'n krokodil se vel en 'n stokstywe ruggraat. Met knakkende knieë, 'n gebed in my hart en met my rug behoorlik teen die muur, gaan spreek ek dr Chris.

"Hy is baie simpatiek, ken my omstandighede; hy sal kyk wat hy kan doen, miskien by Uitgewers?

"Maar toe kom ek met die hoë woord uit: Ek wil so graag by die nuwe Sarie Marais werk! Of ek dink ek sal dit kan doen? Ja, sê ek - in my oormoedigheid, EN nood, en my entoesiasme.

"Ek was selfs skaamteloos genoeg om vir Alba Bouwer, wat ek net geken het en wat toe self maar net 'n paar maande by SARIE doenig was, te bel en te vra of sy nie vir my 'n woord kan doen nie.

"Later het ek gehoor dat my suster, Amanda du Plessis, wat voor haar troue in die vroueredaksie van Die Burger was nā Aletta Bergh, aan laasgenoemde 'n brief geskryf het waarin sy ook my saak bepleit het.

"Buitendien was Aletta Bergh 'n baie ou kennis - trouens 'n ou kys - van my oorlede man! Ek self het haar nie geken nie. Gunste, gawes en konneksies, dis soos ek by SARIE beland het.

"Dit was vir my 'n heerlikheid, 'n baie groot eer en net so 'n groot uitkoms om in die redaksie van SARIE te kon dien.

"Vroulike joernaliste was toe nog dun gesaai; daar was geen joernalistieke kursus aan universiteite nie. Ons, ek sekerlik, het maar so voel-voel ons weg gebaan.

"Omdat ek nog altyd dol was oor 'n huis en alles wat daarmee gepaard gaan - was nog nooit een van die vroue wat reken dat 'n vrou haar nie in haar huis ten volle kan uitleef nie - was die werk by SARIE vir my so heerlik.

"Ek kon vir die vroue vertel van koskook, huis inrig, tuinmaak, blomme rangskik, modes en skoonheid; hulle laat byhou by alles wat nuut was op dié gebied.

"En ek kon nie net dié dinge skryf-skryf doen nie, ek kon ook vertaalwerk doen, en ek kon uitgaan en artikels doen.

"EN my daaglikse brood verdien, en dit by 'n werkgewer soos die Nasionale Pers, wat vir ons nie net brood en botter was nie, maar 'n volksinstelling sedert my kinderjare. Nie net ontvang in die vorm van die maandelikse tjek nie, maar jy kon ook aan die Pers iets teruggee; help bou aan 'n instelling wat vir ons Afrikaanse volk 'n rots en 'n vesting was deur lange, lange jare.

"Ek dink dat selfs al kon een van ons dalk 'n hoër salaris op 'n ander plek kry, geeneen van ons dāarvoor van SARIE sou wou weggaan nie.

"Ek was lief vir SARIE, lojaal aan die blad en het my beste probeer lewer.

"Ek was opreg trots om aan so 'n blad verbonde te wees."

Audrey Blignault 10): "Ek was met die besluit tot 'n vrouetydskrif deur die Nasionale Pers redaktrise van Die Huisvrou, 'n Afrikaanse, oorwegend godsdienstige weekblad vir vroue wat in 1922 begin is. Die uitgewer was Samuel Griffiths & Co.

"Hy het vroeër Die Kerkbode gedruk. Toe hy die drukk kontrak verloor, het die gedagte by hom ontstaan om 'n weekblad vir vroue uit te gee.

"'n Mnr Brisley was tot 1944 redakteur van Die Huisvrou. Ek het op 'n advertensie in The Cape Times gereageer. My man, Andries Blignault, wou 'n mediese kursus volg, en ek het onderneem om broodwinner te word terwyl hy studeer.

"Ek het in Maart 1944 met my werk as redakteur van Die Huisvrou begin.

"Toe op 'n dag, ek meen dit was in 1947 - het Hubert Coetzee en Aletta Bergh met my 'n afspraak gemaak en my meegedeel dat die Nasionale Pers 'n blad vir vroue gaan stig. Hulle het my gevra om tot die redaksie van die blad toe te tree.

"Ek het aan mnr Coetzee gesê dat ek 'n kontrak geteken het om ses jaar as redakteur van Die Huisvrou te werk. Dit sou die tydperk van my man se studiejare dek.

"Ek het aan hulle voorgestel dat hulle mej Alba Bouwer vra om tot die redaksie toe te tree. Sy was in daardie tyd in beheer van kleinkinderprogramme vir die SAUK. Mej Bouwer het die betrekking aanvaar.

"In Augustus 1950 het ek op versoek van Alba Bouwer 'n gereelde dagboekrubriek, Uit die Dagboek van 'n Vrou, begin skryf.

"Alba Bouwer het my al voorheen gevra om so 'n rubriek in die blad te skryf, maar ek het eers nie daarvoor kans gesien nie.

"Ek was toe nog vol in die tuig as redakteur van Die Huisvrou, en ek het die Afrikaanse vroueprogram vir die SAUK, Vrouerubriek, georganiseer. Ek het dié rubriek in Februarie 1946 vir die SAUK gestig, saam met Christa Steyn in Johannesburg.

"Uiteindelik het ek tog ingewillig om die Dagboek-rubriek vir SARIE te onderneem.

"In Desember 1954 het ek ná elf jaar as redakteur van Die Huisvrou bedank. Intussen is die maandblad Naweekpos gestig. Ds Norval Geldenhuys vra my toe om die vroueafdeling in Naweekpos te onderneem.

"Vyf jaar lank het ek dié werk gedoen. Terselfdertyd het ek die Dagboek-rubriek in SARIE bly skryf.

"Uit dié rubriek het toe al verskeie bundels essays ontstaan wat deur die Nasionale Pers uitgegee is. In 1959 het Fred le Roux my gevra om op 'n deeltydse grondslag tot die redaksie van SARIE toe te tree.

"My Dagboek-rubriek het ek so goed geskryf as wat ek kon. Ek het uit my eie lewe en my eie daaglikse ondervinding geskryf.

"Ek het ook 'n gereelde bydrae voorgestel en self geskryf: Die mense praat oor ... Ek het met vroue in die nuus onderhoude gevoer en dan kort artikeltjies oor hulle geskryf. Ek het gereeld boekbesprekings gedoen en nuwe boeke by die lesers aanbeveel.

"Ek het aanhalings uit die letterkunde bymekaar gemaak, vertaal en in SARIE laat plaas onder die opskrif Woorde wat leef.

"Ek het my taak sō gesien: Wat ek skryf, moet goed geskryf wees. Ek moet daarna streef om lewendig en boeiend te skryf. Ek durf nie in clichés en dooie taal verval nie.

"Ek het my altyd baie sterk met die vrou vereenselwig. Ek was daarvan oortuig dat 'n vrouetydskrif in die behoeftes van die vrou moet voorsien. Dié behoeftes, meen ek, is prakties, maar ook geestelik.

"Die vrou soek in 'n goeie tydskrif leiding by allerlei probleme. Die tydskrif moet die vrou ook toegang tot 'n breër wêreld bied.

"Ek was persoonlik bemoeid met die redakteur en verskeie lede van die redaksie.

"Ek het hoë waardering vir hul bekwaamheid gehad.

"Ek het die blad met plesier geles. Ek het 'n sterk gevoel van lojaliteit teenoor die blad gehad, trouens ek het dit nog."

## 9. SÔ IS SARIE ONTVANG

Hoewel dit onmoontlik is om met sekerheid vas te stel wat SARIE vir die vrou van destyds beteken het, is dit tog doenlik om die "feitelike" reaksie op haar verskyning weer te gee.

Om die waarheid te sê: sy was op die eerste dag dat sy op straat verskyn het, heeltemal uitverkoop!

Op dié dag het geen berig of verwysing in Die Burger, haar broer, verskyn nie - al het 'n mens 'n hoofartikel oor dié nuwe tydskrif vir die Afrikaanse vrou verwag!

Die nuwe baba van die Nasionale Pers is so te sê binne 'n paar uur uitverkoop ondanks die feit dat baie min advertensies oor haar koms verskyn het.

Een van die advertensies vir die nuwe tydskrif van die Pers het in Die Burger van 20 Junie 1949 verskyn, dus sowat twee weke voor die verskyning.

Dit het so gelui:

"Met trots kondig ons aan ...

SARIE MARAIS

die jongste lid van die alombekende familie van Nasionale Pers-Publikasies.

Die eerste uitgawe bevat onder meer

- \* Die Man wat Ons die Nuwe Voorkoms gegee het
- \* 'n Vrou die Kampioen-wynmaker van ons land!



- \* Is die Skoolvoedingsplan 'n Goeie Instelling?
- \* 'n Vroue-arts vertel van sy Merkwaardigste Ondervindings
- \* Eerste hoofstuk van 'n Liefdesverhaal deur E J M Fraser
- \* Kortverhale, Breipatrone, Resepte, Blommerangskikking, Skoonheidswenke, Huisverfraaiing.

Vanaf 6 Julie oral verkrygbaar teen 6d per eksemplaar  
Vir "Vir Vrou Moeder Dogter"  
plus 'n intekenvorm daarby.

Op 2 Julie 1949 verskyn 'n nuusberig en 'n foto oor die eerste pas gedrukte SARIE. Die hoofopskrif lees Nuwe Tydskrif vir die Afrikaanse vrou, met die subhoof Eerste uitgawe van Sarie Marais gereed.

Die foto daarby is van drie redaksielede by 'n eksemplaar van 'n SARIE, met die onderskrif: "Die eerste eksemplare van Sarie Marais, die nuwe tydskrif van die Nasionale Pers vir vroue, rol uit die drukpers. Op die foto, van links na regs, staan mej C Burger, lid van die redaksie van Sarie Marais, mev A Bergh, onderredaktrise, en mnr Fred le Roux, die redakteur." (Die drie het in daardie stadium die hele redaksie van SARIE uitgemaak, op die Transvaalse verteenwoordiger na.)

Die artikel self is soos volg:

"Met die verskyning van Sarie Marais op 6 Julie, sal 'n lang gekoesterde ideaal van die Nasionale Pers verwesenlik word: die uitgawe van 'n weekblad spesiaal vir die Afrikaanse vrou.

"Haar belange het in die afgelope jare so uitgebrei dat hulle nie meer deur 'n rubriek in 'n gewone weekblad behartig kan word nie. Sy moet 'n tydskrif hê wat elke week in haar praktiese behoeftes

voorsien en terselfdertyd ook vir haar prikkelende gedagtes voorlê en ontspanningsleesstof verskaf om verveling te verban.

"Dit is kortliks wat Sarie Marais beoog.

"Daar sal weekliks artikels oor modes, skoonheid en kookkuns verskyn en om die beurt artikels oor huisbeplanning en -verfraaiing, tuinbou en blommerangskikkings. In die moeder se behoeftes sal voorsien word deur artikels oor kindersorg en kindersielkunde waarin deskundiges probleme bespreek en praktiese wenke aan die hand doen, mediese en ander artikels.

#### Patrone

"Die grootste sorg is gewy aan die uitkies van mooi en betroubare breipatrone waarvan een of twee weekliks gegee sal word, sowel as naaldwerkpatrone.

"Die redaksie van Sarie Marais het daarin geslaag om 'n Switserse patroondiens wat reeds op die vasteland van Europa voorrang geniet, sowel as 'n Engelse patroondiens teen billike pryse te kry.

"Wat betref ontspanningsleesstof het Sarie Marais daarin geslaag om die medewerking van die beste Afrikaanse tydskrifskrywers en -skryfsters te verkry. Drie of vier kortverhale, een of meer hoofstukke uit 'n spannende vervolggerhaal en - vanaf die tweede uitgawe - 'n volledige novelle gaan weekliks verskyn."

Die dag nā haar verskyning haal SARIE darem weer die koerant met die hoofopskrif Sarie Marais Binne Dag Uitverkoop, met die subhoof Nuwe Vroueblad Geesdriftig Ontvang.

'n Advertensie op diē dag kondig (baie beheers) slegs aan:

"SARIE MARAIS - eerste uitgawe gister heeltemal uitverkoop!"; en raai dan lesers aan om maar hul volgende eksemplaar vroegtydig te bestel.

Die berig in dieselfde Burger lui sō:

"'n Hartlike ontvangs het Sarie Marais, nuwe weekblad vir vroue wat deur die Nasionale Pers Bpk uitgegee word, gisteroggend by sy verskyning te beurt geval. Binne 'n dag se tyd is alle beskikbare eksemplare uitverkoop.

"Gisteroggend sewe-uur is die eerste eksemplare op straat verkoop en om twaalfuur was daar in geen boekwinkel in Kaapstad meer 'n enkele eksemplaar te kry nie.

"Telegramme en telefoonoproepe uit alle oorde - selfs so ver as Windhoek - het gistermiddag by die sirkulasiebestuurder ingestroom. Almal wou nog voorrade hê.

"Plekke nader aan Kaapstad, soos Paarl, Wolseley, Moorreesburg, Porterville, ens., wou 'n onmiddellike verdubbeling van hul oplaag hê.

"In Kaapstad het die blad so vinnig uitverkoop dat die plaaslike tak van die C.N.A. (die verspreiders van Sarie Marais) wat 'n voorraad eksemplare aan die C.N.A. in Johannesburg gestuur het, gistermiddag 'n telegram aan laasgenoemde moes stuur: "Ons voorraad in Kaapland uitverkoop. Kan u enige voorrade terugstuur." Die antwoord het dadelik gekom: "Onmoontlik. Ons het elke beskikbare eksemplaar self nodig."

"Een agent wie se oplaag gisteroggend om halftien met 250 vermeerder is, was kort daarna weer uitverkoop. Uit die stadsgebiede word berig dat mense gisteroggend op die stasie tougestaan het om Sarie Marais te koop voordat hulle op die trein na die stad klim. In die voorstedelike treine kon jy dan ook net eksemplare van die nuwe vroueblad sien.

"Ook uit die Vrystaat en Natal word berig dat die nuwe weekblad vir die Afrikaanse vrou 'n onmiddellike en groot afset gevind het.

"Posintekenaars word natuurlik verseker van hul eksemplare. Om seker te maak van hul eksemplare, word lesers dus versoek om onmiddellik hul bestellings by hul agent of by Posbus 692, Kaapstad, te plaas."

Die blad kon duidelik nie geïgnoreer word nie. Op 19 Julie kry SARIE weer 'n beriggie op die nuusblaaie van Die Burger, naamlik dat dié nooi almal se harte verower! Hierdie keer staan die berig op bl 2. Dit lui:

"Die vraag na die nuwe Afrikaanse weekblad Sarie Marais is fenomenaal. Die twee uitgawes wat tot dusver verskyn het, is dwarsdeur die Unie, Rhodesië en Suidwes verkoop, en telegramme en telefoonoproepe stroom nog daagliks in waarin groter oplaes gevra word, na die sirkulasiebestuurder van die Nasionale Pers gister gesê het. Dit het die grootste verwagtinge van die redaksie, uitgewers en sirkulasieafdeling van die blad oortref.

"Hy het gesê dat die tweede uitgawe ook uitverkoop is, in weerwil van die feit dat die aantal wat gedruk is, aansienlik

verhoog is. Daar is agente wat drie maal soveel eksemplare gevra het as wat hulle voorheen ontvang het. Die derde en vierde uitgawe word nog verder vermeerder, het hy gesê.

"Die sirkulasiebestuurder van die blad in Transvaal, wat reeds meer as twintig jaar met die soort van sake te doen het, het gesê dat daar in die laaste 22 jaar nie so 'n geweldige vraag was na 'n weekblad nie.

"Uit briewe wat die redaksie van die blad ontvang het, blyk dit dat die blad dadelik 'n geesdriftige leserskring ontvang het. Groot getalle briewe uit alle dele van die Unie is ontvang waarin die blad met sy verskyning gelukgewens is.

"Die toon van die briewe is vriendelik en waarderend en bykans almal spreek die hoop uit dat die blad sal voortbestaan en aangroei. Baie van die blad se lesers sê dat hulle uitgesien het na die blad, maar dat hulle nogtans met die gehalte daarvan 'n aangename verrassing ontvang het. Sommige briewe het melding gemaak van die mooi buiteblaaie van die blad, veral die van die tweede uitgawe. Sommige briewe het gesê dat dit die mooiste is wat hulle tot dusver in Suid-Afrika gesien het."

Die laaste berig wat na die verskyning en fenomenale groei van SARIE verwys, is dië op 20 Augustus 1949. Dit het selfs die voorblad gehaal!

Die hoofopskrif lui:

Sarie Marais slaan alle SA Persrekords en die subhoof:

Ongeëwenaarde groei in blad se sirkulasie.

Die berig self:

"Alle bestaande rekords in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse pers is geslaan deur die ongeëwenaarde snelheid waarmee Sarie Marais, die Nasionale Pers se nuwe weekblad vir vroue, nā net sewe uitgawes 'n sirkulasie opgebou het waarop enige stewig gevestigde blad trots kan wees.

"Die uitgewers se verwagting is ver oortref en Sarie Marais het in die paar weke 'n leserskring verwerf wat meer as dubbel so groot is as ooit verwag is. Oral vermeerder agente nog hul oplaes en elke dag stroom die intekenings op die blad in. Die styging het met duisende per week geskied.

"Dat die redaksie van Sarie Marais die smaak van hul leseresse reg geskat het, word deur hierdie fenomenale leserskring bewys. Leseresse vind die blad so boeiend dat een agent gekla het dat sy weeklikse bondel tydskrifte op die stasie deur 'n aantal vroue bygedam is. Hulle het dit oopgesny en elkeen het haar aan 'n eksemplaar gehelp, en die agent darem later die geld daarvoor besorg. Hulle kon nie wag totdat dit op die agent se toonbank was nie.

"Woensdag, die dag waarop die nuwe Sarie Marais verskyn, is 'n dag waarop deur al hoe meer vroue vurig verwag word.

"Iets wat veral by Sarie Marais se leseresse byval vind, is die patroondiens. Bestellings vir hierdie patrone stroom in en sommige van die patrone is al skoon uitverkoop. Sarie Marais het ook 'n nuwe standaard geskep wat fyn versorgde voorblaaië betref.

"'n Wedstryd is georganiseer om in 'n beter mate vas te stel watter voorblaaie in die smaak van die leseresse val. Daar word egter nie net met voorblaaie geprobeer om te vind wat leseresse veral wil hê nie, maar ook in rubrieke oor sake soos binnenshuise versiering, modes, vrouesake, opvoeding van kinders en ander.

"Baie lesers het al die vrees uitgespreek dat Die Huisgenoot se sirkulasie miskien hierdeur geraak sal word, maar die teendeel is die geval. Die Huisgenoot se sirkulasie styg nog aanhoudend en vir 'n rede hiervoor hoef daar nie gesoek te word nie.

"Die Huisgenoot sal op 28 September 'n nuwe voorkoms kry wat opmaak en inhoud betref en wat dit nog aantrekliker en interessanter sal maak."

Hieruit kan afgelei word dat SARIE met haar verskyning 'n revolusie op die tydskriftemark veroorsaak het. Die standaard van voorblaaie, blad-uitleg en inhoud wat sy gestel het, is nog nooit tevore in Suid-Afrika gesien nie. Selfs die destydse en hedendaagse prins onder die tydskrifte, Die Huisgenoot, het (moes?) kort ná SARIE se verskyning "n nuwe voorkoms ... wat opmaak en inhoud betref" aanvaar.

Dit was die onmiddellike reaksie op SARIE se verskyning. In die volgende twee hoofstukke word die inhoud bespreek en watter moontlike betekenis dit vir die Afrikaanse vrou kon hê.

10. SARIE SE MOONTLIKE BETEKENIS VIR DIE AFRIKAANSE VROU VAN DAARDIE TYD EN DIE TYDSKRIF SE BYDRAE TOT HUWELIKS-, GESLAGS- EN GESONDHEIDSVOORLICHTING EN KINDEROPVOEDING

Hoewel 'n mens nie met volstreekte, feitelike sekerheid kan vasstel wat SARIE vir die Afrikaanse vrou in die laat veertiger- en vroeë vyftigerjare beteken het nie, kan afleidings gemaak word uit betrokkenes se menings en uit briewe en artikels in SARIE-bundels.

Ek gee eers 'n kort opsomming van die voorligtingsreeks (in die eerste sowat vier jaar) wat die meeste reaksie by lesers uitgelok het. Dit is, soos 'n mens kan verwag, dië reeks waarin seks ter sprake gekom het. Ander voorligtingsreeks, soos oor kinderopvoeding, hoewel nie minder belangrik nie, behandel ek in die volgende hoofstuk.

In die eerste vier jaar van SARIE se bestaan is artikels gepubliseer wat as revolusionêr vir hul tyd beskou kan word. Nog nooit tevore is in Suid-Afrika, in Afrikaans, seksvoorligting so openlik benader nie (diskreet "huweliks-" of "geslagsvoorligting" in daardie jare genoem; seks het maar eers later 'n gebruikswoord geword).

Die artikels is wetenskaplik maar bedoel vir die leek, geskryf. Sommige lesers het beweer die artikels is niks anders as sensasie nie 1). Die redaksie het dit as opvoedkundig gesien en in goeie smaak aangebied.

1) Briewe in SARIE se briewekolom, 1949-1952



Etlike reekse het in dié tyd verskyn. Die eerste was dié van dr Frederic Loomis, 'n Amerikaanse dokter wat een van die eerstes was wat populêre mediese artikels geskryf het 2), en beslis die eerste wat oor dié onderwerp in Suid-Afrika gelees is.

Die eerste Dr Loomis-reeks het in 1949 verskyn, en in 1950 nog 'n reeks. Onder die onderwerpe wat hy behandel het, was Net vóór die huwelik (die noodsaaklikheid van 'n dokters-onderzoek voor die nuwelik), Knaende onwaarhede (oor allerlei mites wat deur onkunde veroorsaak word) en Kinderlose egpare.

"Psigiater" het in 1950 en 1951 etlike voorligtingsreekse geskryf. Sy eerste artikel, Trou is nie perdekoop nie, is in twee afleweringe geplaas. Die eerste het gegaan oor Het ek hom lief of is ek verlief?, die tweede oor Hoe moet ek 'n lewensmaat kies? 'n Kort artikelreeksie wat 'n groot bohaai veroorsaak het, het oor kilheid by vroue gegaan. Daaroor later.

Dr H B Safford was die skrywer van die gewilde reeks Sê my, dokter. Dié reeks het ook protesbriewe ontlok, maar elke keer is dit oorval met briewe van lesers daarvóór. Dit het die werking van die vroulike liggaam pront uiteengesit in 'n paar artikels, onder meer Bou van die vroulike liggaam (die eerste) en Hoe die vrou se liggaam werk (wat gehandel het oor menstruasie, ovulasie en swangerskap). Die reeks het in 1951 begin. Ander onderwerpe wat hy behandel het, was onvrugbaarheid, gewasse, swangerskap, geboorte en keisersnee.

Dr G O Roberts se reeks Op weg na die liefde is ook in 1951 gepubliseer. Dit het die ontwikkeling van die liefde in 'n mens

2) Soos in 'n bekendstellingsartikel oor Loomis in SARIE, 18 Januarie 1950

se lewe, byvoorbeeld die babastadium en homoseksualisme, bespreek.

In 1952 het Gladys Schultz se reeks Briewe aan Alet verskyn. Dit het die vorm aangeneem van briewe van 'n ma aan haar universiteitsdogter, en het oor onderwerpe soos Is 'n meisie onnosel om 'n maagd te bly en Wat kos Vrytjies gehandel.

Die eerste redakteur van SARIE, Fred le Roux, het dit een van sy hooftake gemaak om mediese en geslagsvoorligtingsartikels in SARIE te plaas. In daardie stadium was bitter weinig inligting oor die onderwerp in Afrikaans beskikbaar, en daar was 'n groot behoefte daaraan.

Volgens prof Piet Cillié 3) het Le Roux op 'n keer aan hom gesê: Meisies van agttien weet nie waar babatjies vandaan kom nie. SARIE was die eerste Afrikaanse, en ook Suid-Afrikaanse, tydskrif wat met dié diens aan lesers begin het.

Le Roux het self gesê 4): Dit "was een van die dinge wat ek my voorgeneem het om te doen, veral die mediese artikels, omdat ek reeds as kind opgemerk het hoe baie vroue ongeneeslik siek raak of doodgaan omdat hulle uit 'n valse gevoel van skaamte nie 'n dokter raadpleeg nie. Ek het dit ook in my eie familie gesien, en in my eie omgewing. En toe ek die kans gehad het om daaraan iets te probeer doen, het ek - natuurlik vir sover 'n mens destyds pront mediese en pront seksuele artikels kon doen.

"Vandag kan 'n mens geen idee hê nie hoe 'n gebrek aan kennis daar was oor mediese sake, en hoe 'n valse gevoel van skaamte daar was by vroue. In die eerste plek was daar baie min vroulike geneeshere.

3) Cillié in 'n persoonlike gesprek

4) Le Roux in 'n persoonlike onderhoud

Vroue was skaam om vir mediese ondersoek te gaan.

"Van my eerste artikels was oor die noodsaaklikheid om jou uit te trek en nie skaam te wees nie; dat dit vir 'n dokter nie iets wonderliks of snaaks is om 'n naakte vrou te sien nie.

"Daar is nie die minste twyfel nie dat daardie artikels broodnodig was, en dat, van agterna gesien, hulle 'n baie goeie uitwerking gehad het. Die hele openlikheid waarmee vandag gepraat word, het nie vanself gekom nie, dit is voorberei deur daardie soort werk.

"Ek dink nie daar is ooit te ver gegaan in Sarie Marais nie - daardie soort protes het ek nooit gehad nie. Die meeste mense wat beswaar gehad het, het net gevra: 'Is julle nie bang dat julle te ver gaan, of afstoot nie?'

"Reeds in die eerste uitgawe het ons met die dr Loomis-reeks begin. Later het ons ook 'n uitvoerige reeks oor vrouesiektes gehad, in die reeks Sê my, dokter. Daar was byna geen beswaar van vroue nie, slegs hier en daar. Oor die algemeen is dit goed aanvaar.

"Maar om 'n voorbeeld te gee van die vooroordele van die mans in die Pers. Ek het 'n reeks gehad wat duidelike geslagsvoorligting en vrouekwale medies behandel het, en baie pront behandel het (die Sê my, dokter-reeks - skrywer).

"Toe het die ACVV 'n onderhoud met die direksie aangevra om sekere klagte te kom lug; hulle het nie gesê wat nie. Alle redakteurs is ingeroep om te hoor wat ons dan geplaas het waaroor die ACVV beswaar kon hê. Geeneen het gedink hulle het

so iets geplaas nie.

"Toe sê ek: Wel, ek het een of twee briewe gekry, moontlik het die mense beswaar teen die geneeskundige en seksvoorliggende artikels. Nou, ek is met 'n stywe preek daar uit.

"En toe kom die onderhoud, en waaroor het hulle beswaar? Nee, daardie goed is uitstekend, daar moet meer van kom. Hulle het beswaar teen die morsige moord- en misdadverslae wat in Die Burger verskyn. Hulle het almal vroom daar gesit, en op die ou end het die ding na hulle gekom - waar ek groot plesier van gehad het."

Die feit dat die ACVV die artikels goedgekeur het en dat, wat hulle betref, daar meer van geplaas moes word, het nie die redaksie die groen lig gegee om meer gewaagde artikels te plaas nie.

Le Roux 5): "Dit was 'n soort ding waarvan ek altyd bewus was: 'n verstandige ouer moenie beswaar daarteen hê dat sy kinders die tydskrif lees nie. Daar moenie bedenkinge oor die artikels oor geslagsvoorligting wees nie; nie uit preuts- of bangheid nie.

"Ons was baie bewus dat die boek ongesensureerd in huisgesinne rondlê, en ons het die blad ook so geredigeer. Hierin het ek en Alba baie ooreengestem.

"Wat SARIE vir die Afrikaanse vrou beteken het ... dit weet ek nie.

"Ons het wel altyd baie waardering gekry; baie waarderende briewe - min, feitlik nooit dat die blad hulle verveel nie; soms

5) Le Roux in 'n persoonlike onderhoud

dat hulle nie saamstem nie. Daar was 'n lewendige reaksie.

"Daar was eindelose waardering vir byvoorbeeld die Bêreboekies wat ons indertyd noodgedwonge moes insit. Dit was 'n truuk om mense te laat dink hulle kry meer as waarvoor hulle betaal het, en het saamgekom met die verskriklike prysverhogings wat ons in een stadium gehad het.

"Meer as dit kan ek nie sê nie."

Die eerste redaksielede meen SARIE het die volgende vir vroue beteken: Carin Burger 6): "Ek kan maar net verwys na die aantal briewe wat ons onder By SM op kantoor geplaas het. Dié rubriek was 'n goeie plan van Fred om vroue te laat reageer.

"En dis presies wat ek gedink het dié blad beteken: soos ek glo nou, is SARIE aangehaal as bewysplaas.

"Dit was lekker ontspanningsleesstof. Die modes was wel 'n bietjie meer buitelands, maar het vroue bewus gemaak van wat om hulle aangaan.

"Soos die tye verander, so verander die behoefte natuurlik ook. Kommunikasie-middele was toe meer beperk, gevolglik het SARIE 'n sterk band tussen vroue geword."

Alba Bouwer 7): "SARIE het beslis in daardie eerste jare vir die vroue vryetyds-leesstof verskaf en hulle gewoond gemaak aan 'n sekere standaard.

"Ons was indertyd nog maar preuts in ons aanbieding van inligting, en tog het daar ook geleidelik 'n groter openheid gekom in die manier waarop huweliksprobleme en seksvoorligting aangebied is.

6) Burger in persoonlike korrespondensie

7) Bouwer in persoonlike korrespondensie

"Daar was egter altyd 'n sekere, wat die Franse noem pudeur, 'n skaamtegevoel, wat ons, sal ek maar sê gehandhaaf het in hierdie soort stukke.

"Rookgewoonte - dit was uit, en ons het dit konsekwent in verhale en artikels uitgehaal. Die uitgangspunt was: Ons is hier om mense te help en ons doen niks, as ons moontlik kan, wat hulle sal benadeel nie."

Blydie Conradie 8): "SARIE het werklik vir die Afrikaanse vrou van daardie dae 'n geliefde vriendin geword.

"Daar was 'n behoefte aan so 'n blad, en daarom het die blad so onmiddellik ingeslaan.

"Aktuele en leersame artikels is geplaas; ons het goeie reekse bekom, desnoods gekoop en vertaal.

"Ek glo werklik dat SARIE al wat vrou was, in daardie jare 'n 'boost' gegee het."

Audrey Blignault 9): "Dis seker nie moontlik om met juistheid vas te stel wat SARIE van daardie tyd vir die vrou beteken het nie.

"Op my Dagboek-rubriek het ek altyd baie reaksie gekry.

"Uit briewe van lesers wat aan die redaksie gerig was, het 'n mens die indruk gekry dat die blad 'n werklike behoefte vervul."

In die rubriek By SM op kantoor, wat sedert 18 Januarie 1950 verskyn het, is dit veral duidelik wāt SARIE vir sy lesers

8) Conradie in persoonlike korrespondensie

9) Blignault in persoonlike korrespondensie

beteken het deur die mediese en seksvoorligtingsartikels wat die redakteur so na aan die hart gelê het.

Tientalle, nee honderdtalle, briewe is gepubliseer, en nog baie meer ontvang, ten gunste van die voorligtingsartikels.

In die eerste By SM op kantoor stel die redaksie onder meer dr Frederic Loomis voor - die Amerikaanse dokter wat die eerste was wie se "populêr" aangebode mediese artikels in Suid-Afrika gelees is, en dus die weg gebaan het vir die "openheid" waaroor vandag oor seks gepraat word.

"In die uitgawe van 13 Desember 1950 word van die eerste reaksies op "Psigiater" se artikels geplaas. Twee van die briefskrywers stem hartgrondig met die nodigheid van die artikels saam, maar een, "n Moeder", keur dit ten sterkste af.

Ek gee heelparty briewe, of uittreksels uit briewe, omdat dit 'n duidelike weerspieëling van houding en gesindheid is.

Een van die twee genoemde lesers skryf onder meer soos volg: "Psigiater het sonder twyfel sy vinger op die pols, en ek wil die hoop uitspreek dat lesers en leseresse nie iets sensasioneels in die artikels sal soek nie, maar die praktiese raad sal probeer volg wat daarin opgesluit lê." Die ander leser, 'n vader, vra verdere raad oor hoe om "die regte voorligting" vir sy drie dogters te gee. (Die redaksie het die gevraagde inligting aan hom ge-pos.)

Nou die brief van kritiek:

"As 'n vaste leser van Sarie kyk ek uit na sy weeklikse verskyning, maar ek voel dat ek my plig as moeder baie sal versuim as ek langer stilbly oor sulke artikels soos 'Trou is nie Perde Koop nie'.

"Ag nee wat, ons woon mos nie in Amerika waar losbandigheid heers nie!

"Sekerlik behoort u te beseef dat SARIE deur jong kinders van albei geslagte gelees word, en ek dink werklik dat dit met een woord onvanpas en ongesond is om sulke artikels, wat enige welopgevoede moeder van ondervinding liever in haar doktersboek sou sien wat sy agter slot en grendel hou, in 'n tydskrif te plaas. Ek vra jou! Sulke dinge soos die oorsake van kilheid deur 'n kind gesien - is dit nie onnodig nie?"

Dié brief het 'n stortvloed van briewe ontketen. In die uitgawe van 10 Januarie 1951:

"Ek het die brief van 'Moeder' met verbasing gelees. Sy vra of dit nodig is dat kinders dinge moet lees soos die oorsake van kilheid by 'n vrou. Dit is bepaald onnodig. Maar SM is nie 'n kinderblad nie, maar 'n tydskrif vir die jongmeisie, vrou en moeder.

"As SM haar leesstof moet aanpas by die behoeftes van kinders, wat van ons jongmeisies wat miskien reeds op die vooraand van die huwelik staan? Die jongmeisie vir wie die 'doktersboek' in haar kinderdae agter slot en grendel gehou is, weet behalwe wat sy hier en daar by 'n vriendin opgetel het, niks van die werklike lewe nie.

"Waar moet sy die kennis vandaan haal wat so onontbeerlik is vir haar toekomstige, huweliksgeluk, as SM nie die noodsaaklikheid ingesien het om sulke artikels te publiseer nie? Ek is



dankbaar dat my gunstelingblad in hierdie behoeftes van jongmeisies en vroue probeer voorsien."

Nog 'n leser skryf: "Die artikels van Psigiater is baie leersaam en baie duidelik en mooi geskrywe, ek kan die tyd nie afwag vir die volgende SM nie."

Nog een: "Psigiater se reeks artikels oor huweliksprobleme vind ek uiters leersaam en boeiend. Hulle verdien die grootste waardering van SM se lesers. Die skrywer kom telkens terug op die belangrikheid van die geslagtelike kant van die huwelikslewe en doen dit so mooi en suiwer dat 'n mens nie anders kan as om dit te waardeer nie. Die meeste mense wat gaan trou, dink nie oor hierdie belangrike saak in die huwelik nie. As iemand wat reeds oor die twintig jaar getroud is, en wie se oë eers gedurende die huwelik oopgegaan het vir die wonderlike moontlikhede wat 'n gesonde verhouding in die huwelik bied, kan ek Psigiater se raadgewings van harte onderskryf. Met hierdie reeks artikels het Psigiater en Sarie Marais na my mening 'n duidelike bydrae gemaak tot die bevordering van 'n gesonde huwelikslewe onder die lesers van die blad."

"Nog 'n leser skryf: "Die moeder wat beswaar maak teen Psigiater se artikels en blykbaar haar kinders in 'n glaskas wil grootmaak, moet tog ook sorg dat hulle nie Amerikaanse tydskrifte en True Stories in die hande kry nie. Ek vind Psigiater se artikels interessant en leersaam en bewaar hulle. Woon ons dan nie in 'n verligte eeu nie? Waar kom al die preutse mense vandaan?"

In die volgende uitgawes is briewe soos die volgende gepubliseer: "... Ons hoop dat u u nie sal laat afskrik deur 'Moeder van Oos-Londen' nie. Waar sal ons volk beland as ons moeders alles in

doktersboeke wegsluit? Aan die wortel van die kwaad in baie gevalle van egskeidings en sedelike oortredings lê niks anders as onkunde nie. Nee, Psigiater, ek wil die hoop uitspreek dat die artikels wat jy skryf nog baie goeie vrugte sal dra en baie jong mans en vroue, en selfs ou getroudes, se oë sal oopmaak."

Nog 'n leser: "Ek wil 'Moeder', wat Psigiater se artikels kritiseer, daarop wys dat SM nie 'n kinderblad is nie, maar 'n vroueblad. Wat verstaan u kinders per slot van rekening van die oorsake van kilheid. Hulle weet nie eens waaroor dit handel nie. Wanneer 'n kind 16 jaar oud is, behoort hy of sy oor hierdie sake ingelig te word.

"Psigiater se artikels is vir my van die interessantste wat ek nog ooit gelees het, en dit leer 'n mens jou huwelikslewe beter waardeer."

Nog 'n leser wat saamstem: "Ek het 'n ruk gelede iemand se menings oor Psigiater se artikels gelees - die moeder het dit glo as skadelik beskou dat sulke artikels in SM verskyn. Ek kan nie met haar saamstem nie. Ons behoort te weet dat SM bedoel is vir vroue. Daar is baie ander leesstof vir kinders. En as 'n kind die ouderdom bereik waarop hy in ingewikkelde artikels belangstel, is dit seker hoog tyd dat hy daarvoor ingelig word."

'n Ander leser skryf: "Graag wil ek u bedank vir die puik uitgawes van SM, veral vir die artikels van Psigiater. Ek wil 'Moeder' en alle ander moeders aanraai om die slot en grendel van die medisynekassie af te haal. Dit sal miskien

die oplossing van baie huweliksprobleme wees. My eie huwelik was byna verongeluk, en dit deur onkunde. As moeders hul kinders reg sal inlig, sal hulle nie geslagsake as iets sensasioneels beskou nie."

'n Predikantsvrou skryf: "Vir my as predikantsvrou beteken die Sarie Marais werklik iets ... Psigiater wil ek in die besonder bedank vir die simpatieke en openhartige wyse waarop hy sake uiteensit. Ek is dankbaar vir die groot mate van geluk wat ek nog altyd uit ons huwelik gekry het, maar Psigiater het my oë oopgemaak vir die dinge wat moontlik skeef kan loop sodat ek daarteen kan waak. Mag dit vir ander ook hernude moed en toewyding inboesem."

Nog 'n leser skryf: "Ek het die artikel van Psigiater oor die oorgangstydperk by die man en die vrou baie waardevol gevind. Het ek maar meer van die dinge geweet toe ek jonger was, dan sou ek my eie moeder ook meer kon waardeer en beter verstaan het. Moeders wat meen dat die soort leesstof nie vir hul dogters geskik is nie, kan gerus hieroor nadink."

'n Ander leser wat groot waardering vir Psigiater se raad het, het ook die volgende te sê: "Ek hoop dat Psigiater ook darem 'n bietjie raad aan die getroude mans gaan gee: hoe hulle die vrou in ag kan neem, haar kan help met die kinders, verjaardae kan onthou, hul vroue geldelik onafhanklik kan laat voel en van watter onskatbare waarde 'n bietjie lof en waardering en bedagsaamheid in die huis kan wees."

Ook op die artikelreeks Op Weg na die Liefde deur dr G D Roberts is lewendige reaksie ontvang.

Een hiervan was: "Ek is al getroud, maar kan nie anders as om die reeks Op Weg na die Liefde hemelhoog te prys nie.

Hoeveel van ons jong dogters en seuns wie se ouers te skaam is om hierdie inligting aan hulle te gee, het nie by die lees van die artikels gebaat nie? Hierdie artikels, glo ek, sal help om meer gelukkige huwelike tot stand te laat kom."

'n Briefie waarin ook vir Psigiater se artikels bedank word, verskyn in By SM op kantoor op 27 Junie 1951: "Ek wil graag my dank uitspreek vir die waardevolle en leersame artikels deur dr Roberts en Psigiater. Dinge wat vir my vroeër onoplosbaar gelyk het, het nou vir my duidelik geword."

'n Leser skryf onder die skuilnaam "Verligte eeu" (gepubliseer By SM op kantoor, 10 Oktober 1951) soos volg: "Vandat SM meer as twee jaar gelede begin verskyn het, het ek dit nog elke week getrou en met groot belangstelling gelees. Ek voel darem dat ek my waardering wil uitspreek vir die houding en gesindheid wat daar van die begin af in die blad was ten opsigte van geslagsake. Daar is vandag ongelukkig nog baie mense vir wie dit 'n onderwerp is waaroor daar noodwendig òf gefluister òf geswyg moet word. Waarom?

"Waarskynlik omdat dit vir die meeste mense iets is wat geassosieer word met iets wat sondig en skandelik is. Is dit egter nie 'n feit dat hierdie houding van stilswye en skinderpraatjies juis baie sondes en skandes ten gevolg het nie?

"As mense geslagsake sou sien as deel van die mooiste dinge in die lewe, verhewe bo goedkoop praatjies, sensasionele stories

en onkiese insinuasies, as hulle van jongs af sou grootword met die opvatting dat dit iets doodnatuurliks is, sou daar baie minder skandes en sondes in hierdie verband wees.

"Onkunde bly een van die grootste oorsake van mislukkings op meer as een gebied van die lewe, en dit is veral op hierdie gebied 'n belangrike oorsaak van meer as een mislukking en dwaling.

"Ouers wat hierdie saak in die regte lig sien, sal ook daartoe in staat wees om hul kinders se vrae oor geslagsake eerlik en wetenskaplik en sonder om te stotter of te bloos, te beantwoord.

"In die artikels wat daar tot dusver oor hierdie sake in Sarie Marais verskyn het, is daar na my mening nog altyd met die nodige eerbied en respek en op wetenskaplike wyse oor die onderwerp en alles wat daarmee in verband staan, geskryf, en ek hoop daar sal met die goeie werk voortgegaan word.

"As ons moeders en ons dogters sulke artikels lees, sal hulle nooit kan sê dat hulle afgedwaal het omdat hulle nie geweet het nie."

Die reeks Sê my, Dokter, waarin onder meer 'n baie duidelike uiteensetting van die werking van die vroulike liggaam gegee is, het van die hewigste polemieke ontketen. Dit het so erg geword dat die redaksie in die laaste uitgawe van 1951 sy kant van die saak gestel het. Die polemieke het begin met briewe wat in By SM op Kantoor op 31 Oktober 1951 gepubliseer is.

Die eerste een gaan sô:

"Ons is almal so gebelg oor die afskuwelike artikel oor ons

vrouens in die uitgawe van 3 Oktober dat ek nie kan en mag swyg nie. Ek weet u sal my uitlag, my as bekrompe beskou, maar daarvoor gee ek nie om nie. Om alles te kroon, is daar nog illustrasies ook by. Sulke goed hoort immers tuis in mediese blaaië wat deur onkundige vrouetjies gekoop en privaat in hul slaapkamers gelees word. Ons is nie almal hartelose moeders wat ons dogters so deur 'n manlike dokter sal laat ondersoek nie. Dan word die bevindings nog in 'n tydskrif die wêreld ingestuur. Dis 'n blad wat deur oud en jonk, man en vrou en seun en dogter gelees word. Ek is nou so skaam vir my seun, want hy koop altyd die Sarie Marais vir ons. Sy vriendinne wil die stuipe kry as hulle daaraan dink hoe hul liggame nou vir hom goedkoop gemaak is. My sewentienjarige dogter sê sy voel sy kan nie nou haar broer of die seuns in die skool in die oë kyk nie. Ons vrouens is reeds so goedkoop - kyk maar na die advertensies van onderklere, medisyne, sigarette en joos weet wat nog. Die meisie is altyd nakend en die mans en naturelle verlustig hulle daarin. So gretig soos ek eers die blad gelees het, so angstig is ek nou om dit oop te maak.

"Dit sal seker nou nodig wees om Estelle Wessels (die fiktiewe besoeker aan die dokter - skrywer) te laat trou en dan die geslagsdaad aan haar te verduidelik (met illustrasies) en dan sal sy seker swanger word en die saadjie sal moet groei en ontwikkel, want ons is almal mos vreeslik onkundig, nie waar nie?

"Die meeste mense verkoop hul ou tydskrifte aan slaghuise en nou stel ek my reeds voor hoe talle pakkies in hierdie versierde bladsye van Sarie Marais sal pryk. 'n Baie groot deel van u

intekenare het hul respek vir die blad verloor. Dis onnodig om hierdie privaat dinge so te verkondig. Ons het mos ons huisdokters met wie ons kan gesels. Ons hoop van harte u beseft watter groot onreg u ons aangedoen het.

"Dan wil ons ook baie graag weet wanneer begin u met 'n reeks oor die man se geslagsdele en of u ook sulke volledige beskrywings en illustrasies daarby sal plaas? Of is Estelle Wessels se eggenoot baie slim?"

"Ek hoop u verstaan iets van ons dames se gekrenkte gevoelens. U kan ook nooit weer red wat u teen ons gepleeg het nie, dis nou die hele land deur."

Die volgende brief in die kolom kom van 'n leser wat haar hartgrondige dankbaarheid vir die artikel uitspreek: "Vanaand voel ek ek wil aan u skryf en dit om dankie te sê aan dr Safford vir daardie gewaagde en tog so nodige artikel Sê my, Dokter. Vir ons wat nie die voorreg gehad het om die bou van ons eie liggame te bestudeer nie, is so 'n artikel goud werd. Dit is werklik pynlik openhartig maar dis ook dringend noodsaaklik dat ons jong dogters daardie soort voorligting moet kry. Ek het self fisiologie geneem, maar kon tog nooit die samestelling van my liggaam begryp totdat ek daardie artikel gelees het nie.

"Hier by ons het dit 'n hewige argument uitgelok, want sommige vroue was geskok daarvoor dat iemand dit kan waag om so iets in 'n tydskrif te publiseer. Hulle sê dis net om die vrouens goedkoop te maak in die oë van die mans. Wel, met die mans wat ná die lees van so 'n artikel die vrou as goedkoop bestempel, is

daar iets verkeerd. Die kinders wat sogenaamd ouderwets gemaak word, is juis dié wat sulke artikels nodig het, want dit bewys dat hul ouers hulle nie die nodige voorligting gegee het nie. Ons is dankbaar vir die ouers wat dit wel gedoen het of doen, maar myns insiens is daar nog gans te veel ouers wat hul pligte in hierdie verband nie nakom nie.

"Nogmaals dankie, dr Safford, vir die artikel en Sarie Marais vir die plasing daarvan. Ek sien uit na die volgende artikel in die reeks."

Die ander briewe teen en vir die artikel in die kolom het min of meer dieselfde strekking. Net nog twee uittreksels uit onderskeidelik een daarteen en een daarvoor:

"Het u daaraan gedink hoeveel onrype gemoedere deur die lees daarvan in die verderf gestop kan word? Dis vernederend vir die vrou om sulke intieme en private kennis op so 'n platvloerse wyse aan almal wat dit wil lees, te verkondig."

"Ek dink maar net hoe dankbaar die jonger geslag behoort te wees oor hierdie leersame reeks waarmee Sarie Marais nou begin het. Ek was absoluut onkundig toe ek die dag getroud is, en daarom moes ek baie leed deurmaak. Toe ek dit later aan my dokter vertel, het hy gesê: Maar kind, daar bestaan soveel boeke oor die onderwerp, waarom het jy nooit daarvan gelees nie? Dit is juis hieroor dat ek wil skryf. Dit is waar, daar bestaan honderd sulke boeke, maar die meeste jong dogters word nie in die geleentheid gestel om die boeke te bekom nie, daarom het u so 'n prysenswaardige taak op u geneem om al



daardie kennis onder die aandag van almal te bring. Veels geluk met u poging en baie dankie."

In volgende briewerubrieke het nog 'n aantal briewe vir en teen die reeks verskyn. Een leser het onder meer geskryf: "Pligte wat ek en my man as ouers versuim het, kom u tydskrif tans vir ons na, want ons sou seker nooit die onderwerp van geslagsonderrig so vrymoedig en met soveel gesag soos u blad kon verduidelik nie. Ander mag van ons opvatting verskil, en juis daarom ag ek dit my plig om aan u te skryf.

"Hierdie kennis is dikwels in die verlede uit allerlei bronne geput en die gevolg was skreiende wanvoorstellings. Hier is nou 'n reeks in ons eie taal opgestel deur 'n medikus, en my persoonlike mening is dat ouers baie dank aan u blad verskuldig is."

'n Mens kan nie help nie as om op te let dat in al die briewe vir die voorligting, die sienswyse op 'n logiese, nugter wyse uiteengesit word, terwyl dié téén die artikels, dit het oor die ontering van die vroulike liggaam, dat vroue daardeur goedkoop gemaak word, dat hulle nie mans meer in die oë kan kyk nie, ens.

In die uitgawe van 26 Desember 1951 gee die redaksie sy mening oor die reeks en motivering hoekom dit geplaas is. Ek gee dit volledig weer.

Die opskrif: 'n Woordjie van die Redaksie oor 'Sê my, Dokter'.

"Vandat ons begin het om dr Safford se reeks artikels 'Sê my, Dokter' te publiseer, het ons talle briewe van ons leseresse ontvang - heelwat briewe van protes en veel meer briewe van waardering - waarvan ons tot ons spyt slegs enkeles weens ons

beperkte ruimte kon plaas. Omdat ons nie graag wil hê dat leseresse die indruk moet kry dat ons ons nie steur aan proteste nie, wil ons hier graag verduidelik waarom ons hierdie reeks artikels plaas en voortgaan om hulle te plaas ten spyte van die meningsverskil wat daarvoor bestaan.

"Voorop wil ons dit stel: die bedoeling van hierdie reeks artikels is nie om op 'n goedkoop manier opspraak te verwek nie, maar wel om ons leseresse 'n diens te bewys. Omdat ons skerp meningsverskil verwag het oor die vraag of hierdie artikels in Sarie Marais moes verskyn, het ons hulle baie sorgvuldig oorweeg, en alleen die oortuiging dat ons met hul publikasie 'n hoogsnodige diens sou bewys, het uiteindelik die deurslag vir ons gegee.

#### Watter diens wou ons bewys?

"Ons wou ons leseresse - moeders, jong vroue en dogters - 'n helder, gesaghebbende en tog maklik verstaanbare oorsig gee van die besondere siektes en gevare waaraan hulle as vroue blootgestel is, soos byvoorbeeld kanker, gewasse, geslagsiektes, die verloop van 'n normale swangerskap en al die komplikasies wat daarby kan voorkom. Die artikels moes al die honderde vrae beantwoord wat 'n vrou haar voortdurend by hierdie toestande afvra en moes bowenal wanopvattinge en bygelowe uit die weg ruim, waarsku teen nalatigheid en die vrou in staat stel om gevaartekens betyds te herken sodat sy mediese hulp kan soek. Om dit behoorlik te kan doen, moet sy noodwendig ook presiese inligting aangaande die bou en werking van haar liggaam ontvang. Vir die jong dogter en die jong vrou moes die artikels ook wys op die gevare van onbesonne en onbehoorlike intimiteit met mans - gevare waarvan die meeste mense nie bewus is nie en waarvan hulle slegs

deur presiese inligting bewus gemaak kan word.

Is daar behoefte aan sulke voorligting?

"Op hierdie vraag was daar vir ons 'n oorvloedige bevestigende antwoord. Uit die mediese verslae wat elke jaar gepubliseer word en uit gesprekke met geneeshere blyk dit duidelik dat daar elke jaar duisende vroue in ons land aan vrouesiektes sterf of onnoemlike lyding deurmaak of invalides word, omdat hulle nie weet wat die gevaartekens van besondere vrouesiektes is nie en dus nie betyds mediese hulp soek nie; omdat hulle nie gereeld voor- en nageboortelike mediese sorg ontvang of dit soek nie; omdat hulle uit vrees en angs vir die onbekende met moeilikhede wag totdat dit te laat vir doeltreffende hulp is. En uit al die ontstellende koerantberigte van sedelike oortredings, onwettige vrugafdrywing, e.d.m., blyk dit duidelik in watter ellende baie jongmense weens hul onkunde omtrent hierdie sake gedompel word. Maar bowendien het ons in die bietjie meer as twee jaar van ons blad se bestaan al ver oor 'n duisend briewe van dogters, jong vroue en moeders ontvang wat byna almal dieselfde verhaal van lyding en smart as gevolg van onkunde vertel. Hierdie briewe kan ons natuurlik nooit publiseer nie: hulle is die hulpgeroep van dogters en moeders wat uit radeloosheid of uit skaamte of uit 'n nood waaruit hulle geen weg weet nie, hulle uiteindelik op die anonieme simpatie van 'n tydskrifredaksie werp. Uit al hierdie dinge het dit vir ons duidelik geword dat vae raad, vae waarskuwings, hoe doeltreffend dit vroeër mag gewees het, vandag nie meer hul doel bereik nie; alleen deur mense te bewapen met die kennis wat duidelike, presiese inligting gee, stel jy hulle in staat om hulself te beskerm in 'n wêreld en 'n

samelewing waarvan die sedelike waardes verward is soos nog nooit tevore nie.

Moes 'n blad soos Sarie Marais hierdie inligting verstrek, 'n blad wat vir almal bekombaar is? Hoort sulke inligting nie tuis in doktersboeke wat in die binnekamer gelees moet word nie? Is dit nie die ouers se plig om sulke inligting aan hul kinders te verstrek nie?

"Dit is sekerlik die plig van alle ouers, en sekerlik sou dit die beste wees as sulke inligting slegs in boeke voor kom waarin almal dit op die regte tyd lees. Maar die wêreld is ongelukkig nie soos dit behoort te wees nie; hy is soos hy is, en ons moet met hom werk soos ons hom kry. Hoeveel ouers kom hul ouerlike plig in hierdie opsig behoorlik na? Hoeveel ouers beskik oor die kennis om dit behoorlik te doen, al wil of probeer hulle ook? Mediese handboeke kos geld, soms baie geld. Hoeveel mense kan hulle bekostig? Hoeveel doktersboeke is so eenvoudig geskryf dat almal dit kan verstaan? Hoeveel behandel hierdie sake so volledig, so verstaanbaar, so op die man af soos die artikels van dr Safford? In Afrikaans bestaan daar nie so 'n boek oor hierdie besondere onderwerp nie. En intussen gaan die lewe voort en vermenigvuldig die ellendes wat die reeks artikels probeer verlig en voorkom. Sarie Marais is in die eerste plaas 'n vrouetydskrif wat uitgegee word met die uitdruklike doel om die Afrikaanse vrou te dien. By gebrek in Afrikaans aan 'n goedkoop doktersboek wat al hierdie inligting verstrek en met die oog op die feit dat sulke inligting noodsaaklik is vir die liggaamlike en sedelike heil van ons mense, het ons gemeen dat dit nie alleen wenslik was dat Sarie Marais so 'n reeks artikels moes plaas nie, maar was dit ook die blad se plig - 'n plig wat ons veel liewer nie op ons sou wou geneem het

nie, maar wat ons ook nie mag versuim nie.

Is hierdie artikels nie nadelig vir jongmense wat die tydskrif lees nie?

"Ons glo eerlik, hoewel ons weet dat mense hieroor verskil, dat as 'n kind genoeg belangstelling toon om 'n artikel soos dié van dr Safford te lees, hy of sy reeds al in die stadium verkeer waarin sulke inligting verstrek moet word. Elke kind, dogter of seun, het vanaf sy twaalfde jaar of nog vroeër, 'n brandende begeerte om meer omtrent die mens se liggaam en die werking daarvan te weet. Dan is dit die regte tyd om hom die inligting te gee, vrymoedig en sonder omweë. En dit is goed dat seuns en dogters hierdie inligting nie slegs omtrent hulself nie, maar ook omtrent mekaar moet ontvang. Daaruit groei op die duur slegs een ding: agting by die een geslag vir die ander en ontsag vir die wonderlike wyse waarop die mens geskape is. Veral vir 'n seun is dit goed om te weet hoe die liggaam van die vrou geskape is, omdat hy dan weet hoeveel leed hy in onkunde en drif daaraan kan berokken. Sedert die reeks artikels verskyn het, het ons al baie briewe van seuns en jong mans ontvang waarin hulle hul dank daarvoor uitspreek en getuig hoe dit hul liefde vir hul moeders verdiep en hul ontsag vir die liggaam van die vrou verhoog het.

Onteer sulke artikels nie die vrou en maak haar goedkoop in die oë van die wêreld nie?

In verskeie briewe het lesersse dit beklemtoon dat die liggaam heilig is en 'n tempel van God, soos die Bybel ons leer. Saam met hulle glo ons dit ook. Ons glo ook, soos die Bybel ons

verder leer, dat die liggaam stof is en verganklik. Eers wanneer daar 'n besondere mens, 'n bepaalde persoon aan 'n liggaam verbonde is, kry die liggaam heiligheid en dwing dit ons ontsag af. Dan is dit heilig, omdat dit 'n persoonlikheid of 'n siel huisves. Wanneer ons 'n kerkgebou binnestap, toon ons die nodige eerbied en ontsag daarvoor, omdat die gebou gewy is aan God en as Sy huis gebruik word. Maar ons kan ook na die bou-aannemer gaan en die plan van die kerkgebou bekyk, al die besonderhede van sy struktuur nagaan, wys op sy gebreke, kyk waar die waterpype of die elektriese kables loop. Ons kan die plan hanteer, stukkend skeur of dit gebruik om iets in toe te draai - sonder om die kerkgebou self te onteer of goedkoop te maak. Dr Safford se eerste twee artikels is 'n beskrywing van die plan waarvolgens die menslike liggaam gebou is, en die skets by die eerste artikel was 'n sketsplan van hoe sekere liggaamsdele in verhouding tot mekaar geleë is. Hierdie algemene plan waarvolgens ons liggaam gebou is, is ook dieselfde as dié waarvolgens die Skepper tal van werwelidere gebou het. Deur hierdie plan te beskryf en te bestudeer met die goeie doel om die gebou of liggaam self te sterk en heel en gesond te hou en om die persoon wat daarin inwoon teen allerlei gevare te beskerm - dit is na ons mening nie oneerbiedig of skaamteloos of onrein nie. Skaamteloos en onrein word 'n mens eers as jy 'n bepaalde persoon se liggaam (jou eie, byvoorbeeld) misbruik, onwelvoeglik ontbloot of vir bespotting vertoon.

Was die besonderhede van die dokter se ondersoek en van die liggaamsbou en die werking daarvan nodig?

"Dr. Safford beskryf die ondersoek so volledig met 'n dubbele doel:

in die eerste plaas sodat mense presies weet wat 'n ondersoek by 'n geneesheer beteken sodat hulle dit nie hoef te vrees nie. Daar is tal van mense wat uit vrees vir 'n ondersoek of uit valse skaamte versuim om mediese hulp in te roep totdat dit te laat vir enige hulp word. Hulle moet gerusgestel word en sal hul vrees oorwin wanneer hulle sien dat daar niks te vrees is nie. In die tweede plaas verskaf dr Safford die besonderhede omtrent die bou van die liggaam sodat lesers van sy latere artikels oor voorgeboortelike sorg, die bevalling, kanker en ander gewasse duidelik kan verstaan waarvan gepraat word. Geen mens wat nie die inwendige bou van die liggaam in breë trekke ken nie, is in staat om met verstand sy liggaam op te pas om gevaartekens van naderende siekte te herken nie.

"Ten slotte wil ons graag enkele sinne aanhaal uit dr Safford se laaste artikel wat teen aanstaande Maartmaand sal verskyn:

"Weet u, mevrou, watter woorde ek die meeste in my spreekkamer hoor? Dit is As ek maar net geweet het! As ek maar net geweet het, sê die jong vrou wat haarself vir goed onvrugbaar gemaak het deur 'n aborsie op haarself te probeer uitvoer. As ek maar net geweet het, sê die ouer vrou wat gedink het dat die bloeding slegs 'n teken van die naderende lewensverandering was en so lank gewag het om 'n dokter te raadpleeg dat die kanker al te ver heen vir genesing was. As ek maar net geweet het, roep die jong moeder nā haar bevalling uit, dan sou ek nooit so bang gewees het nie. Dit was die vrees vir die onbekende wat my so verskrik het. Daarom, mevrou, het ek u al hierdie dinge vertel. Dit is die vrees vir die onbekende wat lafaards van ons almal maak en ons

roekeloos laat dobbel met ons lewens en gesondheid. Kennis, veral van die ergste wat ons kan oorkom, saam met die kennis van wat die mediese wetenskap vandag vir ons kan doen, gee ons die krag en moed om die onbekende met vertroue binne te gaan."

Die redaksie het die polemiekie oor die saak in die uitgawe van 2 Januarie afgesluit. Saam met 'n aantal briewe van lesers daarvoor en daarteen, het hulle ook 'n lys van hul onlangse pos wat oor dié onderwerp ontvang is, gepubliseer. Daarvolgens het, benewens die vyf briewe wat geplaas is ten gunste van die reeks, nog veertien skrywers hulself daarvoor uitgespreek. Saam met die twee briewe wat téén die reeks geplaas het, is nog vyf briewe daarteen in dié week ontvang.

In die uitgawe van 9 Januarie 1952 verskyn egter nog 'n brief oor die reeks. Dit kom van "Boereseun", en ek gee dit volledig weer:

"Ek wil u graag bedank vir Sarie Marais en die reeks Sê my, Dokter. Aan dr Safford is ons oneindig baie dank verskuldig; ek dink dat hy menige man se oë laat oopgaan het, ek sê dit omdat daar so baie mans is wat te bang is om die doktersrekening te ontvang en juis daardeur hul vroue tot in die aarde verwaarloos.

"Ek is 'n jong, ongetroude man, maar van plan om binnekort my maatjie vir die lewenspad te neem, daarom is ek so baie dank verskuldig aan dr Safford en u blad. Noudat ek gesien het wat die vrou moet deurmaak, het ek die hoogste agting vir die vrou en dogter van ons volk gekry.



"Die artikels het reeds heelwat kritiek uitgelok. Ek wil darem sê dat die paar leeresse wat so bekommerd is daaroor hoe hulle weer in die oë van hul seuns of hul dogters in dié van hul seunsvriende sal kan kyk, nie so bang hoef te wees nie, dit het nie die vrou en dogter goedkoop gemaak in ons oë nie, altans nie in die helderdenkende jong man se oë nie."

Sedert middel 1952 het 'n hele aantal briewe verskyn waarin dank vir die reeks Briewe aan Alet uitgespreek word. Onder meer (Junie 1952): "Graag wil ek as moeder van opgroeiende dogters my groot waardering uitspreek vir die reeks Briewe aan Alet, veral omdat hierdie reeks die vorige twee reekse deur Psigiater en dr Safford so goed aanvul. Daarby stel 'Mammie' haar voorligting oor seksuele sake so helder en oortuigend in duidelike, onomwonde taal dat die praatjies geheel en al verstaanbaar is vir elke jong meisie.

"Dit is werklik te betreur dat in die verhouding tussen ouers en kinders van die vorige geslag soveel preutsheid en onkunde geheers het. Die meeste moderne ouers beskik nie oor die nodige kennis nie en is ook onkundig oor die manier waarop hierdie inligting aan die kinders moet meegedeel word. Baie van die hedendaagse ouers is ongelukkig nog die mening toegedaan dat die jeug vandag nog, wat geslagsake betref, self die mas moet opkom.

"Ons, sowel as ons dogters, kan uit hierdie briewe van 'n moeder aan haar dogter veel leer omtrent die regte verhouding tussen 'n moeder en haar groot dogter. Die wedersydse vertroue wat uit hierdie briewe straal, is vir my die sleutel tot die suksesvolle oplossing van al hierdie probleme."

Daar was tog ook briewe teen die reeks: "Ek voel bitter teleurgestel oor die aard en tendens van artikels soos Sê my, Dokter en Briewe aan Alet. Vir die eerste serie was daar miskien nog enige justifikasie as dit bedoel was vir getroude mense en mense wat gaan trou. Vir die tweede serie is daar m.i. geen regverdiging nie. Pleks van onsedelikheid af te keur, maak hierdie artikels, hoewel dit miskien nie so bedoel is nie, allerlei suggesties wat ongeoorloofde dinge vergoelik en wat seker nie in die gedagte van behoorlik opgevoede meisies sou opkom nie. Ek het kinders en kleinkinders wat Sarie Marais in die hande kry en ek wil nie dat hulle onder die invloed sal kom van die liberale gees wat uit hierdie artikels uitstraal nie. As dit die manier is om 'n nasie te bou, wil ek met die bouery niks te doen hê nie."

In briewe wat in volgende SARIES geplaas is, is onder meer gevra of die artikels nie moontlik uitgegee kan word in pamfletvorm nie, wat by skole en verenigings uitgedeel kan word. 'n Ander skryf dat die probleme "pragtig benader" en "deeglik bespreek" word. "Die kennis daarin vervat sal moeilik in 'n verkrygbare boek gevind word." Dié leser se beswaar is egter teen die beskrywing van "onegte kind". "Geen mens, waar en wanneer gebore, kan oneg wees nie. Wat bedoel word, is natuurlik buite-egtelike kind". Nog 'n leser is kort en kragtig: "Doen tog asb. wat u moontlik kan om Briewe aan Alet in boekvorm te laat verskyn. Baie dankie!" Meer lesers het gehoop dat die reeks in boekvorm sal verskyn.

Afleidings wat 'n mens kan maak uit die herinnerings van redaksielede en reaksies van lesers oor die seksvoorligting in SARIE:

\* In die eerste jare is nooit van seks as sodanig gepraat nie, nog minder van seksvoorligting of seksprobleme. Dit was die-geslagtelike, en daar is verwys na geslagsvoorligting, die huwelikslewe, ens.

\* Vroue, moeders, mans, vaders, seuns, jong meisies het geskryf om dankie te sê vir die artikels. Ouers het gesê dat hulle dit as hulpmiddels gebruik om kinders voor te lig. Baie getroude vroue was dankbaar vir die inligting wat hulle danksy die artikels in SARIE gekry het. Talle briewe is ontvang om te bedank vir die "leersame" en "interessante" artikels - "veral die artikels van Psigiater", of "Baie sal u seker dankbaar wees vir Psigiater se artikels. Ek is reeds 16 jaar getroud, maar het uit hierdie artikels baie stof tot nadenke gekry", ; "... verder my innige waardering vir SM. Ek geniet elke uitgawe en veral die rubrieke en artikels waarin ons voorligting kry".

\* Dit het vroue bewus gemaak van 'n "verligte eeu", wat nie beteken het dat beginsels oorboord gegooi word nie, maar dat inligting vrylik bekombaar is en hulle nie nodig het om so onkundig en in die duister soos hul Victoriaanse moeders te wees nie.

\* Lesers het die artikelreeks bewaar - 'n "huis-ensiklopedie" oor seksvoorligting wat anders nie in Afrikaans beskikbaar was nie, is sô geskep.

\* Baie vroue het vrylik die mening begin huldig (waarskynlik danksy die "opvoedingswerk" van SARIE) dat as 'n kind die ouderdom bereik het dat hy in "ingewikkelde artikels belang stel", dit seker hoog tyd is dat hy daarvoor ingelig word.

Baie het ook gemeen dat jeugdiges in elke geval dié inligting sou kry, en is dit dan nie verkieslik om dit op "n gesonde, wetenskāplike wyse uit 'n ordentlike tydskrif" te kry as in 'n verdraaide en obsene vorm nie?

\* Die mening dat openheid oor seks verkieslik is bo onkunde daaroor.

\* Die opvatting dat die artikels welkom is in SARIE, want dit is 'n vroueblad en nie 'n kinderblad nie.

\* Heelparty lesers het geskryf om te vra of van die reekse nie in pamflet- of boekvorm uitgegee kon word nie.

\* Baie skrywers het gemeen dat SARIE 'n verantwoordelike en groot bydrae tot voorligting gemaak het, en dat die "houding en gesindheid" van die blad gewaardeer word. Baie was ook dankbaar vir die feit dat hulle dié voorligting "in ons eie taal" en "deur 'n medikus" kon lees, en dat veral ouers baie dank aan SARIE verskuldig is.

\* Van al die soorte artikels of artikelreekse het seksartikels of -reekse soos dié van dr Loomis, Psigiater, Sê my, Dokter en Briewe aan Alet die meeste reaksie uitgelok. Die feit dat so baie mense geskryf het, is 'n bewys van hoe belangrik dié sake vir hulle was.

11. WAT SARIE VIR DIE AFRIKAANSE VROU BETEKEN HET

SARIE het op 'n verskeidenheid van terreine die Afrikaanse vrou van die laat veertigerjare en die vroeë vyftigerjare gedien.

Opsommend gee ek 'n aantal van die onderwerpe om die groot veld wat gedek is, te illustreer. Dit bewys die groot bydrae wat SARIE deur die verskaffing van inligting op die gebiede gemaak het - in Afrikaans en vir die massas deur spesialiste op hul vakgebied geskryf.

Vir baba- en kinderopvoeding het SARIE seker net so baie gedoen soos vir die voorligting wat in die vorige hoofstuk behandel is.

"n Verpleegster" het onder meer wenke oor bottelvoeding gegee; ander babasorg-artikels was oor borsvoeding, soos Tyd om te speen, en Kry baba genoeg kos? Anna M Louw het onder meer 'n swangerskap-storie geskryf: Nuwe lig op Moederkunde. Daar was 'n reeks oor babakwale.

Daar was voorligting vir werkende moeders: Bewaarskole maak ekonomiese selfstandigheid van ouers moontlik, en artikels oor byvoorbeeld kraamgeriewe vir die plattelandse vroue.

Kindersorg-artikels het onder meer gegaan oor wat kinders moet lees, soos die artikel Comics of klassiek. In die rubriek Trap der Jeugd is 'n groot aantal voorligtings-artikels oor kindersorg geplaas, onder meer oor kinders wat leuens vertel, onnetheid, eiewysheid, hoe gemaak met vloek-woorde. Daaronder is behandel onderwerpe soos gesonde tande

vir baba, of die ontwikkeling van 'n vroeggeborene stadiger is, en of 'n aangenome kind dié feit moet weet. Die standpunt oor laasgenoemde was Ja - iets wat waarskynlik as 'n hipermoderne uitgangspunt vir daardie jare beskou was.

Nog 'n reeks oor kinderopvoeding was Gelukkige Moederskap, wat deur 'n kraam- en kinderverpleegster saam met 'n kinderspesialis geskryf is.

Reeds in die eerste uitgawes was regsartikels deur Jus. Onder die artikels was Gaan jy trou?, Ek verbreek my verlowing en Gronde vir egskeiding in Suid-Afrika. Ander regsartikels het gehandel oor Wie sorg vir die buite-egtelike kind, en Baas oor haar eie goed, waarin die groter regte vir die getroude vrou uiteengesit is.

'n Rubriek wat 'n besonder lang lewe gehad het - meer as twintig jaar - het van etiket-voorligting ontwikkel tot 'n vraag-en-antwoord-rubriek (die sg. sob column) oor veral huweliksprobleme (wat die nodigheid vir voorligting op dié gebied geïllustreer het). Dit het geheet So maak mens, deur Aline van Alphen, skuilnaam vir mev Greshoff, vrou van Jan Greshoff ("sy het altyd so 'n donkerblonde pruik gedra", onthou een van die redaksielede).

In die eerste artikels is onder meer behandel die voorstel van mense aan mekaar, tafelmaniere, gebruike by die ete, wie betaal wat, watter klere waar, en hoe gemaak in die teater.

Van die kwelvrae oor huweliks- en gesinsprobleme wat later beantwoord moes word, was oor die jonggetroude man wat met 'n ander vrou uitgaan, 'n moeder wat nie van haar dogter se vriendinne hou nie, en hoe gemaak as twee beste vriendinne se mans nie met mekaar oor die weg kom nie?

Oor die rubriek het die redaksie onthou: dit was Blydie Conradie se taak om dit te "verafrikaans" uit die Hollands-Afrikaans van mev Greshoff.

Baie van die probleme wat mense nie gepubliseer wou hê nie, het mev Greshoff persoonlik beantwoord. Dit het die redaksie ook uit haar "Hollands-Afrikaans" vertaal, getik en aangestuur. "Dit het 'n hele diens geword om vol te hou", onthou Alba Bouwer 1). Sy onthou ook die volgende: "Op 'n dag was daar darem byna 'n herrie sonder weerga toe die goeie Aline se uitvoerige antwoorde op seksprobleme van twee aparte getroude vroue per ongeluk omgeruil en so gepos is! Die een had moeilikheid met haarself, die ander met haar man."

Onder die skrywersname Welsynwerker en Verpleegster is verskeie artikels en reekse oor gesondheid geskryf. Onder die onderwerpe was tering, dieetkunde, spraakheelkunde, noodhulp en gesonde tande.

Dit spreek vanself dat 'n groot aantal artikels oor die volgende geskryf is: skoonheid (onder die naam Leonie le Roux), modes, handwerk, kos, resepte, binnenshuise versiering, tuinbou en huishoudelike artikels.

1) Bouwer in persoonlike korrespondensie

Oordie probleme wat met die verkryging van mode-artikels en -foto's ondervind is, onthou Blydie Stander 2):

"Ons moes klaarkom met foto's wat ons by die CNA en ander agentskappe gekoop het as illustrasies vir mode-artikels.

"Ons het darem so 'n ou Duitse dame gehad, 'n liewe ou tantetjie, Anna, Barones von Blumenthal. Sy het ons elke tweede Woensdag besoek en dan modedefoto's van die Franse modehuise oor hul nuutste versamelings gebring. Hããr naam verdien 'n plekkie in die annale van SARIE. (Buitendien was Woensdag nie net die barones se oggend nie, dit was ook die oggend van die barones se koek: so 'n "plain" koek, heerlik as 'n mens dit vars eet (diẽ resep volg later - hierdie geskiedskrywing kan nie volledig daarsonder wees nie! - skrywer).

"Op 'n keer het die barones 'n fraai Franse bloese, fyn kantstof, met haar-smal opnaaiseltjies en milde kantversiering van een van die modehuise - ek dink Jacques Fath - gekry. Sy was so opgewonde oor die ruikie uit Parys, en gee dit vir ons en ons bied dit as prys aan in 'n kort wedstryd.

"Dit was 'n no. 34 of 36, en die tannie wat dit wen, was 'n boerebreeedgeboesemde! En daar was sweetmerke onder die moue van die bloes, seker omdat dit in Frankryk gemodelleer was. Toemaar, sê ons onder mekaar, dis Franse sweet, dit stoot dalk die waarde op!

"Eentyd het die barones haar weer beywer om rolle growwe katoenkant te bemark. Bring toe vir my en Erla 3) (en seker die ander ook) roklengtes daarvan. Erla en ek maak elkeen 'n rok, en diẽ word toe vir SARIE gemodelleer. 'n Fraaie meisiekind

2) Stander in persoonlike korrespondensie

3) Erla Rode, later von Schach



van Die Burger het my maaksel gemodelleer, ek self was nie van modelstoffasie nie.

"Toe ek middel 1956 van SARIE weg is om met my huidige man, dr M C Stander, te trou, het die liewe barones my 'n mooi grys stuk kant present gegee en 'n jaart of wat pragtige kant wat sy self met die hand gemaak het." In die hoofstuk oor die ontwikkeling van die redaksies (hoofstuk 16) verwys ek ook na hoe dië vroeë "sindikasie" van die barones in 'n volwaardige sindikasie-afdeling van die Nasionale Pers ontwikkel het.

Heelwat is ook oor onderwerpe geskryf wat in die destydse indekse van die inhoud as "kontensieuse artikels" geklassifiseer is. Daaronder is die skoolvoedingsplan, moet dogters aan atletiek deelneem, is die leerplan vir dogters op skool reg, en moet moeders werk.

Heelwat reaksie is van lesers oor verskeie van die onderwerpe ontvang. 'n Weerspieëling van die moderne lewensuitkyk van SARIE se lesers is onderwerpe waaroor hulle in die briewekolom geskryf het. Daar was selfs die verligte mening van 'n oujongnoot oor goeie gronde om 'n kind aan te neem en groot te maak.

Daar was skrywers vir en teen broekdra (deur vroue!) - 'n onderwerp waaroor jy jou kwalik vandag 'n polemiekie kan voorstel; ouers wat geji en gejou word; narkose en kindergeboorte, die ewige argument oor werkende moeders; en iets wat vroeër nie so aktueel was nie: bewaring. Daar was onder meer briewe teen vroue wat "hul mans se titels neem" en daarop roem;

menings oor ons swak Afrikaanse rolprente waaroor jy jou  
liewer wil skaam (verander sekere dinge dan nooit?!);  
die verderflike invloed van kommersiële uitsendings (die  
handelsender se pop musiek); om te soen of nie te soen nie, en  
die rookgewoonte.

Daar was ook 'n hele aantal briewe oor taalsuiwerheid (sien  
hoofstuk oor SARIE EN AFRIKAANS, hoofstuk 13).

In die uitgawe van 17 Mei 1950 is die eerste brief van  
ernstige kritiek teen SARIE geplaas, hoewel nie teen die  
seks-voorligtingsartikels as sodanig nie - dié is in die  
vorige hoofstuk behandel.

Dit is geskryf deur 'n bekende skrywer van destyds, mev  
T C Pienaar. Aangesien die brief 'n stortvloed van protes  
van lesers ontketen het, gee ek dit hier volledig weer.

Mev Pienaar het erg op die tone getrap van die vrou op wie  
die blad gemik was: die ontwikkelde, gesofistikeerde,  
moderne maar steeds beginselvaste Afrikanervrou van haar  
tyd. Die brief sou in sy aard en uitgangspunt meer in  
die trant van die destydse Die Boerevrou geval het. SARIE  
het wel op Boerevrou se tradisie voortgebou, maar vir 'n  
meer moderne weergawe van die Afrikanervrou as dié wat 'n  
kappie gedra het.

Mev Pienaar neem die hele By SM op kantoor van 17 Mei 1950  
in beslag en is deur die redaksie aangekondig met: ONS BLAD  
SKERP VEROORDEEL as die hoof-opskrif en BEKENDE SKRYFSTER  
SPREEK HAAR TELEURSTELLING UIT as sub-opskrif. "Geagte  
Redakteur - 'n Jaar gelede het die Afrikaanse vrou met groot

verwagting uitgesien na die geboorte van Sarie Marais. En omdat dit deur die Nasionale Pers uitgegee sou word, is dit as vanselfsprekend beskou dat die blad van hoë gehalte sou wees, dieselfde hoë ideaal as Die Huisgenoot sou koester. Ons het ons 'n blad voorgestel wat 'n beeld sou gee van die Afrikaanse vrou in die veelsydigheid van haar bestaan en dat dit die ideale Afrikaanse vrou as stempel sou dra.

"Aanvanklik het Sarie Marais dan ook sodanige beloftes getoon, maar geleidelik het dit verwater tot 'n tydskrif wat net sowel 'n vertaling van enige vroueblad in die Britse gemenebes kan wees - net een mooi gesiggie meer by die lang ry tydskrifte wat op die hoeke van die strate aangebied word. Moet die verwatering toegeskryf word aan die algemene neiging om so 'n blad in te stel volgens die smaak van die grootste afsetgebied? Wat sou u dink van 'n tuinier wat ophou om rose en tamaties te kweek omdat kakiebos weelderiger groei op sy land?

"In u uitgawe van 19 April word nie minder nie as drie artikels, wat 'n vyfde van die ruimte vir leesstof en illustrasies bevat, aan mode gewy, plus nog twee oor klere en skoonheid, en as die res van die inhoud geanaliseer word, raak die balans nog verder versteur. Besef u dan nie dat daar duisende lesers is wat nie die knie buig voor die godin van skoonheid, ydelheid en oppervlakkigheid nie? Dan wil ek dit onder u aandag bring dat daar nog duisende tannies is wat belang stel in die wel en wee van hul medemens, wat bewus is van so iets soos 'n volksmoraal en wat hul tyd, geld en kragte aan die opbou daarvan bestee en hulle vir die doel in verenigings organiseer of onder

hulle aparte kerkgenootskappe werk. Daar is duisende vroue wat nie doof is vir die Heer se bevel om die evangelie aan alle nasies te verkondig nie en wat hulle beywer om die werk te bevorder. Ook is daar etlike duisende wat so besig is met hul huishouding, boerdery en sake van essensiële lewensbelang dat hulle hulself nie herken wanneer hul terloops voor 'n spieël beland nie. Dink u nie al hierdie vroue het aanspraak op ander geestelike voedsel, meer inligting oor sake wat die dieper wese van die vrou raak vir hul £1 per jaar nie as die versekering dat pêrels en Mapoggerkrale (twee artikels in SARIE - skrywer) in of uit die mode is? Is daar dan spieëls in plaas van vensters in die redaksielokale van Sarie Marais?

Of moet Sarie haar naaktheid met pêrels en Mapoggerkrale bedek om haar kollegas geselskap te hou in hul soektog na sensasie?

"By die massa vervang tydskrifte al hoe meer alle ander leesstof, word dit byna hul enigste geestelike voedsel. Of hulle dit wil aanvaar of nie, 'n groot deel van die vorming van die volkskarakter word op die skouers van tydskrifredakteurs gelaai, en of hulle dit wil doen of nie, van daardie verantwoordelikheid moet hulle rekenskap gee aan hul volk en God. Sê ons: watter boodskap vir die vrou van u volk is daar anders in u blad behalwe dat uiterlike bekoring die voortreflikste eienskap van 'n vrou is? Is dit die ideaal wat u blad vir die vrou stel? As padkos vir jongmans op hul soektog na 'n lewensmaat?

"Koop na die dikte van jou beursie ... MAAR KOOP PÊRELS!

"Ja, 'n tydskrif verkoop glo maar sleg as daar nie die beeld van 'n mooi vroumens op die buiteblad is nie. Kan u u die gekrenktheid en vernedering voorstel wat duisende andersdenkende vroue voel wanneer hulle die skoonheid en bekoring van hul geslag op die hoeke van die strate sien lê waar dit deur naturelle te koop aangebied word?

"Maar van buiteblaaie gepraat - naturellemans versier graag hul kamers se mure met die buiteblaaie van tydskrifte. Stel u voor dat die buiteblad van 22 Maart ('n baie modieuse, gesofistikeerde kop-en skouersfoto van 'n jong vrou - skrywer) teen die muur van 'n naturel se kamer geplak is. Die Bybel sê: Wee hulle wat die ergenis deur kom.

"Ek is oortuig dat ek nie die enigste roepende stem in die woestyn van ydelheid, ligsinnigheid en oppervlakkigheid is nie en vra u leseresse of hulle met my saamstem of nie. As ek meer as tien persone kry wat my sienswyse ondersteun, beloof ek u my hartlike medewerking in die toekoms. So nie is ek nie bevoeg om vir die leseresse van Sarie Marais te skryf nie."

(Mev Pienaar het fiksie en artikels - onder meer Kraamgeriewe vir die plattelandse vrou - vir SARIE geskryf. Kort ná die brief het 'n verhaal van haar verskyn - maar dit was waarskynlik een wat toe reeds gefinaliseer was. Die volgende verhaal van mev Pienaar het eers in 1954 verskyn.)

In die uitgawes tot en met 28 Junie is lesersbriewe in reaksie op dié brief gepubliseer. Volgens die redaksie is

hulle oorval van briewe en het hulle 'n "billike" weergawe weergegee van wat ontvang is. In altesame 25 briewe wat geplaas is, is mev Pienaar gekritiseer, 14 het met haar saamgestem, terwyl 2 skrywers nie die blad gekritiseer het nie, maar menings wou lug dat byvoorbeeld die modes meer prakties en wenke vir skoonheid goedkoper moet wees.

'n Paar aanhalings uit etlike van die briewe wat mev Pienaar se sienswyse kritiseer:

"Mev T C Pienaar se veroordelende brief is tipies van die een groep mense wat 'n mens vandag in elke samelewing kry - mense wat alles uit die verlede aanhang en alles wat nuut en modern is, veroordeel."

"Sarie Marais is alles behalwe 'n oppervlakkige tydskrif. Uiterlike skoonheid voer nie die botoon in die blad nie. Inteendeel, dit bied die leseresse 'n baie groot verskeidenheid. Die artikels oor die mode, skoonheid en persoonlike versorging doen hoegenaamd geen afbreuk aan my siel nie. 'n Vrou moet tog weet hoe om haarself te versorg, dit is een van haar pligte."

"Wat is mev Pienaar se definisie van 'die ideale Afrikaanse vrou'? Sou dit nou maar weer iemand wees wat nooit haar haarkapsel verander of 'n lipstiffie gebruik nie? Iemand wat net altyd onselfsugtig en opofferend in die kombuis belang stel? Ek wil nie hierdie deugde en belangstellings verkleineer nie, maar ek meen tog dat die ideale vrou ook haar gees sal probeer verryk, haar verstand ontwikkel, belang stel in aangeleenthede

buite haar huis en ook haar uiterlike sal probeer versorg en opknop. En Sarie Marais het iets van alles."

"Ek wil nie mev Pienaar se brief in besonderhede bespreek nie, maar ek wil haar daarop wys dat die blad deur duisende welopgevoede en geleerde tannies gelees word, en oral word met lof daarvan gepraat. Moet ons dan net in die verlede lewe en is daar dan nooit vir ons jonger geslag iets 'anders' nie? Is haar lewensuitkyk nie 'n bietjie eng nie? Die blad wat sy wil hê, sal sy self moet skep of van 'n kerkgenootskap moet eis."

"Sarie Marais is as ons liefling gebore en sal ons liefling bly, al sê die mense wat ookal. Haar omhulsel is mooi, sy staan onder deskundige leiding en sal sekerlik 'n flink, gesonde boernooi word wat 'n sieraad sal wees in ons samelewing."

Drie gereelde verhaalskrywers het ook op hul medeskrywer se brief gereageer - al drie daarteen.

Wim Hartman skryf: "Sarie Marais het al die lewens van talle huisgesinne verryk met allerlei nuttige artikels en wenke in verband met die duisende pligte van die vrou, soos kinderopvoeding, kindersielkunde, kookkuns, die huwelikslewe en al die ander aspekte van die vrou se lewe. Is dit dan nie dieper dinge nie?"

"Sarie Marais is die enigste weekblad vir vroue in die land wat werklik die stortvloed van oorsese tydskrifte vir vroue die hoof kan bied. Die Nasionale Pers het iets bewonderenswaardig gedoen toe hulle Sarie Marais vir die publiek daargestel het."

Louise Behrens het ook gereageer:

"Toe ek verneem dat mev T C Pienaar Sarie Marais in 'n brief gekritiseer het, het ek dit verwelkom, want ek self het 'n bietjie begin uitsien na dieper leesstof. Toe ek die brief egter lees, was ek spyt. Ek dink dat mev Pienaar, vir wie ek 'n hoë ontsag het, darem 'n bietjie te afbrekend in haar kritiek was - 'n mens slaan nie 'n vlinder met 'n hamer dood nie.

"Ons Afrikaners is geneig om aan te val omdat ons nie saamstem nie. Saamwerking met die vreemde was wel in die verlede dikwels vir ons ramspoedig, maar waar dit darem iets van ons eie is, 'n blad wat Afrikaanse vroue en meisies sommer van die staanspoor af verwelkom het, dan moet ons 'n bietjie versigtiger en meer konstruktief te werk gaan. Ons moet saamwerk en dan verander waar en indien ons dit nodig ag. Ek kan my vir geen oomblik verbeel dat die redaksie van Sarie Marais 'n ernstige artikel wat daarop gemik is om die lesers tot nadenke te stem, van die hand sal wys nie.

"Ek self sou graag sien dat Sarie Marais gesaghebbende en taai artikels plaas oor die musiek, die moderne kuns, die letterkunde, veral die buitelandse roman op die oomblik. Ek dink die maandelikse artikel oor die sterre is pure kaf; ek vind die pragtige tabberds en hoede uit Parys iets om oor te droom en dan maar weer te vergeet terwyl 'n mens verlede jaar se jas 'n bietjie uitlaat of verlede winter se tabberd maar verleng. Ek self stel geen belang in blomrangskikkings nie (ydeldheid, ydeldheid, vergeleke by die lelie wat in die veld blom!) maar as ander vroue hulle skoonheidsdrang daardeur bevredig,



bewonder ek hulle maar in stilte.

"Dit is nie Sarie Marais se plig om gereeld die bedrywighele van ons vroueverenigings wêreldkundig te maak nie. Daar is huishoudelike blaaië, verenigingsnuus en kerkblaaië wat die vrou lees as sy wil beseft hoeveel ons vroue op die belangrike gebied van maatskaplike werk en nasie- en naastediens verrig. Tereg verwys mev Pienaar na die verbasende belangstelling van die Afrikaanse leser in die tydskrif. Maar die sirkulasiesyfers van die tydskrifte toon duidelik dat baie min Afrikaanse gesinne net een tydskrif lees. Gewoonlik word Sarie Marais en Die Huisgenoot gelees, om nou maar dié twee uitgawes van die Nasionale Pers as voorbeeld te noem. Die Afrikaanse vroue is dus nie geheel en al van Sarie Marais afhanklik vir hulle ontspanningsleesstof nie.

"Maar Sarie Marais is by uitstek die blad wat ons jongmeisies lees. Dit gaan hulle ydel, oppervlakkig en ligsinnig maak, vrees mev Pienaar. Laat hulle maar 'n bietjie ydel wees, die jongmeisies wat in die stad of dorp werk en wat Sarie Marais verslind, soos 'n roos of 'n lelie ydel is. Laat hulle maar 'n bietjie begaan wees oor hulle mooi klere, oor kêrels, selfs oor pêrels. Ons wat veilig getroud is, wat ander, dieper belange het, wat al ons rugte gekeer het op die jeug en sy verskriklike, lagwekkende probleme, wat nie meer die vreeslike eensaamheid van die stadslewe ken nie - ons toon nie genoeg vertrouwe in die jongdogters van ons volk nie as ons meen dat hulle sommer die spoor byster sal raak omdat 'n vroueblad soms bietjie ligsinnig, ydel en oppervlakkig is. Die lewe wag nog op hulle, en hulle wat vandag so begaan is oor kapsels en rooisel en mooi klere, sal oor vier-vyf jaar jong

moeders wees wat hulle mooi hofies moet breek oor huishoudelike begrotings, net soos ons dit ook gedoen het.

"En dan, dit is tog nie in die eerste plek die taak van 'n vroueblad om sy leseresse vir die lewe en die diens van hulle volk op te lei nie. Ons is reeds geneig om ons verantwoordelikheid op die onderwysers van ons kinders te plaas - verwag ons nou dat redaksieledes ook net daar is om goeie Afrikaanse vroue van ons te maak? Dis 'n uiters gevaarlike verwagting. As 'n volk darem so onoordeelkundig groot word dat sy jong vroue en dogters hulle onderskeidingsvermoë verloor en ligte, onbelangrike ontspanningslektuur as die evangelies beskou en daardeur ten kwade beïnvloed word, dan lê die fout nie by die vroueblaai nie, dit moet by ouers, kerk, skool en die hele gemeenskap gesoek word.

"Ek hou van Sarie Marais - sy is soms 'n bietjie adolessent (maar so, terloops, is nog feitlik al ons werk as skryfsters). Sy gee mens soms stof tot nadenke - ek dink aan die artikels wat onlangs verskyn het oor die pioniersvroue van Suidwes - die tuinboukundige artikels is kostelik, die resepte goed. Daardie artikel oor die pêrels het my ook laat lag. Maar ek het toe maar na my drie gesonde Afrikanertjies gekyk en gesê, soos 'n Romeinse vrou in die dae toe daar nog nie 'n vroueblaai was nie, aan vriendinne wat met juwele spog: hier is my pêrels."

In teenstelling met mev Pienaar se kritiek het prof Le Roux die volgende oor die inhoud van SARIE te sê gehad 4). Hy

4) Le Roux in 'n persoonlike onderhoud

verwys na die hoë peil wat Huisgenoot van daardie tyd gehandhaaf het en die swak sirkulasie-resultate omdat dit nie aan die massa se smaak voldoen het nie. Oor SARIE:

"Dit was altyd 'n baie verydelende gedagte - hier het jy 'n tydskrif wat in baie opsigte beter leesstof gegee het, met meer denke daaragter as die kompetisie, tog het hulle 'n groter sirkulasie.

"Ons het nooit geprobeer om prikkelende leesstof te gee nie. Ons het nie smaak gehad aan die Britse koningshuis of sterretjies of die private lewe van mense wat opgedis word (met die implikasie mense slaap by mekaar) nie.

"Ons het geskryf oor rolprente wat in die nuus was, nie om 'salacious gossip' nie.

"Ek is bly dat ek weggegaan het voordat dit nodig was om lesers skindernuus te gee (die sogenaamde basaar-kultuur - 'n benaming deur 'n Stellenbosse professor - soos wat veral Huisgenoot vandag op floreer - vergelyk dit met die terme Coca-colonization en Readers' Digest culture waarvan Amerikaanse tydskrifte wat die wêreldmarkte oorheers, beskuldig word) 5).

"Die persoonlike dinge van sangeresse, ens. was veragtelik as leesstof, om kort en klein te gaan. Daarom was dit goed dat ek einde 1968 weggegaan het. By die hele verandering in leesklimate sou ek nie kon voorsit nie.

5) Theodore Petersen; Magazines in the Twentieth Century, University of Illinois Press, 1956, p. 113

"As opgeleide onderwyser en Nasionalis is dit benede alle waardigheid beskou om omslagtige dinge te skryf oor die Britse koningshuis of onbenullige mense se sekslewe - het my eie buitendien interessanter gevind.

"Ek het grootgeword in die tradisie van die ou Huisgenoot se leesstof, wat intellektuele dinge gepubliseer het, onder meer populêre goed.

"Ons idee was om meer van dese en gene te gee, en met 'n ander inslag. Ek het 'n studie gemaak van vrouetydskrifte, elke maand almal deurgegaan; verskeie boeke ook.

"Ek kon met die middele tot my beskikking en eie instelling nie anders optree nie. Daar het ek baie met Alba ooreengestem. Nie uit preutsheid nie - ons het eerste begin met artikels oor seksvoorligting.

"Ons het kontroversiële stories gehad, soos die artikel oor studenteseks. Dit het baie reaksie uitgelok - 70 persent instemmend, 30 persent daarteen. Dit was nie om sensasie te maak nie, maar om 'n feitelike toestand onder die aandag te bring.

"Ons het oor vroue en mense geskryf, maar dit was mense wat iets bereik het, eenvoudig soms, maar wat iets bereik het. Dot Serfontein het oor 'n vrou van die Karoo geskryf, 'n ontroerende artikel. Alba een oor Laurens van der Post - een van die mooistes wat nog verskyn het.

"Dit het nie geblyk dat dit die sirkulasie verander nie. Dit is een van die teleurstellings - dat werklik uitstekende leesstof

nie mense gelok het om te koop nie.

"Daar was 'n tyd toe Johan Spies in Huisgenoot geskryf het: populêr, interessant, opgevoed, en tog was hy later verplig om te bedank.

"Een van die griewendste dinge is dat die werk wat gedoen is, nie deur ons Afrikaners verdien is nie. Hulle verdien vrot werk omdat hulle vrot werk ondersteun. Ons is min. Die basis van die piramide is te groot. Jy moenie spits toe gaan nie, maar eerder onder probeer kom 6).

"Oor die bewustelike verandering van die vrou se status in Suid-Afrika: Ek dink deur die voorbeeld wat SARIE gestel het, het ons ons bydrae gelewer. Ook deur die voorbeeld van 'n vrou in 'n gesagsposisie, in 'n onder-redakteurspos, het die Pers dit duidelik gestel.

"Ons het deur artikels aandag daaraan gegee. Daar was altyd die probleem: moet 'n vrou buitenshuis werk of tuis bly. Ons het nooit probeer om 'n kruistog op te neem nie, het wel stories gedoen oor vroue wat lei - in die eerste uitgawe was daar die artikel oor 'n vroulike wynmaker. Ons het egter nooit doelbewus probeer om propaganda daarvoor te maak nie."

Soos reeds gesê is, is talle briewe van waardering aan SARIE gestuur. En om hierdie hoofstuk af te sluit, haal ek uit 'n brief aan wat seker die gevoel van die meeste SARIE-lesers van daardie tyd opsom. Dit het By SM op kantoor in November 1952 verskyn: "Baie dankie vir die inhoud van Sarie Marais, wat in al ons behoeftes voorsien, van die geboorte af tot by die einde. Inligting is daarin vir ons op elke gebied van die lewe.

6) Sien ook Probleme en Deurbrake van hul tyd, Hoofstuk 14

Hoe jammer is ek dat daar nie vyftig jaar gelede al 'n  
Sarie Marais was nie!"

## 12. SARIE EN DIE LETTERKUNDE

Een van die mikpunte van Fred le Roux, eerste redakteur van SARIE, was om goeie tydskriflektuur te verskaf - soos hy self gesê het 1): "n lektuur waarvoor 'n mens nie skaam hoef te wees nie."

Dit moes hoofsaaklik populêre verhale wees, maar van hoë peil, nie noodwendig van literêre waarde nie. Nietemin het 'n aantal Hertzogprys- en ander prysweners volgens Le Roux hul debuut by SARIE gemaak.

Hy het dit sô gesien 2): "dat SARIE 'n hele klompie medewerkers 'n plek gegee het waar hulle hul goed kon publiseer, van wie baie literêre erkenning gekry het en ook van wie die werk later in boekvorm uitgegee is." Hulle is hoofsaaklik vroue, onder andere Audrey Blignault, Alba Bouwer, Elise Muller, Anna M Louw, Dot Serfontein, Henriette Grové en Elsa Joubert.

In Le Roux se bekendstellingsartikel op die eerste blad van die eerste SARIE, maak hy 'n belofte van wat lesers elke week kon verwag, onder meer: "n aantal boeiende kortverhale en 'n mooi vervolgv verhaal."

Onder die "doel van die blad" in dieselfde artikel verwys hy onder meer na "goeie, boeiende ontspanningsleesstof".

Voorts beloof die redaksie om van die volgende uitgawe af weekliks 'n novelle te plaas. "Ons het 'n voorraad treffende novelles, en in ons volgende uitgawe begin ons met Waterstraat

1) Le Roux in 'n persoonlike onderhoud

se mense van Paula - seker een van die mooiste korter verhale wat hierdie gewilde skryfster nog gelewer het. Ook op hierdie gebied vra ons die medewerking van ons skrywers en skryfsters. Tot dusver het tydskrifte om verskeie redes nie die skryf van novelles aangemoedig nie, hoewel daar aanduidings is dat ons skrywers en skryfsters dikwels beter werk lewer wanneer hulle idees nie in die keurslyf van die tydskrifkortverhaal gedwing word nie." 3)

In die laaste sin is dit duidelik dat die redakteur as kenner praat. Daarom kan hierdie afdeling oor SARIE se bydrae tot die Afrikaanse letterkunde nie volledig wees sonder om eers na hom as grondlegger van dié tradisie te verwys nie.

Fred le Roux (28.3.1913 - 20.4.1984) was waarskynlik ten beste in die posisie om goeie, populêre lektuur te ken as hy dit sien, omdat hy so 'n goeie kennis van die letterkunde gehad het. (Hy het een van sy hoof-dagtake by SARIE gesien as die verkryging en nasien van vervolg- en kortverhale.) 4)

Hy het 'n sleutelrol in letterkundige ontwikkelinge in die jare dertig, veertig en vyftig gespeel. Dit was grotendeels deur sy bemiddeling dat D J Opperman se Heilige Beeste, nadat dit aanvanklik afgekeur was, vir publikasie aanvaar is. Hy was ook bekend as vertaler van toneelstukke, en was 'n redaksielid van die literêre tydskrif Standpunte.

As toneelspeler, toneelkenner, dramaturg en dramalektor het hy ook sy merk gemaak. Hy was reeds as jong seun 'n ywerige toneelspeler en het tot sy aanstelling as hoogleraar in

3) Artikel "Ons stel onself bekend", SARIE, 6 Julie 1949

4) Le Roux in persoonlike onderhoud



dramakunde op Stellenbosch (1968 - 1978) naam gemaak as akteur, onder meer deur die hoofrolle te speel in drie versdramas van Opperman (Periandros in Periandros van Korinthe, Van der Heyden in Vergelegen, en Louis Trichardt in Voëlvry).

In temperament was Le Roux waarskynlik ook die mees geskikte mens vir dié werk. Een van sy oud-redaksielede 5) onthou dat hy en Boerneef die enigste barettraers in die Kaap was en dat eersgenoemde so "interessant Paryse linkeroewer" daarmee gelyk het. Sy wonder ook "of hy toe ooit sy swart operamantel, met rooi gevoer, waaroor hy teetye gepraat het, aangeskaf het".

Le Roux se kennis van en belangstelling in die Afrikaanse letterkunde het hom die vriendskap en agting besorg van digters soos W E G Louw, D J Opperman en N P van Wyk Louw. Opperman het gereeld sy manuskripte aan Le Roux voorgelê vir sy mening en raad. In 'n doodberig oor prof Le Roux wat op 23.4.84 in Die Burger verskyn het, word verwys na die "nugterheid en liefde" 6) waarmee hy die Afrikaanse letterkunde benader het.

In 'n huldeblyk 7) skryf Rita Elferink van die geesdrif en toegewydheid waarmee hy deur die jare tot die vorming van die Afrikaanse taal en letterkunde bygedra het.

Sy skryf: "Die Voorsienigheid was ons goedgesind toe hierdie opdrag (tot vorming van die Afrikaanse letterkunde) aan Fred toegesê is, of sou 'n mens sê toe hy hierdie rol gekies het?"

5) Blydie Conradie in korrespondensie

6) Berig "Prof Fred le Roux sterf op 71", Die Burger, 23 April 1984

7) Berig "n Ware Renaissance-mens", Die Burger, 24 April 1984

Sy aangebore goeie smaak vir elegante eenvoud, vir dit wat sober en helder en eerlik in 'n taal is, het baie daartoe bygedra om indertyd 'n prestige-uitgawe te maak van Die Huisgenoot.

"Terwyl hy lid van dié redaksie was, is hy gevra om die redakteur van die nuwe blad Sarie Marais te word. Dit is hier waar werklik reg aan Fred se veelsydigheid kon geskied. Hy het geweet om sy skrywers te kies, en daar is min van die skryfsters wie se werk later bekroon is, wie se bydraes nie eers in Sarie Marais verskyn het nie.

"Trouens, hy het baie manuskripte persklaar gemaak en met groot diskresie die nodige literêre chirurgie toegepas.

"Maar bo en behalwe sy goeie literêre smaak was Fred ook 'n kunskenner by uitnemendheid, iemand met fyn aanvoeling vir die harmonie van kleur en lyn, vir komposisie en balans, wat sou beteken dat SARIE van die begin af die soort aantreklike, gesofistikeerde vroueblad kon wees wat gunstig by buitelandse publikasies van dieselfde genre kon vergelyk.

"... Fred se verblyf in Kaapstad was in 'n tyd van interessante gisting en lewe onder die jong skrywers en digters. Hy en W E G Louw was saam studente aan U K (Fred le Roux het gelyktydig vir die grade BA en BSc gestudeer - skrywer), en toe Fred later aan Die Huisgenoot verbonde was, het o.a. W E G Louw, Boerneef, Uys Krige, J du P Scholtz en Elisabeth Eybers, en ná 1939, ook Jan Greshoff, artikels en literêre kritieke vir die blad geskryf.

"In 1936 is die tydskrif Trek onder leiding van Jacques Malan uitgegee, en soos Rob Antonissen dit stel, is dit veral die virtuosoos-satiriese Koos Konyn-artikels in hierdie blad wat die destydse Afrikaanse Republiek der Letteren onveilig gemaak het, met Greshoff en Fred as die hoofdaders.

"... Dit was een van sy kostelikste eienskappe dat hy in die ontdekking en aanmoediging van 'n nuwe talent soveel vervulling kon vind, dat dit hom so na aan die hart gelê het, dat sy tydgenote en jongeres goeie prosa en groot gedigte sou lewer. Dit is een van die redes waarom ons hom soveel verskuldig is ... sy onbaatsugtige diens ten bate van gesproke en geskrewe Afrikaans."

Dit was die persoon wat die basis gevorm het vir die skepping van 'n nuwe tradisie van goeie leesstof by 'n nuwe blad. Te oordeel aan die etlike verwysings na SARIE in J C Kannemeyer se Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur (Band I en Band II) 8) het die blad 'n baie besliste bydrae tot die literatuur gemaak.

Mej Bouver sê 9) van fiksie in SARIE: "Die gehalte van die verhale was oor die algemeen goed en skrywers soos Elise Muller en Anna M Louw het letterlik hul debuut by SARIE gemaak. Dot Serfontein en Elsa Joubert is ook mense wat aanvanklik bydraes in SARIE geplaas het.

"Dit was te danke aan Fred se aanvoeling en sy besluit om hom nie daaraan te steur of mense sensasie wil hê of nie, hy doen sy bes om goeie letterkunde geplaas te kry." Volgens haar het hy ook die wonderlike vermoë gehad om 'n storie "reg te kante!".

8) H&R Academica, Band I 1978, Band II 1983

9) Bouver in persoonlike korrespondensie

SARIE-lesers het ook af en toe die werk van skrywers in ander tale, klassiek en populêr, in Afrikaans te siene gekry. Onder vertaalde werke wat in SARIE gelees is, is dié van De Maupassant en Tolstoi. Populêre skrywers soos Heinz Konsalik is in vertaalde vorm in SARIE gelees. Selfs die Engelse skrywer wat al in die buiteland as die beste Suid-Afrikaanse skrywer bestempel is, Nadine Gordimer, se werk is al in SARIE geplaas.

Hoewel Le Roux eerder naam gemaak het as kenner en waardeerder van die letterkunde, het hy mense in sy redaksie gehad wat self 'n groot aandeel daarin gehad het om die gemiddelde Afrikaanse vrou 'n idee van goeie tydskriflektuur sowel as goeie letterkunde te gee.

Hulle is twee vroue wat lank sinoniem was met SARIE: Alba Boucher, tweede onderredakteur van die blad, en Audrey Blignault, nooit 'n amptelike redaksielid nie, maar eerder 'n ere-lid danksy die jare waarin sy haar uiters gewilde Uit die Dagboek van 'n Vrou geskryf het, en die jare toe sy 'n deeltydse lid van die redaksie was.

ALBA BOUCHER, redaksielid van Augustus 1949, en van 1952 tot 1964 onder-redakteur van SARIE, het al verskeie letterkunde-pryse vir haar werk ontvang.

Die jongste is die nuut-ingestelde (1984) M E R-prys vir jeuglektuur vir haar boek Vlieg, Swaeltjie, vlieg ver. Mej Boucher het reeds meer pryse ontvang as enige ander skrywer van jeugboeke in Afrikaans. Sy het ook vir 'n boek vir die derde keer

die C P Hoogenhout-prys vir jeuglektuur ontvang.

By die oorhandiging van die M E R-prys het mej Bouwer gesê M E R het 'n groot invloed op haar en haar werk (en op SARIE ook) gehad.

Sy het 25 jaar lank 'n besondere vriendskap met M E R gehad. M E R het hul verantwoordelikheid teenoor lesersse by Fred Le Roux, Alba Bouwer en Audrey Blignault ingeskerp, op 'n keer met die volgende woorde 10) aan mej Bouwer: "Dis een van die belangrikste dinge wat jy kan doen: om aan vroue ordentlike leesstof in hul vrye tyd te gee."

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se Scheepersprys vir jeuglektuur het mej Bouwer in 1960 en weer in 1964 (die jaar waarin sy as onder-redakteur van SARIE afgetree het) ontvang vir die boeke Stories van Rivierplaas en Stories van Bergplaas. Albei het eers as reekse in SARIE verskyn.

Oor Stories van Rivierplaas skryf 11) M E R, toe reeds 78 jaar oud, in 'n brief in 1953 aan mej Bouwer (toe was nog nie besluit dat dit in SARIE sou verskyn nie):

"Ek pos hiermee die Stories: baie dankie vir die insae. Ek het dit met groot plesier gelees: nie alleen is dit fyn geskryf nie maar elke stukkjie van die inhoud is vir my fris en verkwikkend; somer baie mooi.

"As dit in boek uitgegee word - wat jy gewis moet doen - dan sal veel afhang van die illustrasies. Hoe van Katrine? (Harries - skrywer) enigste een, na my mening; maar dan sal sy op hoogte

10) Bouwer in persoonlike korrespondensie

11) MER: 'n Kosbare Erfenis, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1977, p.110

moet kom van die plaasdrag van kinders, van die Basoeto's, en van die hele plaaslewe: hoe sal sy anders die rit op die perd onder die staldeur in kan illustreer, met die outa eenkant? Of die wassery in die rivier? Of die voete was? Op die voorblad moet die skat van 'n ou Melitie kom.

"... Nee, die Rivierplaas moenie sommerso uitgegee word nie. Ek was destyds - soos baie ander mense - so bly gewees oor Moeder Poulin omdat dit 'n ware kant voorhou van Boer-Kaffer-verhoudings en gesamentlike geskiedenis: nog amper beter wat dit betref, is jou stories.

"... Katrine sal tog lekker werk aan die Asdans!"

En weer oor Rivierplaas (toe 'n reeks in SARIE), amper 'n jaar later, skryf 12) M E R die volgende in 'n brief aan mej Bouver:

"... En ek geniet tog so die Rivierplaas-stories: die reis-beskrywings ook ('n Europese reis deur Alba Bouver in SARIE - skrywer), want hy neem my so saam: maar nou dat die Rivierplaas in Sarie verskyn, is hulle vir my nog mooier as toe ek dit in ms gelees het. Ek dag, waarom sal dit wees? Toe lees ek dit nogmaals, en kry weer so plesier by die klimaks (1e van die "bel") (2e van die eierdebakel). En toe sien ek, nee, maar dit is so 'n soort storie wat jou elke keer lekkerder laat lag; 'n baie skaars soort storie, en 'n baie skaars soort vertel.

"Ek sien so uit na die boekie, en ek sal seker een kry met Alba se beste groete voor ingeskrywe. Dit wil ek graag bêre.

"Baie bly oor Katrine H se illustrasies; laat sy tog dit aan jou oormak; sommige van hulle - die meeste - is fyn stukkie. Wonderlik hoe sy in die gees van so 'n skrywe opgaan. Gebore illustreerder."

En mej Bouwer is 'n gebore storieverteller. Sommige van haar boeke het al veertien drukke beleef, en daar is waarskynlik nie 'n Afrikaanse huisgesin wat nie 'n boek van haar besit of wat nie in die een of ander stadium een uit 'n biblioteek geleen het nie.

Die werk wat AUDREY BLIGNAULT vir die eerste keer onder die aandag van die Afrikaanse vroulike leser gebring het (hoewel sy toe reeds geruime tyd redakteur van Die Huisvrou was - sien hoofstuk 8 oor SARIE SE REDAKSIELEDE), was die rubriek Uit die Dagboek van 'n Vrou.

Mev Blignault het dit op aandrang van Alba Bouwer begin skryf. Die eerste het op 23 Augustus 1950 verskyn. Sy het oor daaglikse ondervindings en gebeurtenisse in haar lewe - en dus tiperend van die Afrikaanse vrou se lewe in daardie jare - geskryf.

Die eerste rubriek is sō aangekondig: "In hierdie uitgawe begin ons met 'n nuwe rubriek: Uit die Dagboek van 'n Vrou. Hierin sal 'n huisvrou elke veertien dae vertel van al haar doen en late en die lewe van haar en haar gesin. Ons vertrou dat ons lesers hierdie grepe uit die lewe van 'n vrou sal geniet."

Oor mev Blignault en haar rubriek sê Blydie Conradie 13):

"Toe die eerste rubriek voorgelê word, het Aletta (Bergh) gesê sy kan gerus nog mense of 'n dier of 'n ding inwerk.

13) Conradie in persoonlike korrespondensie

"Audrey maak toe so, en in die tweede of derde Dagboek werk sy toe die skilpad Nikodemus in. Aletta ten spyt, het Nikodemus nie lank gehou nie, toe volg die nimlike Audrey haar eie vrolike en glorieryke pad."

Uit briewe wat aan die redaksie geskryf is en waarvan sommige in die briewekolom By SM op Kantoor geplaas is, is dit baie duidelik dat die reeks een van die treffers in SARIE was. Ek haal uit enkele briewe aan.

In die uitgawe van 17 Januarie 1951 word twee briewe geplaas waarin dankbaarheid teenoor A B B, ofte wel Amanda, die skuilnaam waaronder mev Blignault die rubriek geskryf het, uitgespreek word.

Dit lui so: "Ek kan eenvoudig nie die tyd afwag dat SM moet kom nie en wat ek dan heel eerste lees, is Uit die Dagboek van 'n Vrou. Die skryfster is vir my gans bekend en wanneer ek die stukke lees, kom daar 'n ongekende heimwee in my op. Dit maak my so vreemd gelukkig. Ek hoop en vertrou dat hierdie artikels nog lank in SM sal verskyn. Baie dankie, A B B, vir my beteken hierdie artikels oneindig baie."

In die ander brief skryf 'n vrou (van die Suidwes-kus): "Dis Sondag, my man is 500 myl hiervandaan in 'n hospitaal en behalwe vir my twee seuntjies, is ek alleen. Buite waai die wind met dieselfde geweld waarmee hy die hele week gewaai het. U sal dus verstaan waarom ek my vandag wend na 'n vriendin om mee te gesels, want ek beskou 'Sarie Marais as 'n vriendin. Ek is Amanda veral baie keer opnuut dankbaar vir haar juweeltjies. Dis



verkwikkend om te lees van die lieflike Boland en in die gees terug te gaan na die wonderskone plekkies waarvan sy vertel. Sy is so 'n volkome gelukkige mens en skynbaar ryk aan geestelike goedere. By die lees van haar mooi herinneringe leef die mooi dinge waaraan daar so 'n gebrek is, ook weer vir my. Dan vergeet ek die skaarste aan vars groente en vrugte, die onvriendelike rotse, die stofstorms en die koue Atlantiese oseaan daar buite, en ek voel die rus en vrede van skaduryke eike, dynserige berge en vonkelende saffierblou see. Dat die heerlike geskrewe woord met sy magiese krag 'n mens, veral 'n besige huisvrou, kan wegvoer van die alledaagse en nuwe moed kan gee. Baie dankie, Amanda! Baie dankie. Die eensaamheid is verby, selfs die Sondagmiddagmusiek oor die radio klink nou mooier."

In die briewekolom van 21 Februarie 1951 skryf 'n vrou in haar lofuitingte oor Amanda onder meer: "Dit verskaf my altyd groot genoeg as ek Sarie Marais deurblaai en sien dat daar 'n bydrae van A B B in verskyn ... Dis eintlik jammer dat die rubriek nie elke week kan verskyn nie."

Hoe mev. Blignault die lesers se harte geraak het, blyk uit die volgende briefie in die uitgawe van 14 Maart 1951: "As ek Uit die Dagboek van 'n Vrou lees, bring dit altyd 'n kalmte oor my, hoewel ek altyd 'n groot heimwee na A B B ondervind, ek word bewus van 'n geestesverwantskap wat daar tussen ons bestaan, hoe en waar weet ek self nie."

In die uitgawe van 4 April word 'n hele lang lys name gepubliseer van mense wat geskryf het om hul waardering teenoor mev. Blignault

uit te spreek. Daarmee saam is die volgende kort briefie geplaas: "Uit die Dagboek van 'n Vrou is vir my elke keer soos 'n lekker lang brief van 'n ou bekende, ek lees dit soms tot twee keer deur."

In 'n brief in die uitgawe van 8 Augustus 1951 skryf 'n leser: "... Waaroor ek veral in die afgelope tyd wou skryf, is Amanda se dagboek. Daar is nou nie een stukkie nie, of ek voel lus om 'n brief daaroor te skryf."

In die uitgawe van 24 Oktober 1951 die volgende brief: "As ek die Sarie Marais oopmaak, soek ek heel eerste na Amanda se dagboek. Haar skrywerstalent word so duidelik in haar stukkies weerspieël. Oor die geringste gebeurtenissie kan sy met soveel opgewondenheid skryf dat jy dit ook ondervind as jy dit lees."

En so kan 'n mens in die briewekolom van elke paar SARIES 'n verwysing na die rubriek vind. In 'n SARIE van 17 Julie 1985 skryf 'n leser nog oor mev Blignault: "Vanaand verlang ek na Audrey Blignault. Ek dink terug aan die ongeluk waarin sy haar man, Johan, verloor het. Vir my het dit soos 'n persoonlike verlies gevoel.

"Ek wonder hoe dit met haar gaan en of sy nog skryf. Hoekom lees ons hiks meer van haar in SARIE nie?"

"Baie min mense het die gawe ontvang om soos sy te kan skryf. Sy laat 'n mens telkens dink: hoekom het ek nie gedink om dit sō te stel nie?"

M E R, 'n jarelange vriendin ook van mev Blignault, het in 'n

brief aan haar in Oktober 1950 geskryf 14): "Ek dink reeds 'n paar weke aan skryf aan jou, om te sê jou Dagboek in die 'Sarie' is mooi; jy moet dit bewaar; eendag sal jy bly wees daaroor. Soos jy dit nou skryf, is dit van wisselende waarde, maar wag maar, en skryf maar soos dit nou voorkom; later sal jy kan sien watter kant te veel en watter te min melding gekry het. Dit is glo wat die Engelse noem 'restraint' in die skryfkuns; ek kan goed merk dat jy dit beoefen, maar tog is dit iets waaroor 'n mens algaande eintlik leer. En jy het baie tyd.

"... Nou ja, so is dit nou; wie weet, het my ma altyd gesê, waarvoor dit goed is. In elk geval ek gee jou dit as 'n waarskuwing. Jy sal tog nooit van die skrywe kan wegbly nie; jy het nog baie tyd, en jy gaan nou skool op die beste wyse wat onder ons te kry is. Moenie haastig wees nie; maar moet ook nie ophou nie; moenie ongeduldig word nie, maar moet ook nie wag tot jy krag verloor nie. En as ek jou reg skat, sal jy ook nie een van hierdie dinge doen nie ..."

In Februarie 1951 skryf 15) M E R weer aan mev Blignault. "Ek merk dat jou 'Dagboek' baie byval vind. Vir my bly dit nog steeds mooi. Maar nou voel ek daarteenoor soos ek oor enige ding voel wat Anna (haar dogter - skrywer) skryf of doen - ek wil darem tog hier en daar wys waar dit nog mooier kon wees, of iets wat beter weggelaat kon gewees het. Daar is net een ding wat ek vir jou wil sê: jy is van nature 'n toegeneentheid-soekende mens, wat die toegeneentheid ook kry omdat jy dit aan andere gee. Pas nou op dat hierdie verlange

14) MER, op.cit., p.94

15) MER, op.cit., p.97

jou nie laat sê wat bereken is om te bekoor nie, en wat jou gesonde verstand sonder jou begeerte om te streel miskien nie sou gesê het nie. Met ander woorde bly by die koue waarheid, en vra jouself, sê ek nou so omdat dit so was of omdat ek graag wil hê dit moes so gewees het? Jou onmiddellike loon sal dan verminder, maar jy wen op die end, deur 'n ootmoedige waarheidsdiens, groot rykdom ..."

'n Tiental bundels het uit mev Blignault se SARIE-rubriek ontstaan. Vir die eerste twee, In klein Maat en Die Vrolike Lied, het sy in 1961 die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Eugène Maraisprys ontvang. Sy was die eerste ontvanger van dié prys.

In 'n berig wat op 29 Junie 1961 na aanleiding van die toekening in Die Burger verskyn het, lui die inleidingsparagraaf: "Oor min toekennings sal daar by meer Afrikaanse vroue groter blydskap wees as oor die Eugène Marais-aanmoedigingsprys vir letterkunde wat mev Audrey Blignault Saterdag in Pretoria van die S A Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang."

In die tweede paragraaf staan daar: "Die hele land se vroue is bly dat werk wat hulle soveel jare al soveel hartsgenot gee, nou bekroning vind van die kant van die geleerde mannebroeders."

In sy motivering van die prys het prof. F Lategan gesê 16): "Audrey Blignault het in die subjektiewe aard en besondere aanpasbaarheid van die essay 'n natuurlike uitingsvorm gevind vir haar opbruisende lewensblyheid en die behoefte van haar sonnige natuur om intiem met haar medemense te verkeer."

16) Berig, Die Burger, 29 Junie 1961

Hy het onder meer ook gesê mev Blignault het die literêre essay in Afrikaans "in die bloei gebring".

In die berig van 29.6.61 word geskryf "Almal weet hoe die sketse ontstaan het." Die vertelling daaroor gaan so: "In Junie 1950 het Alba Bouwer van die Sarie Marais voorgestel dat sy 'n reeks Uit die Dagboek van 'n Vrou vir die tydskrif moet skryf. 'Wat het ek om oor te skryf?' het sy teengekap. 'Daar gebeur geen sensasiewekkende dinge in my lewe nie.'

"Haar man, nou redakteur van die S A Tydskrif vir Geneeskunde, was destyds nog besig met sy mediese studie. Haar dogter - die Marië van die stukke - was agt jaar oud. Haar bediende Martha het, sê sy, dae lank geen woord met haar gewissel nie, nie uit stuursheid nie, maar somer uit gebrek aan behoefte. 'Van pure weet-nie-wat-nie skryf ek somer toe oor ons, oor my familie, die gewone gang van die lewe in ons huis en oor die dinge wat vir my lekker of naar, mooi of lelik of somer net snaaks was.'

"'n Mens wonder of daar al in ons Afrikaanse joernalistiek 'n vrou was wat warmer, guller, hartliker waardering vir haar werk gevind het. Sy het nog van die briewe. Een nā die ander getuig hoe net, hoe presies, hoe nommerpas raak sy in woorde kon vaslê ervarings wat haar lesers self al gehad het.

"Haar vriendin M E R som, soos sy so goed kan, die waarde van haar werk op waar sy in 'n brief skryf: 'Die stukke ... bekoor omdat hulle beskryf wat elke dag met elke vrou gebeur. Dit verduidelik en bevredig die verlange wat elke mens het om

oortuig te wees dat andere sy lewensondervinding verstaan. Daarby, dat daar, by en om die alledaagse, vreugde te vind is'."

Dië feit word onderstreep deur 'n gesprek 17) met Alba Bouwer kort nā die ongeluk waarin dr Blignault oorlede en mev Blignault ernstig beseer is. Dit het gegaan oor haar nuutste bundel, Die Blye dae. Mev Blignault het toe gesê dat, wanneer sy die dag sterf, dié sinsnede as haar grafskrif moet dien: Here, hoeveel blye dae. (Dit kom uit die Afrikaanse Gesangeboek.)

Die bundels essays wat uit die rubriek ontstaan het, is In Klein Maat (1955), Die Vrolike lied (1957), Met ligter tred (1962), Die Blye Dae (1965), Die Plesierboom (1967), Om die son te aanskou (1968), Die verlange loop ver (1969), Die Rooi Granaat (1970) en Die wind van die see af (1972). In 1977 is die bloemlesing Nogtans sal ek jubel deur dr Elize Botha saamgestel uit 'n keur van wat in die bundels verskyn het. Intussen het Pas op Vir Jantatarat (1979) en Van Leser tot Leser (1980) verskyn. Laasgenoemde is 'n hulpboekie vir leeskringe. In Junie 1985 het Die Goue Vreugde verskyn. Dit word beskryf as "n bloemlesing wat spruit uit haar jarelange verbintenis met boeke."

In 1964 is die Hofmeyrprys van die Nasionale Pers aan haar toegeken vir die bundel Met Ligter Tred. W E G Louw het in 'n artikel (Die Burger, 3 Junie 1965) oor sy herinnering aan die eerste kennis-making met haar werk geskryf: "... wat my dadelik beetgepak het, was dië skryfster se volmaak ongedwonge gebruik van ons taal, haar fantasieryke ingewinge, en die sterk ontwikkelde sintuiglikheid van haar waarneming ... Goed, Audrey Blignault se temas is dië

17) Persoonlike inligting oor bekendes, Die Burger-Biblioteek

van 'n vrou. Maar hulle is ook meer, iets wat ek indertyd 'n 'avontuur van die alledaagse' genoem het - herinneringe aan 'huise' uit haar kinderjare, 'n elegie vir 'n spens, 'n vrolike dissertasie oor poedings. Maar in haar behandeling van dié temas blyk sy 'n skerpsinnige waarnemer met 'n lewendige gees. Kortom, 'n intellektueel, maar een wat so nooit as te nimmer 'n bloukous genoem sal kan word nie. Met Ligter Tred is 'n waardige ontvanger van die Hofmeyrprys. Mag dié bekroning nog baie meer daartoe bring om dit te lees, of weer te lees!"

Toe mev Blignault die prys in Junie 1965 ontvang, het W O Kühne in Van Alle Kante in Die Burger geskryf: "Nā al die mooi dinge wat Audrey Blignault gister verneem het toe sy die W A Hofmeyrprys ontvang het, en die opregte waardering wat sy gekry het, kan ek maar vertel wat haar goeie man Andries daarby te voeg het - en wat Audrey, wetende alles van die profeet in sy eie land, ook maar kon verwag het. Dit staan haar naamlik te doen om Andries (Amanda se Johan in die rubriek) te vra waar in die letterkundige ry haar plekkie nou juis is. Sestiger, weet sy wel, is sy nie; maar wat dan?"

"Waarop Andries toe diep dink, en sê: Ek sou reken, my vrou, dat jy 'n Minor Forty-Niner is! ('49 synde natuurlik ook SARIE se geboortejaar - skrywer)

"Toe ek gister luister na prof Duke Erlank se rede voor die oorhandiging, kon ek nie dink dat hy en Andries dieselfde mens in gedagte gehad het nie. Die professor het indrukwekkende redes aangevoer waarom Audrey as skryfster bemind en haar werk so verdienstelik is. Na my mening het hy een rede uitgelaat. Maar

net daarna, toe Audrey dankie sê, het sy dit self, onwetend, verstrek:

"Vir almal wat geluister het, moet dit opgeval het: omdat sy haar sê op papier sê soos sy praat - klinkklaar en presies, in eenvoudige, blink geslypte woorde waarvan jy nie een kan wegneem en waarby jy nie een kan voeg nie.

"Om na haar te luister, is soos om haar te lees: 'n strelende ervaring, vol genot."

In haar ontvangstoespraak by die Hofmeyrprys het mev Blignault onder meer die Nasionale Pers se tydskrifte, by name SARIE en Die Huisgenoot, geprys vir hul "belangrike bydrae aan die letterkunde". Volgens 'n berig op 3 Junie 1965 in Die Burger het prof. Erlank mev Blignault geloof vir haar werk, wat die leser "ontletterkundig" sodat "hy hom letterkundig kan geniet".

Oor die verhale wat in SARIE verskyn het, meen mev Blignault 18) self die volgende: "... Skrywers soos Elise Muller, Anna M Louw, Minnie Postma, het gereeld verhale en vervolghale vir SARIE geskryf. Die verhale was gewild, te oordeel aan die briewe wat die redaksie ontvang het. Dieselfde verhale en vervolghale is later in boekvorm uitgegee en is met letterkundige pryse bekroon. Elise Muller het die Hertzogprys gekry vir verhale wat in SARIE verskyn het.

"Die leesstof wat in SARIE aangebied is, was dus leesstof wat van 'n onbetwisbare literêre gehalte was. En, sover my bekend, het geen leser ooit beswaar daarteen gemaak nie."

Dit dan die twee vernaamste bydraers tot die Afrikaanse letter-



kunde wat regstreeks uit SARIE gespruit het: Alba Bouwer vir haar jeugverhale (wat nie sê dat oues, soos M E R dit wel deeglik stel, dit nie geniet het nie!) en Audrey Blignault vir haar essays.

SARIE en Lettie Bock was ook jare lank twee onskeibares. Die gewilde karakter wat Minnie Postma met soveel lus en vreugde geskep en laat lewe het, het diep in die harte van die SARIE-lesers ingekruip.

As Alba Bouwer en Audrey Blignault baie briewe van waardering gekry het vir hul werk, so ook Minnie Postma. Hoewel sy nooit met letterkundige pryse bekroon is nie, is dit 'n bewys dat 'n skepping nie 'n belangrike prys moet kry om gewild te wees nie. Lettie Bock sal voortleef onder 'n geslag of twee SARIE-lesers, en dalk nog onder 'n nuwe geslag ook, want onlangs nog is 'n Lettie Bock-storie geplaas.

Briewe soos die volgende is dikwels in By SM op kantoor gelees: "Ek het onlangs in die hospitaal gelê en was besig om die stuk Lettie Bock en die Segsman te lees, toe daar ewe haastig 'n baie siek pasiënt by my in die kamer ingestoot word. Sy kry 'n slaappil en word aangesê om te probeer slaap. Ek hervat maar weer die lees van my storie, maar toe ek darem kom by die petalje in die sitkamer waar Talettie die beeldjie aanspreek met: "Ja nee, Outa, 'n oil painting is jy bepaald nie, maar vir jou moeder was jy seker mooi," toe kon ek my lag nie bedwing nie. Die volgende oomblik lê ek magteloos in die grepe van 'n lagbui en ek kyk benoud na my siek kamermaat wat net begin insluimer. Het ek dit nie swaar gehad nie! Ek skud, die bed skud en ons ruk en

skud tesame, soos 'n reisiger in 'n ou tjorrie. My koors, my bloeddruk, my hartslag, alles was deurmekaar, so het dit gevoel: Nee kyk, Lettie Bock het vir Duifie benoude oomblikke besorg daar in die pastorie se sitkamer, maar vir my ...! Ek sal nie verbaas wees as die skroewe en skarniere wat so met sorg aangedraai is hier in die hospitaal en my man 'n hele klompie uit die sak gejaag het, weer lende lam is nie, en dit deur Lettie Bock!

"Baie dankie, Minnie Postma, vir Lettie Bock!"

In dié trant het talle briewe bewys hoe gewild die eg-Afrikaanse "Talettie" met haar eiewil en maniertjies onder die lesers was.

Die meeste vroue wat al die Hertzogprys gewen het (en heel party mans ook!) het noue bande met SARIE gehad. Hulle is Anna M Louw, M E R (wat dit in 1953 vir al haar werk gekry het), Elise Muller (in 1957 vir Die Vrou op die Skuit) en Henriette Grové, wat die prys in 1981 gekry het vir haar hoorspel oor Leipoldt, Ontmoeting by Dwaaldrif, en weer in 1984 vir Die kêrel van die Pêrel, of Anatomie van 'n leuenaar.

M E R, wat in die heel eerste uitgawe van SARIE oor blommerangskikking 'n bydrae gehad het, het noue bande met SARIE en haar redaksie behou - soos duidelik blyk uit aanhalings hierbo. Sy het gereeld artikels vir SARIE geskryf, en 'n hele aantal van haar verhale is gepubliseer.

Anna M Louw se eerste verhaal in SARIE was Die Skim (7.9.49). Sy het onder meer die volgende pryse gewen: die Olive Schreinerprys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir

Twenty days that autumn; in 1968 ook van die Akademie die Scheepers-prys vir Die Voortreflike Familie Smit (wat as novelle in SARIE verskyn het); in 1971 die W A Hofmeyrprys vir Die Groot Gryse en in 1976 die CNA- en die Hertzogprys vir Die Kroniek van Perdepoort.

Buiten Die Voortreflike Familie Smit, wat eers in SARIE verskyn het voordat dit in boekvorm uitgegee is, is Die Onverdeelde Uur ook eers as novelle in SARIE gepubliseer.

Henriette Grové se kortverhale wat in die bundel Kwartet opgeneem is, het in 1957 aan haar die W A Hofmeyrprys besorg (die medewenners in Kwartet was M E R, Elisabeth Eybers en Ina Rousseau - laasgenoemde het ook kortverhale in SARIE geskryf).

Mev Grové het onder meer ook die ATKV-prys vir die blyspel Die onwillige weduwee ontvang (1964). Met Jaarringe het sy die CNA-prys vir Afrikaanse letterkunde gewen.

Die eerste werk van haar wat in SARIE verskyn het, was die novelle Die toe deur, in 1950. Meulenhof se mense, wat in 1961 in boekvorm gepubliseer is, was 'n vervolghaarl in SARIE.

In 'n berig in Die Burger van 29 Augustus 1968, geskryf nadat sy die W A Hofmeyrprys gewen het, vertel sy dat "haar skrywersloopbaan aanvanklik met kinderverhale" begin het.

Sy het verhale vir kinderprogramme oor die radio geskryf, en heelparty radio-sketse. Onder die skuilnaam Linda Joubert het mev Grové tientalle verhale "in ligter trant" geskryf.

Elise Muller se eerste verhaal in SARIE was Die Boom in Augustus 1949, dus kort nā die eerste SARIE. Die Wilde Loot, wat later in boekvorm uitgegee is, het eers as vervolghverhaal in SARIE verskyn.

In 1957 is die Hertzogprys aan mej Muller vir haar bundel kortverhale Die Vrou op die Skuit toegeken. Etlike van die twaalf verhale in die bundel het eers as kortverhale in SARIE verskyn.

Volgens 'n berig op 11 Oktober 1957 in Die Burger het mej Muller haar "dank uitgespreek vir die aanmoediging van mnr Fred le Roux, redakteur, en mej Alba Bouwer, onderredaktrise van Sarie Marais, waarin die meeste van haar kortverhale ... verskyn het."

Van die verhale in Die Vrou op die Skuit waarvoor sy bekroon is, is die volgende deur die keurders (volgens die berig) gesê: "Hierdie verhale behoort tot die allerbeste wat die Afrikaanse prosa besit. Dis werk wat 'n mens met vrymoedigheid vir 'n buitestaander kan voorlê, waarmee ons wil sê: hulle praat 'n universele taal."

Hoewel Elsa Joubert reeds in die heel eerste SARIE 'n mode-artikel geskryf het oor Dior en die sg. "nuwe voorkoms" wat hy geskep het, het haar eerste verhaal eers in 1954 verskyn. Daarnā is haar verhale gereeld in SARIE gepubliseer.

Mej Joubert is seker vandag die bekendste vir haar roman Die Swerfjare van Poppie Nongena. Diē boek het geskiedenis gemaak as die eerste Afrikaanse boek wat danksy 'n ongekende aanvraag binne vier maande drie keer herdruk moes word.

Daarby het dit 'n driekuns behaal met pryse: die Hofmeyrprys, die CNA-prys en die Louis Luytprys. Van laasgenoemde prys was mej Joubert die eerste ontvanger.

Die boek het ook 'n prestige-letterkundeprys van Brittanje aan haar besorg. Dit is in 1981 vir die Engelse vertaling (wat mej Joubert self gedoen het) aan haar toegeken deur die Royal Society of Literature. Sy is genooi om 'n genoot (fellow) van dié liggaam te word, wat meebring dat mej Joubert die letters FRSL agter haar naam kan skryf.

Van die ander boeke wat sy geskryf het, maar deur Poppie in die skadu gestel is, is haar "Afrika-verhale", onder meer Ons wag op die Kaptein en Bonga. Die Eugène Marais-prys is in 1964 aan haar toegeken vir eersgenoemde.

Mej Joubert het 'n hele aantal plekke in die wêreld in Afrikaans aan die leunstoel-reisiger bekend gestel: Water en Woestyn, Suid van die Wind, Swerwer in die Herfsland, Die verste reis, Die Staf van Monomotapa en Die nuwe Afrikaan.

Ander bekende en bekroonde Suid-Afrikaanse skrywers wat in die beginjare van hul skrywersloopbaan werk in SARIE gepubliseer het - onder wie sommige volgens die redaksielede 19) in SARIE gedebuteer het - is sestigers soos André P. Brink (sy eerste verhaal in SARIE was Juffrou Fien en die donker wa, 12.6.57), Jan Rabie (Onder die hemel, 1.5.57) en Hennie Aucamp (Die rooi deur, 14.9.60).

André P Brink het onder meer die Eugène Marais- en die CNA-prys gewen. Vanweë die groot aantal tale waarin sy boeke

vertaal is, is hy waarskynlik die internasionaal bekendste Suid-Afrikaanse skrywer. Hy is ook verskeie kere vir die Nobelprys vir Letterkunde benoem.

Jan Rabie het onder meer die Scheepersprys vir jeuglektuur vir Die Seeboek van die Sonderkossers gewen, en Hennie Aucamp die Hertzog- en die W A Hofmeyrprys (onderskeidelik in 1982 en 1974).

W A de Klerk, wat etlike verhale en vervolghverhale in SARIE gepubliseer het en waarvan heelparty later in boekvorm uitgegee is, is met onder meer die Hertzogprys vereer (1952).

F A Venter, wat die Hertzogprys in 1961 gewen het, was ook 'n gereelde SARIE-skrywer. Sy Wurfjoernaal het in SARIE verskyn. Onder sy eie naam het hy etlike verhale vir SARIE geskryf, maar onder die skuilnaam Renée Stegmann het hy ook groot aanhang onder die lesers gehad.

Petra Müller, wenner van 'n aantal literêre pryse en gewese artikelskrywer en verhale-redakteur van SARIE, het haar skrywersloopbaan by SARIE begin met die kortverhaal Die dag van die brand (17.4.60). Sy het haar veelsydigheid getoon deur gedigte en kortverhale van gehalte te skryf. Sy het onder meer die Akademie se Eugène Maraisprys vir haar tweede digbundel, Patria, gekry.

Onder haar eie naam het sy etlike kort- en vervolghverhale in SARIE gepubliseer, maar, heelwat werk - waaronder 'n aantal vervolghverhale - het ook onder die skuilnaam Magriet Smalberger verskyn.

Van die jonger skrywers en digters wat sedert 1970 in SARIE gelees is, is reeds 'n hele aantal bekroon.

Onder hulle is Jeanne Goosen, Welma Odendaal, P J Haasbroek (die Akademie se Eugène Maraisprys in 1975 vir sy kortverhaalbundel Heupvuur), Etienne van Heerden (wenner vir 1984 van die Maraisprys vir sy kortverhaalbundel My Kubaan), en André le Roux du Toit.

Die skrywer en die prys wat in die jongste tyd seker die meeste aandag getrek het, is Dalene Matthee en die eerste ATKV-prosaprys, vanjaar gewen vir haar boek Kringe in 'n Bos. Mev Matthee het haar skrywersloopbaan in 1974 by SARIE begin met die verhaal Mercurius se Seun. Mej Müller was toe verhaleredakteur van SARIE en het mev Matthee as 't ware "grootgemaak". Fiela se kind, wat in 1985 uitgegee is, toon net soveel belofte as Kringe.

Kringe het 'n Afrikaanse boekrekord opgestel wat moeilik geklop kan word. Nog voordat dit in Afrikaans gepubliseer is, het etlike oorsese uitgewers die vertaalregte gekoop, en aan die einde van 1984 was die boek reeds in sowat tien tale, onder meer Fins, vertaal.

Die ATKV-prys is ingestel om die sogenaamde middelmoott-literatuur (ligte, gewilde prosawerk van hoë gehalte) in Afrikaans te bevorder.

Saam met die aankondiging van die prys verlede jaar het die ATKV ook in oorleg met SARIE 'n vervolgvhaalwedstryd uitgeskryf op soek na Afrikaanse blitsverkopers. Sover kan

slegs twee boeke in Afrikaans op dē term aanspraak maak. Hulle is Elsa Joubert se Die Swerfjare van Poppie Nongena (wat ook met letterkundige pryse bekroon is) en mev Matthee se Kringe in 'n Bos.

Die wenner van 1984 se ATKV/SARIE-prys was Esta Steyn, wat reeds van 1970 vir SARIE skryf. Die wedstryd word elke jaar vir die volgende vyf jaar aangebied.

SARIE probeer nie net vandag die middelmoet-prosa bevorder nie. Verskeie verhale-wedstryde is reeds in die verlede uitgeskryf.

Van die populêre kortverhaalskrywers wat van die eerste jare af in SARIE gepubliseer het, is Elsabé Steenberg, Dot Serfontein (Krog, die digter Antjie Krog se moeder), Dricky Beukes, Louise Behrens, C F Beyers-Boshoff, Tryna du Toit, Datei, Sanet te Groen, E J M Fraser, Karl Kielblock, Freda Linde, Paula, Ela Spence, Sita, Suna Troskie, Madeleine van Biljon, Kas van den Bergh en Abie Pretorius (nie in volgorde van verskyning nie). Regter Leo van den Heever het talle stories onder die skuilnaam François geskryf.

'n Baie "vrugbare" skrywer, Wim Hartman, het, benewens sy eie naam onder meer die skuilname Forono Bosman en Jac du Val gebruik vir verhale. Van hom het een van die eerste redaksielede gesê 20): "... ons het 'n hele paar manlike storieskrywers gehad. Een, so 'n baster-Hollander, Wim Hartman, was baie vrugbaar en het onder talle vrouename geskryf. Ek weet ons vroue het een teetyd vir Fred gesê hy moet vroue kry om stories te skryf, mans skryf nie lekker oor die liefde nie - hulle sit nie mooi grepe

20) Conradie in persoonlike korrespondensie



en drukke in nie."

SARIE se redaksielede het self nie op hulle laat wag as dit by skryf kom nie. (In die eerste jare van die Afrikaanse joernalistiek was die grens tussen joernalis en skrywer nie so afgebaken soos vandag nie - toe het die joernalistiek die skryfkuns geïmpliseer.)

Die eerste redaksie se veelsydigheid het daarin gelê dat die lede wat byvoorbeeld hoofsaaklik vir die huishoudkunde-afdeling verantwoordelik was, ewe mildelik hul bydraes tot artikels gemaak het - en selfs essays en sketse geskryf het.

Buiten die redakteur, kon op een na ál die eerste redaksielede hulself vir skrywers uitgee - en het hulle elkeen etlike kortverhale en boeke geskryf. (Die uitsondering buiten Le Roux was Carin Burger.)

Aletta Bergh, SARIE se eerste onderredakteur (van 1949 - 1952), was 'n skrywer van naam in haar jare. Haar doodberig (op 19 Januarie 1957) in Die Burger is geplaas onder die opskrif Bekende Afrikaanse skryfster sterf skielik aan hart.

As Aletta Steyn het sy Die Jare daarna (1939), herdruk in 1940), Aan die end van die Laan (1945) en oor haar dogter, Katinka (1947), geskryf. Haar vader was Willie Steyn, wat ook 'n boek oor sy ervarings met sy ontsnapping van Ceylon in die Tweede Vryheidsoorlog geskryf het (sien ook hoofstuk 8 oor SARIE se eerste redaksielede).

Blydie Conradie het etlike sketse en essays vir SARIE en die SAUK geskryf oor haar huishoudelike probleme en plesiere as

alleenouer van vyf kinders. Onder die titel Ek en my kinders is 'n aantal sketse in boekvorm gepubliseer - haar "eersteling-laasteling" soos sy self sê 21). Hierna het sy etlike essays geskryf - nog lank ná haar uittrede by SARIE - wat van tyd tot tyd in SARIE geplaas is.

Oor die aanmoediging wat mev Conradie van Audrey Blignault gekry het, sê eersgenoemde 22): "Die liewe mens Audrey. Sy het vir almal altyd 'n plekkie in die son gegun. Omdat sy my omstandighede geken het, het sy my aangemoedig om vir die Vrouerubriek van die radio en vir Die Huisvrou (waarvan sy toe nog redaktise was), te skryf.

"Op dié manier het die vier sketse wat ek vir die radio geskryf het, toe later 'n reeks geword in SARIE met die titel Ek en my Kinders" (wat toe die eersteling-laasteling-boek geword het.)

Mev Conradie het onder meer ook vervolghere hale vertaal. Sy onthou 23) die eerste was My tant Rheta . Sô goed was die vertaling dat Louise Behrens ('n bekende en gewaardeerde skrywer in daardie dae) geskryf het om te sê dat as sy die dag so 'n storie kan skryf, sy tevrede met haarself sou wees!

Ook Christa Steyn was 'n ywerige kortverhaalskrywer (sien hoofstuk 8 oor SARIE se eerste redaksielede). Sy het etlike verhale vir SARIE geskryf, ook toe sy nie meer 'n heeltydse redaksielid was nie.

Onder latere redaksielede wat self geskryf het en boeke gepubliseer het, is Johanna van Graan, Marietjie van Rooyen

- 21) Conradie in persoonlike korrespondensie
- 22) Conradie in persoonlike korrespondensie
- 23) Conradie in persoonlike korrespondensie

en Esme Mittner (die huidige verhaleredakteur met wie se samewerking die ATKV nou die middelmoet-prosa wil bevorder). 'n Vorige redaksielid wat naam gemaak het, is Corlia Wessels. Twee van haar dramas is vanjaar in Transvaal en Kaapland opgevoer. Sy het onder meer die tienerrubriek onder die skuilnaam Willemien en die rolprent-rubriek geskryf terwyl sy by SARIE was. Sy is die dogter van die skrywer Mikro. Haar man, Frans Fourie, wat 'n tyd lank SARIE se Londense redakteur was, het verhale in SARIE gepubliseer. 'n Huidige jong redaksielid, Marita van der Vyver, het 'n paar jaar gelede 'n wedstryd van SARIE en Tafelberg-Uitgewers vir die beste jeugverhaal gewen. Die verhaal, Van Jou Jas, is in boekvorm uitgegee. Sy is ook 'n finalis (saam met Esta Steyn, wenner van verlede jaar se ATKV-SARIE-vervolgverhaal-wedstryd) in Tafelberg en Sanlam se Jeugverhaalwedstryd.

Die huidige redakteur, I L de Villiers, het 'n tiental boeke, hoofsaaklik populêr-godsienstige essays, geskryf. Die meeste van die bundels is saamgestel uit die agterblad-rubriek wat hy jare lank (vôôr sy aanstelling as redakteur) in SARIE geskryf het. Hy het 'n aantal digbundels, ook met 'n gods-dienstige inslag (wat hom die bynaam "Digter-dominee" gegee het) geskryf.

Hierdie verslag oor SARIE se bydrae tot die Afrikaanse letterkunde kan nie volledig wees sonder om die reuse-bydrae te noem van Katrine Harries (wat in 1978 oorlede is) tot die illustreerkuns van kortverhale en gevolglik ook boeke nie.

Ek het reeds hierbo M E R se waarderende verwysings na Katrine Harries se werk in verband met die illustrasie van Alba Bouwer se Stories van Rivierplaas aangehaal.

Oor mej Harries se werk by SARIE sê laasgenoemde die volgende 24):  
"Katrine Harries, beroemde grafiese kunstenaar en illustreerder, het ook haar loopbaan as illustreerder by SARIE begin, en, so het sy altyd gesê, haar eerste Afrikaans daar geleer."

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het sy prys vir kinderboek-illustrasies na mej Harries genoem. In 'n hoofartikel van Die Burger waarin na dié prys verwys word (17 Desember 1983), word geskryf: "Katrine Harries, een van die briljantste kunstenaars wat nog met ons vooraanstaande kinderboekskrywers saamgewerk het, is vars in almal se geheue en dit is gepas dat die enigste prys wat spesifiek vir kinderboek-illustrasies toegeken word, na hierdie geniale illustreerder heet."

Uit 'n boek wat in 1979 deur J du P Scholtz oor mej Harries se werk uitgegee is, blyk dit "hoe sy as illustreerder van besondere talent en sensitiwiteit 'n belangrike bydrae gelewer het tot die verhoging van die standarde van boekproduksie in Suid-Afrika" (BY, bylae tot die Burger, 13 Januarie 1979).

Mej Harries het verskeie pryse van die SA Biblioteekvereniging vir haar illustrasies ontvang. Danksy haar leiding het die afdeling grafiese kuns van die Michaelis-kunsskool in Kaapstad ook gebloei.

24) Bouwer in persoonlike korrespondensie

Uit hierdie verslag is dit duidelik dat SARIE se bydrae in die beginjare tot die Afrikaanse letterkunde groot was, en dat sy vandag nog, danksy die gesamentlike prys van SARIE en die ATKV vir middelmoottliteratuur, probeer om die Afrikaanse prosa te stimuleer en te laat groei.

### 13. SARIE EN AFRIKAANS

In die hoofstuk oor Die Boerevrou het ek reeds verwys na die taalprobleem wat vroueblaaië (en seker maar alle ander instansies wat Afrikaans suiwer wou skryf) gehad het.

Daar het M E R wat te sê oor die moeilikhede wat Die Boerevrou gehad het, en wat sy in die twintigerjare as eerste vroue-redaktrise van Die Burger ondervind het.

SARIE het 'n goeie klompie jare later nog steeds met dieselfde probleme te doen gehad. 'n Paar met die skep van nuwe Afrikaanse terme was toe al opgelos, maar 'n hele klomp slag-gate het nog vir die redaksie gelê en wag. Volgens Erla van Schach 1), wat meer as twee dekades in SARIE se redaksie was, is terme vir kosmaak, handwerk en modes destyds baie los en vas gebruik. SARIE het dit haar doel gemaak om te orden en sekere terme konsekwent te gebruik wanneer byvoorbeeld 'n sekere metode bedoel word.

Mej Von Schach, Alba Bouwer en Blydie Conradie het lank saam in 'n kantoor gesit, en sô het hulle baie terme wat in daardie stadium onvertaalbaar gelyk het, gesit en bespreek.

Mev Conradie sê 2) dat Louis Hiemstra, taal-redakteur van die Nasionale Pers, verkies het dat die redaksie hul nuwe skeppinge eers met hom bespreek - en dat hy soms dié trots geskepte nuwighede geveto het! Hiemstra het dus ook by SARIE, soos haar voorganger Die Boerevrou, die laaste sê insake taal-gebruik gehad.

1) Von Schach in 'n persoonlike onderhoud

2) Conradie in persoonlike korrespondensie

Mev Conradie: "Soggens het ons natuurlik almal eers koerant gelees. En een en almal van ons het mnr Hiemstra se taalhoekie in Die Burger ingestudeer. Soos daardie man darem 'n taalfout, selfs in 'n modeartikel, kon raak pik!

"Ek was baie lugtig vir daardie kil blou oog van mnr Hiemstra.

"En daar skryf ek eendag dat die woord Kummerbund (vandag kamarband - skrywer) - die breë gevoude lyfbande was toe hoog in die mode - eintlik deur mans gedra is omdat hulle bekommerd was oor hul magies en dit sō wou verbloem. Ek het dit eerlik waar so gelees in 'n Duitse modetydskrif.

"Maar boeta! waar vee mnr Taal toe die vloer met my. Dit kom van kamarband, en dis 'n Oosterse ding. Ons moes dit regstel in SARIE!

"Die liewe mnr Hiemstra het ook 'n vreeslike en yslike wrok teen die woord romp gehad. Ek sien toe kans en raak in 'n woordewisseling betrokke. Al bedek die romp nou wel nie die hele romp van 'n mens se lyf nie, jy praat tog ook van die romp van 'n boot of die romp van 'n gebou. En wat van die aanvaarde woord lyfie van 'n rok wanneer 'n mens eintlik net die voorste gedeelte bedoel? Maar aikona, romp moes uit."

(Mev Conradie en Hiemstra het volgens 'n ander redaksielid 3) "dikwels vasgesit oor woorde"!)

Ook mej Von Schach onthou 4) die romp waaraan Hiemstra so 'n hekel gehad het. In die volksmond is teen daardie tyd ge-"romp", sê sy, maar hy wou van niks weet nie. Hy wou dit 'n halfrok of

3) Burger in persoonlike korrespondensie

4) Von Schach in persoonlike onderhoud

heuprok maak, anders rok (soos Rock in Duits) vir skirt, en tabberd vir 'n rok. Om van 'n rok te praat as jy romp bedoel, het eġter nie gewerk nie, en tabberd het stadig maar seker die wyk geneem voor die meer ordinêre rok. Daar is later van 'n halfrok in teenstelling met 'n rok gepraat, maar romp is gebruik as die onderste deel van 'n rok bedoel is. Vandag skryf SARIE weer van 'n romp as Hiemstra se halfrok bedoel word.

Volgens mej Bouwer 5) het die woord romp uit M E R se modepraatjies van die twintigerjare se Burger gekom. Ook sy onthou Hiemstra se teenkanting teen die woord. "Ons moes dit dadelik afskaf want dit is verkeerd. Ons het 'n bittere stryd daarvoor gevoer en Blydie Conradie het 'n rukkie in haar modes met onderstuk, sý woord, probeer klaarkom, maar dit was onmoonlik, jy kan self dink. Toe wil hy hê ons moet skryf skirt, wat Die Burger-meisietjies toe waarlik doen. Ons het stilweg aangegaan met romp, en romp is dit vandag nog. Revolusie oor romp het ons destyds gesê."

Dit was nie net Hiemstra wat die redaksie taalprobleme gegee het nie. Die feit dat Hans Hiebl, die uitlegkunstenaar, beswaarlik Afrikaans kon praat, het ook dinge bemoeilik.

Blydie Conradie onthou 6) die volgende:

"Ons 'opmaakspan' (vandag kunsredaksie) was 'n baie gemoedlike Duitser, Hans Hiebl. Hy't so 'n mengsel van Duits-Engels-Afrikaans gepraat. Herr Hiebl se gebrekkige kennis van Afrikaans kon soms moleste maak. So vra Aletta (Bergh) my op 'n dag om 'n mode-artikeltjie te maak oor pêrels, wat toe danig in die mode was.

5) Bouwer in persoonlike korrespondensie

6) Conradie in persoonlike korrespondensie



"As titel kies Aletta die laaste sin in my artikel: 'Koop na die dikte van jou beursie'. (Dit was juis dié artikel wat dié woede van mev T C Pienaar ontketen het - sien hoofstuk oor SARIE se betekenis vir die Afrikaanse vrou - skrywer.) Toe Aletta die klaar gesette kopie vir daardie week se SARIE nagaan, sal sy sien Hiebl het van jou you gemaak. Dié fout was te klein om teen groot koste reg te maak en daardie you is toe maar net so in."

Mej Burger, wat baie breipatrone vertaal het - ook nog nā haar troue - meen die terme wat hulle vir breipatrone gebruik het, was toe al taamlik gevestig. Mej Von Schach onthou 7) dat hulle wel probleme gehad het met breinaalde en breipenne. Almal het toe van breinaalde gepraat, maar Hiemstra het gesê 'n naald moet 'n oog hê en daarom moet die instrument waarmee gebrei word, 'n breipen wees. Breipenne word vandag algemeen gebruik, met breinaalde nog net onder die ou generasie.

'n Leser het Audrey Blignault eenkeer bedank vir die woord wat sy vir 'n korset gegee het: inklimgordel.

In By SM op kantoor van 25 April 1951 staan:

"Dit is net om aan A B B mee te deel hoeveel genot haar beskrywing van die koop van die inklimgordel (1 000 maal dankie vir die nuwe woord, mag dit in die woordeboek opgeneem word!) aan heelparty van die lesers van haar dagboek verskaf het."

So het 'n leser ook geskryf om dankie te sê vir die woord randkoek vir wat jare lank in omgang-Afrikaans 'n flan was.

7) Von Schach in 'n persoonlike onderhoud

'n Aantal lesers het van hulle laat hoor insake taalsuiwerheid. Toe al is geagiteer dat antie tog maar asseblief met tannie vervang moet word, en nurse met verpleegster. Daar was selfs 'n mening oor die feit dat so baie Afrikaanssprekendes hul kinders Engelse name gee - of 'n Afrikaanse naam dan minderwaardig sou wees?

In By SM op kantoor van 16 Julie 1952 is die hoofbrief soos volg:

"'Dis so reg in my kraal,' het ek hardop uitgeroep toe ek u foto-artikel Mamatjie Bukin begin lees en op hierdie woord afkom - 'of Post Kantoor soos die Afrikaanse naamplaat sê.'

"Die arme skoolmeesters kry alles so mooi reg, maar om die mensdom te leer reg spel, bly tog maar 'n onbegonne taak.

"Kyk nou net waar pryk Mossel Baai aan die groot nasionale teerpad. 'n Plattelandse koerant heet Boere Vrind. Ek lees op 'n splinternuwe naamplaatjie Kinder Speel Park. Daar gunter sien ek Kaap Weg, en net hier onderkant my lees ek dat 'n mens hier 'n hond aan een tou leiden moet.

"En hoe lyk dit in die kombuis, waar vroujie elke dag moet lees: Heerlike as 'n ontbytgraankos, of Ons sal die dubbele van die geld ... terugbetaal. Behalwe die gebruikelike sout na smaak, moet daar ook 'n brekfiskoppie van iets bygevoeg word. Dis glo baie gesond omdat die dokter dit aanbeveel het.

"Meneer die redakteur, u kry die beroerte as u van die preparate lees waarmee peperkorrels reguit gemaak kan word. Moet dit tog nie in Afrikaans lees nie. Lees dit liewer glad nie!

"Dis tog so mooi dat die mense daar anderkant Plettenbergbaai net so is soos ons hier. Ons is maar op elke plek te bekend met hierdie taalgoggas en sien hulle elke dag raak, soos die katkisant wat dorp toe gekom het vir die "Boerematriek" en vir die dominee ewe ernstig uit die Skrif lees: 'Ek sien 'n gogga.'

"Maar watter gogga, ou seun, sien jy?"

"Hy het al die tyd sy oë op die sinagoge gehad.

"Sal ek en Mamatjie Bukin nie dadelik aan die werk spring en die Post Kantoor so effens verander nie? Sal die redaksie van Sarie Marais nie ook so 'n bietjie hand bysit en ons twee help waar ons voortaan taalsuiwerheid op elke gebied wil voorstaan nie."

In nog 'n brief, op 27 Augustus 1952, skryf 'n leser: "Ek stem natuurlik saam met die vorige skrywer dat ons moet probeer om taalsuiwerheid te handhaaf, maar die voorbeelde wat hy noem, is juis die soort woorde wat 'n mens maklik laat onklaar trap met die spelling. Ongelukkig het ons die aaneenskakeling van woorde wat in Duits en Nederlands voorkom ook in Afrikaans. Sulke woorde kan nie alleen nie so vinnig gelees word nie, maar dit het 'n goeie kennis van die taal nodig om sommige van die woorde te verdeel en dit raak beginners en vreemdes soms heeltemal baas. Sommige tegniese terme word te lywig en te amusant vir woorde. As gevolg daarvan gebruik baie mense liever Engels; ek vrees ek is ook daaraan skuldig.

"Neem bv. Kweekskoolstudentefonds en witpenswolskaap - Kweek

skool studente fonds en wit pens wol skaap sou veel makliker gelees het.

"Ek weet dit sal hewige kritiek uitlok, maar ek stel tog voor dat dr Schoonees die woorde in ons Groot Woordeboek skei."

In die uitgawe van 10 September 1952 skryf nog 'n leser oortaal:

"'n Plattelandse vriendin kla nou die dag by my daaroor dat so baie winkelklerke in die groot stede nog verseg om Afrikaans te praat, selfs al spreek jy hulle op Afrikaans aan. Ander weer kyk jou half neerbuigend aan asof hulle simpatie het met jou groot plattelandse onkunde en sê dan skouerophalend dat hulle nou waarlik nie Afrikaans kan praat nie. Daar is natuurlik dié wat verskoning maak vir die feit dat hulle nie jou taal kan praat nie, en dan vra of hulle jou maar op Engels kan bedien.

"Nou ja, ek meen nie dis reg om 'n baan op te skop oor so iets nie, maar ek meen tog dat alle mense gelyke kanse in die lewe behoort te kry en dit nie meer as reg is nie dat mense wat met die publiek te doen het, moet sorg dat hulle amptelik erkende tale van die land kan praat. En as hulle dit nie kan praat nie en iemand dus nie in sy eie taal te woord kan staan nie, moet hulle dit beleef erken en probeer om daardie persoon so goed moontlik te help. Daar is baie van ons ouer mense, veral op die platteland, wat nie tuis is in Engels nie en dus swaarkry as hulle nie op Afrikaans bedien kan word nie.

"Dan is daar darem 'n ander sy van die saak, en dit is dat baie Afrikaanssprekendes sommer uit die staanspoor Engels

praat as hulle in die stad kom, omdat hulle meen dis 'n teken van goeie opvoeding en ontwikkeling. Ek sou reken 'n mens het die reg om te praat wat jy verkies, maar as jy meer tuis voel in jou eie taal, waarom gaan jy dan nou met opset en met 'n groot poging Engels praat net omdat jy 'n indruk wil maak? Geen Afrikanssprekende hoef skaam te voel vir sy taal nie.

"'n Ou tante van die platteland het onlangs by haar dogter in die stad gekuier en eendag met die bus huis toe gery. Sy en 'n ander ou dame het saam van die bus afgeklim en 'n geselsie aangeknoop toe hulle in dieselfde rigting stap - 'n heftige Engelse gesprek, totdat die een naderhand nie op 'n Engelse woord kon kom nie en die Afrikaanse gebruik. Toe sal hulle ontdek dat hulle albei plat boeretannies is vir wie dit nie so danig maklik is om Engels te praat nie.

"Goeie maniere bestaan tog daarin dat 'n mens probeer om jou medemens op sy gemak en gelukkig te laat voel, en ek dink dit geld ook vir hierdie kwessie van die taal waarin jy met mense praat as jy met die publiek te doen het."

Een van die opvallendste gebruike in die eerste SARIES is die baie formele toon wat aangeslaan is. Tot heel onlangs is ook nog van u gepraat as die leser aangespreek word - jy en jou is maar eers 'n jaar of drie gelede ingevoer.

Maar nie net die toon was formeel nie, ook die terme. Die voorbeelde wat ek hier gebruik, is almal in artikels in SARIES gevind.

'n Rok is byvoorbeeld 'n tabberd genoem, rokmateriaal tabberd-  
stof. Sō was daar artikels oor laadmiddagtabberds, oggend-  
tabberds, aandtabberds. Dit was alles deel van die baie  
gesofistikeerde aanslag van SARIE, en bedoel vir die  
"ontwikkelde" Afrikaanse vrou soos dr Chris Albertyn dit  
gestel het. Mej Bouwer onthou 8) dat Hiemstra 'n groot  
voorstander van tabberd was, en graag wou hê dit moet  
inburger, "want rok is nie juis 'n rok nie - volgens die Duits  
en die Nederlands!". Tabberd het egter nooit ingeslaan nie,  
en in die spreektaal word vandag hoogstens spottenderwys na  
'n tabberdjie verwys!

Die heel teenoorgestelde van dié neiging was om na 'n rok te  
verwys as 'n rokkie, maar dan is dit gekwalifiseer met 'n  
selfstandige of 'n byvoeglike naamwoord, byvoorbeeld katoen-  
rokkie of wasbare rokkie, om 'n onderskeid te tref dat dit  
dareem nou 'n baie gewone huisrokkie is in teenstelling met die  
tabberd. Vandag sal 'n moderedakteur eerder bedank voordat sy  
'n volwasse vrou se rok as rokkie beskryf - dit is dareem ietwat  
ongesofistikeerd en kinderagtig vir vandag. 'n Rökkie word  
tog deur 'n kind gedra.

Saam met die gesofistikeerde tabberd van destyds was daar die  
uitrusting - aanduitrusting of 'n uitrusting vir die middag of  
om die uitrusting mee af te rond. Vandag sou laasgenoemde  
wees: "Om die voorkoms mee af te rond ..."

Mej Von Schach onthou 9) dat hulle drie yslike probleme gehad  
het met die vertaling van drie woordjies wat taamlik baie op  
die blaai van 'n vrouetydskrif verskyn. Een van hulle,

8) Bouwer in persoonlike korrespondensie

9) Von Schach in 'n persoonlike onderhoud

skirt/romp, is reeds hierbo bespreek.

Die ander twee kopsere was belt en waist. Volgens haar het hulle op Hiemstra se aandrang ge-gordel en ge-seintuur, maar geeneen van die twee woorde het ooit ingeslaan nie. Vandag skryf SARIE van gordels, maar 'n opname onder die redaksie het getoon dat almal praat van belts, en dat hulle meen dat dit ook belt in die volksmond is.

Waist was die ander woord wat 'n kopseer was. As handwerkkopie vertaal moes word, en die Engels lees centre of waistline, was die Afrikaans daarvoor middelpunt van middellyn, of middel van die middel. Dit was erg verwarrend, en Hiemstra het voorgestel dat die Franse woord, wat ook in Duits gebruik word as na die middel verwys word, taille, gebruik word. Dit het nooit ingeslaan nie.

In daardie tyd het die mode-front ook die eerste keer van mix en match-klere gehoor. Mev Conradie, wat vir die modes verantwoordelik was, het pasmaats geskep. Vandag word dit nog soms gebruik, maar die direkte vertaling meng en pas is meer algemeen - daar is selfs al modes wat voorskryf om te meng, al pas dit nie!

Mej Bouwer het indertyd vir die rolprentbriek (rolprente synde ook 'n nuwigheid waarvoor nuwe woorde geskep moes word) die woord lokprent vir 'n trailer gemaak. Sy sê 10) Hiemstra wou dit glad nie aanvaar nie, want het hy gesê, dit klink sensasioneel. "Ons het ons blou gehou en daarmee voortgegaan en vandag is dit taamlik ingeburger".

10) Bouwer in persoonlike korrespondensie.

Met kos is baie probleme ondervind, en omdat terme vir sekere metodes ook nog in die volksmond los en vas gebruik is, het SARIE eenvormigheid begin handhaaf. Volgens mej Von Schach 11) was SARIE die eerste tydskrif (sy was dus ook resepteboeke voor) wat resep-bestanddele geplaas het in die volgorde waarin dit gebruik moet word.

Van die terme wat hulle konsekwent vir sekere metodes gebruik het, was onder meer om uie te smoor (in vet en water) en om uie te braai (net in vet). Vandag sal natuurlik nie van vet nie, maar van olie gepraat word.

Onder die invloed van Hiemstra moes hulle afwyk van die frase bedien met vla of room. Hy het gesê bedien (kos) is nie serve nie, en dit moet wees sit voor. So ook is net suiker gestrooi, en net water gesprinkel. Daar moes 'n onderskeid tussen klits en klop getref word. Jy klits 'n eier, maar klop botter en suiker tot room.

Mej Bouwer onthou 12) dat hulle vir die kosrubriek saam met Hiemstra die woord koekstruif vir trifle gemaak het. "Ek het indertyd vir hom uitgelê dat die oumense roereiers ook soms struif noem, en toe het hy gevoel dis 'n oplossing vir trifle."

Toe die Bêreboekie as sirkulasie-bouer ingevoer is, moes 'n naam vir dié nuwigheid gevind word. Die redaksie het lank daarvoor gepraat 13). Klein Sarie is onder meer voorgestel, maar op die ou end is Bêreboekie gebore. Dié skepping van SARIE was daarna lank die gebruikswoord vir 'n pull out supplement.

11) Von Schach in 'n persoonlike onderhoud

12) Bouwer in persoonlike korrespondensie

13) Bouwer in persoonlike korrespondensie



Soms is nog van boerwors sonder 'n e-verbinding gepraat. Soep is nog tot onlangs gebruik voordat die volksmond se sop hom vir ewig verban het. Maar daar was ook afskuwelikhede soos direkte vertalings uit die Engels - bv. beesvleis-olywe vir beef olives. Vandag is dit blindevinke. 'n Oorblyfsel uit die Hollands wat algemeen gevind is, is winner en win - vandag natuurlik wenner en wen.

Die huidige kosredakteur, Peter Veldsman, het heelparty terme van die vorige redakteur, Kobie Kuypers, vervang 14). 'n Aantal daarvan kan aanvaar word as nuwe skeppinge omdat SARIE heelparty resepte geplaas het wat nie alledaags was nie en uit die Europese kookkuns gestam het. (Hoewel SARIE nie die eie kookkuns afgeskeep het nie, soos blyk uit die gereelde rubrieke Soos Ouma dit gemaak het, die Streekkos-reeks en resepte oor die Maleise kookkuns.)

Die "vreemde" resepte het nuwe woorde genoodsaak. 'n Mousse het 'n moes geword. Vandag word albei gebruik, maar met 'n onderskeid - eersgenoemde as dit 'n mousse is (byvoorbeeld 'n sjokolademousse) en laasgenoemde as dit 'n tradisionele moes is (byvoorbeeld pampoenmoes). Sprietuie het grasuie geword, en die tradisionele en ietwat oudmodiese term toekos, bykos.

Gegratineer is vervang met die eenvoudiger beskrywing met kaas-krummellaag gebak, terwyl die verafrikaanste soesies en pofferbeslagdeeg vervang is met chou (poffers) en choudeeg. Die meer Afrikaanse koffieën het vandag kaffeïen geword. In die eerste jare is klassieke geregte ook verafrikaans - soos gebakte roomvla wat vandag weer crème de la crème is.

14) Veldsman in 'n persoonlike onderhoud

Die Engelse flapjacks is flappertjies genoem - 'n verafrikaanste vorm na aanleiding van die klank van die Engelse. Dit is vandag verafrikaans as plaatkoekies - na aanleiding van die metode waarvolgens dit gemaak word (direk op 'n plaat gebak).

Die verafrikaanste raapkool is vandag vervang met die oorspronklike kohlrabi, en die meer Engelse essens (vanielje-essens) deur geursel. 'n Beesvleiskoekie of beesvleisbroodjie het die stryd teen die oorweldigende hamburger verloor, terwyl die meer Engelse spatula vandag 'n mooi Afrikaanse span is.

Die verafrikaanste sjiffon en Sjinees word intussen weer as chiffon en Chinees geskryf, terwyl chic vandag in sy verafrikaanste vorm, sjiek, gebruik. Die mooi Afrikaanse kotelette en karmenaadjies het weer die stryd teen tjops verloor, en tjips is vinnig besig om aartappelskyfies te verdring. Aan die ander kant word, danksy die skryfwyse van vanielje en grenadilla/grenadella deesdae baie min van vanille en grenadelle, soos dit in die begin geskryf is, gepraat.

Verskeie kombuisterme is deur die jare ontwikkel, en dié ontwikkeling gaan steeds voort danksy die voortdurende ontwikkeling van die tegnologie (byvoorbeeld: wanneer gaan ons 'n beter en mooier woord as die monsteragtige voedselverwerker vir food processor kry?).

Die volgende is met die loop van tyd vervang: spyslys is vandag algemeen bekend as spyskaart; die term vermeng word nie meer gebruik nie, jy meng nou maar net iets; en gooi en sit (soos "gooi 'n knypie hiervan ..." of "sit pypkaneel ..") is eenvoudig voeg by. (Jy gooi 'n bal en sit op jou stert, sê die huidige kos-redakteur.)

Kunsbotter was 'n nuwe skepping wat gemaak moes word met die koms van margarien (net soos kitskoffie). Margarien het die stryd teen kunsbotter gewen. Daardie tyd was daar nog net poeierkoffie in teenstelling met moerkoffie. Kitskoffie het die stryd teen poeierkoffie gewen omdat kits- deesdae so baie in verbinding met ander woorde gebruik word - soos ek hier onder aantoon.

Mej Von Schach sê 15) dat hulle soms baie gesukkel het met Afrikaanse terme, en danksy saam-koukus maar self terme moes maak. Sy het eenkeer 'n artikel oor "instant"-resepte geskryf, en toe vir die artikel "kits" uitgedink. In vandag se kits-wêreld word kits algemeen gebruik; daar is nie net kitskoffie nie, ook kitssop en kitskos (en wie het ooit gedink daar sal so iets soos kitsgeld wees?!)

Skaaprugstring het vandag die meer gesofistikeerde skaapsaal geword, terwyl die outydse botter- of kaasdoek wat in die kombuis gebruik is, verhewe bo dié boerdery-aktiwiteite geraak en moeseliendoek geword het.

Vandag se koffiemasjien is met sy koms na die gewone kombuis belas met 'n paar terme, soos byvoorbeeld koffiefiltreer-eenheid.

Ook skoonheid het allerlei nuwe dinge gesien wat nog nooit vantevore 'n Afrikaanse woord nodig gehad het nie. Moisturiser het op die mark verskyn, en SARIE se koukus in die een kantoor het vogroom voortgebring - 'n woord wat vandag gebruik word.

Die gewoonte om vroulike beoefenaars van iets baie duidelik aan te toon deur die vroulike uitgangsvorm te gebruik, raak

deesdae in onbruik. Vroeër is konsekwent van borduursters, breisters en kooksters gepraat, asof borduurder, breiers en kokke minder vroulik is. Vandag word laasgenoemde verkies.

'n Ander verskuiwing wat opmerklik is, het eerder sosiale implikasies as dat dit deur 'n poging tot suiwer Afrikaans beïnvloed is en dié verandering kom nie net in SARIE voor nie. Sō byvoorbeeld is in die begin konsekwent van 'n jongnooi gepraat - net soos 'n vroeë geslag (bv. in Die Boerevrou se tyd) van niggie gepraat is. Vandag is dit 'n jong meisie of 'n tiener. Om 'n nooi te wees, is uit!

Net so sou die naam en gereg Oumeid onder die kombes, as dit vandag gebruik word, Ouvrou onder die kombes wees. In verhale en artikels waarin vroeër na naturelle verwys is, word nou na swartmense of bruinmense (of hul ras, soos Xhosa of Indiër) verwys. In verhale het nie-blankes blankes konsekwent as baas, nooi, kleinmies, oubaas of wat dit mag wees, aangespreek. Vandag is dit meneer, mevrou, ens. Ook Outa en Ousie word uit verhale gehaal.

#### 14. PROBLEME EN DEURBRAKE VAN HUL TYD, SOOS BESKRYF DEUR DIE EERSTE REDAKSIE

Die eerste redaksie (en dus die SARIE van die eerste paar jaar) het probleme en deurbrake by die dosyne gehad. Dit het nie by die eerste redaksie en die jong SARIE opgehou nie - soos Alba Bouwer sê 1): sekere dinge bly maar altyd dieselfde! Die eerste redaksie noem onder meer tegniese, finansiële en sirkulasieprobleme - wat die redaksie vandag ook het!

Tegnies was SARIE 'n voorbeeld van die beste beskikbare drukproses in Suid-Afrika. Die Nasionale Pers het in daardie stadium die beste rolpers vir tydskrifte gehad. Die tegniese probleme waarna die redaksie dus verwys, is gemeet aan oorsese standaarde: kleurdruk en groter moontlikhede van setprosesse wat mooier bladuitleg kon bewerk. Veral Fred le Roux het hiermee 'n probleem gehad omdat hy met sy "oog vir kleur en lyn" 2) uit die staanspoor 'n standaard wou stel wat moeilik geklop kon word.

Die grootste deurbraak aan die tegniese front was die koms van verbeterde kleurdruk. Die "vader" hiervan was die man wat mej Bouwer van SARIE "afgerokkel" het. Hy was mnr Hubert Coetzee, toe besturende direkteur van die Pers, wat die nuwe kleurdrukproses, die sogenaamde diepdruk, ingevoer het (sien Hoofstuk 3, Uit die Notules). Dié proses het die Nasionale Pers se tydskrifte weer as

1) Bouwer in persoonlike korrespondensie

2) Rita Elferink in haar huldeblyk aan Le Roux (sien hoofstuk 12)

leiers op hul gebied help vestig. Dit het 'n soveel aantrekliker blad geproduseer. (Mej Bouwer het by SARIE bedank-om met mnr Coetzee te trou kort voordat die diepdruk-proses ingevoer is.)

SARIE het nie eensklaps van 'n lelike vaal eendjie in 'n pragtige swaan verander nie. Op aandrang van die redakteur is reeds van die vyftigerjare af 'n paar bladsye per uitgawe in kleur gedruk. Dit was 'n logisties ingewikkelde proses omdat die kleurskeidings in Italië gemaak moes word.

'n Vorige kunsredakteur, Paul Malherbe, wat van 1955 tot 1981 by SARIE was, onthou 3) van 'n keer toe die skeidings vir 'n uitgawe per abuis per skip pleks van per vliegtuig na Suid-Afrika teruggestuur is. Omdat hulle so lank vooruit moes werk, was daar amper konsternasie met die beplanning. Gelukkig kon 'n paar kleurskeidings nog bymekaar geskraap word om darem net 'n tikselkje kleur aan SARIE te gee.

In die vroeë sestigerjare was die Nasionale Pers in Suid-Afrika die baanbreker met diepdruk, en in die sewentigerjare het hy nog 'n dimensie bygevoeg deur die lisenasihouer van die Japanse Toppan-proses te word.

Finansiële probleme was, soos altyd, 'n groot hoofpyn. Die redaksie wou hoofsaaklik 'n diens lewer, die bestuur wou wins hê. Die stigting van die Nasionale Pers is al telkemale as 'n "geloofsdaad" bestempel, maar dit moes nie net dividende in nasiebou lewer nie, maar ook dividende in ponde, sjielings en pennies. Daarom moes die bestuur van tyd tot tyd aanpassings

3) Malherbe in persoonlike onderhoud

maak wat die redaksie uiteraard ontstel het. Prysverhogings wat soms kort op mekaar gevolg het, was 'n bitter pil om te sluk. Dit moes gesluk en verteer word ter wille van SARIE se voortbestaan.

Hier was die grootste probleem gebrekkige kommunikasie: die redaksie is nie altyd vroeg geken nie. Die besluit tot 'n prysverhoging is aan hulle oorgedra, en weens die lang saktyd van die blad was daar niks wat hulle dan kon doen om die pil met 'n suikerlagie te verdoesel nie (deur byvoorbeeld met 'n nuwe vervolghaarl of 'n ander nuutjie te kom). So is die gewilde Bêreboekies gebore - letterlik uit nood. Soos Le Roux in 'n ander hoofstuk sê 4): om mense te laat dink hulle kry meer as waarvoor hulle betaal het.

Die ander bitter pil was die voorblad advertensies 5). Dit het gelukkig net een jaar, van September 1951 tot September 1952, geduur. Ter wille van inkomste moes die Pers noodgedwonge die hele voorblad (van al sy destydse tydskrifte) aan adverteerders verkoop. Dit het onder meer meegebring dat elke tweede, derde voorblad die sosiale voordele van rook propageer, terwyl dit die redaksie se beleid was om "konsekwent" alles oor die rookgewoonte, soos mej Bouwer in 'n ander hoofstuk sê 6), uit artikels en verhale te verwyder.

Dit was 'n sprong na vore toe die redaksie op 10 September 1952 in By SM op Kantoor "met plesier" kon aankondig: "dat ons vandeeweek weer begin om ons gewone buiteblaai te publiseer.

4) Le Roux in persoonlike onderhoud

5) Sien voorbeeld by illustrasie van voorblaai, Hoofstuk 7

6) Bouwer in persoonlike korrespondensie

"Toe ons 'n jaar gelede ons buiteblaaie aan adverteerders afgestaan het, was dit die bedoeling van ons bestuur dat die reëling slegs 'n jaar lank sou duur om te help om die groot styging in die koste van papier te bestry. Ons hoop dat ons nuwe buiteblaaie weer dieselfde mate van belangstelling sal wek en plesier sal verskaf as in die verlede."

Sirkulasie was altyd 'n "spook" 7). Sukses is gemeet bloot aan sirkulasie. Eers onlangs het die opvatting ontstaan dat 'n selektiewe leeskring (en dus waarskynlik 'n kleiner sirkulasie) nie beteken dat jy in sak en as sit nie.

Nietemin, hoewel SARIE deur redaksie en bestuur gesien is as die blad vir die "ontwikkelde" 8) en meer gesofistikeerde Afrikaanse vrou, moes sy in sirkulasie met Rooi Rose meeding. Dit was 'n blad, wat gemeet aan sy inhoud, gerig is op 'n laer inkomstegroep en dus 'n minder ontwikkelde teikenmark. Hieroor het Le Roux gesê 9) dat dit een van sy grootste teleurstellings was dat 'n blad in inhoud en voorkoms met die bestes in sy genre vergelyk kan word, maar dat dit blyk dat die massas 'n swakker produk verkies. Hy het die beeld van die piramide genoem waarvan die basis te groot is (die minder selektiewe lesers) teenoor die kleiner getal selektiewe lesers aan die bopunt.

SARIE moes altyd maar kompeteer met Rooi Rose, hoewel hulle duidelik op verskillende teikenmarkte gerig was. SARIE se "opheffingswerk" het nie vrugteloos gebly nie, want toe prof Le Roux aftree, het die tydskrif vir die eerste keer die sirkulasie van Rooi Rose oortref.

7) Conradie in persoonlike korrespondensie

8) Albertyn in persoonlike korrespondensie

9) Le Roux in persoonlike onderhoud



In 'n artikel 10) waarin afskeid geneem word van Fred le Roux in die eerste uitgawe van 1969 word in die prikkel geskryf: "Want nou dat hy haar afgegee het, is sy die mees gelese van alle vroue-tydskrifte in die land". Daar word ook geskryf dat Fred le Roux "SARIE die lig laat sien het en laat opgroei het tot jy kan maar sê die Mejuffrou Suid-Afrika onder die tydskrifte".

SARIE was met Le Roux se aftrede nie net die top-vroueblad wat sirkulasie betref nie, maar was ook vir die eerste keer goed oor die magiese 100 000-kerf.

In ligter luim: die eerste redaksie beskou die aankoop van 'n mat vir hul "dubbelbed" (die kantoor wat al die redaksielede buiten die redakteur gedeel het) as 'n besondere deurbraak wat in hul herinnering geëts is!

Van die persoonlike herinneringe oor probleme en deurbraake in dié tyd die volgende:

Dr Chris Albertyn 11): "Ons groot deurbraak was dat The Outspan soveel van sy Afrikaanse lesersse verloor het dat hy, dié ou, gewilde blad, nā 'n paar jaar moes sluit!"

Le Roux 12): "Die vernaamste probleme, dink ek, was probleme waarmee die Pers as geheel gesit het.

"Daar was nie so 'n groot na-oorlogse oplewing in die ekonomie as wat verwag was nie, en daar was 'n insinking in die vyftigerjare, wat gereflekteer word deur die advertensies wat ons op

10) Artikel "Liewe lesers, dís nou ons klomp", SARIE, 15 Januarie 1969, p.6

11) Albertyn in persoonlike korrespondensie

12) Le Roux in persoonlike onderhoud

die buiteblad moes plaas.

"Met ander woorde, ons moes dikwels van die bestuur hoor: minder blokke (illustrasies), en die grootte daarvan moet verklein word. Dit kon nie 'n indrukwekkende oogvertoning maak nie.

"Ons het die verdere probleem gehad dat, as jy met rolperse werk en handgesette letters, kon jy nie buite die "raam" gaan nie, jy moes binne 'n reghoek werk. Dit het jou aanbieding belemmer.

"Daar was ook nie baie letters om mee te werk nie, en die Pers het nie daaraan geglo om die blad te adverteer nie. Hy verwag mense wat produkte bemark, moet adverteer, maar self het hy nie geadverteer nie.

"Die geweldigste slag was in die laat vyftigs. Die sirkulasie was toe op die rand van 90 000, wat baie goed was. En toe binne ses maande is die prys van 6p. na 'n 1s. na 1s.6d. verhoog. In terme van lesers het dit ons by 'n 30 000 of selfs meer gekos. Ons het van kort duskant 90 000 geval tot in die 40 000. (Dit het gou daarna herstel, want in die sesmaandelikse ABC-syfer, is dit nie gereflekteer nie - skrywer).

"Dis 'n hele sirkulasie wat jy prysgee. Die besluit is deur die bestuur geneem, jy is daarvan in kennis gestel, en indertyd moes ons minstens agt weke vooruit werk. Met ander woorde, die prysverhoging is ingevoer, maar jy het al vir 8 weke SARIES klaargemaak. Jy kan nie met 'n splinternuwe vervolgverhaal of iets treffends vorendag kom nie.

Jy kan eintlik net sit en sweet.

"Jy kan met nuwe dinge kom, soos die Bêreboekie, maar eintlik het die Bêreboekie nie veel verskil in die sirkulasie gebring nie. Ek dink dis 'n fout om mense te veel te gee. Ons het later selfs in die Bêreboekie 'n vervolgv verhaal of novelle ingesit - alles desperate rondtas om die sirkulasie te probeer verbeter.

"Ek dink die verhoging in pryse was te wyte aan kortsigtigheid by die bestuur; die minder lewendige ekonomie, gedurige inkorting van geldelike uitgawes. Ons kon vir medewerkers £3 vir 1 000 woorde, later R5 betaal. Illustreerders het £3 per illustrasie gekry.

"Ons het aktuele goed, baie interessante artikels gehad, maar dit was verskriklik moeilik toe daar geen advertensies kom nie.

"Agt-en-veertig bladsye soliede kopie is baie moeilik om aan te bied. Op die ou end is dit moeilik om dubbelbladsy nã dubbelbladsy vol kopie aan te bied. Niks daarvan het uitgewerk soos ons gehoop het nie.

"Jy kry nie die idee van 'n tydskrif wat lekker opgemaak is nie - en ons het baie moeite aan die opmaak bestee. Ta' Miem Rothmann het eendag gesê: 'Kind, dink jy nie jy's te netjies nie?'

"Die sirkulasie se verbetering het in die laat sestigerjare gekom, nadat ons die diepdruk ingevoer het.

"Daarmee het ons ook baie moeilikhede gehad. Die kleurskeidings moes aanvanklik in Italië gedoen word. Al ons kleurdruk moes ons per lugpos stuur, dit moes per lugpos terugkom, en dan is dit by ons gedruk. Een keer is 'n hele nommer se goed per abuis per skip gestuur - ons moes inderhaas 'n hele nommer vervang.

"Toe ek op 55 met pensioen uitgetree het (in 1968), was SARIE goed oor die 100 000 - en vir die eerste keer meer as haar mededingers. Dit was vir my 'n baie gelukkige oomblik om op 'n hoogtepunt te kon padgee."

Carin Burger 13): "Ek het altyd gewens ons kon meer kleur en mooier druk kry, en beter papier. Dit was alles aan omstandighede te wyte, maar 'n mens het na die oorsese tydskrifte se tegniese kwaliteit gekyk en gewonder hoe lank dit sou duur om daar te kom.

"Probleme was dus, glo ek, hoofsaaklik tegnies van aard. En dit was nie vir ons om voor te skryf nie, die masjiene kon net nie iets anders druk nie. Al kleur was aanvanklik die naam op die omslag, behalwe die heel eerste wat tog 'n bietjie kleur op die blad self had, en dan die Kersuitgawe van 6 Desember 1950 se voorblad. 'n Tretchikoff was Fred se blink idee. Maar van al die ander mooi drukwerk was daar geen sprake nie.

"Om 'n persmotor te kry, was byna onmoontlik. Aletta het haar eie gebruik. Ek het nie een gehad nie. Selfs Fred het soggens met die trein gekom as Ria hom nie kom aflaai het nie, en om 'n persfotograaf te kry moes jy hom lank voor die tyd bespreek.

13) Burger in persoonlike korrespondensie

"Ons was ook redelik afgesonder van die res van die Pers, want ons was in die hoofkantoor se gebou gehuisves. Fred het 'n eie kantoor gehad. Aletta, Alba, ek, en later Blydie Conradie, het een kantoor gedeel, en ons sekretaresse het 'n kantoor gedeel met die hoofkantoor se sekretaresse.

"Deurbrake? Ek weet nie, seker maar net dat ons onself kon handhaaf, die sirkulasie kon opstoot en net bewys dat die Pers se verwagtinge bewaarheid word."

Alba Bouwer 14): "Die grootste probleem was altyd sirkulasie en geld (sekere dinge bly maar dieselfde!). Die bestuur het allerlei metodes gevind om dit te beveg.

"So het die advertensie op die voorblad gekom, wat deur die redaksie betreur is, maar nie deur ons verander kon word nie omdat die bestuur besluit het.

"Op 'n keer het dr Albertyn die ingewing gekry dat ons meer populêr moet word en 'n joernalis in die Vrystaat (of Transvaal) is gelas om 'n artikel te doen oor 'n stiefpa wat indertyd sy stiefkinders mishandel het (koponderstebo in 'n sak in 'n kleinhuisie opgehang).

"Toe ek dit hoor, het ek kapsie gemaak en op die ou end my bedanking ingedien. Ek het verduidelik dat ek geen aandeel wou hê in die vernietiging van daardie kinders nie. My bedanking is nie aanvaar nie en die artikel is ook afgelas.

"Ons sirkulasie en wins is altyd gemeet aan Rooi Rose. Die groot ideaal was om dié blad verby te steek. Indertyd was Rooi Rose meer ingestel op sensasie as nou, en dit was moeilik om dit te klop.

"Ek kan nie aan noemenswaardige deurbrake dink nie, maar ek weet dit was iets groots toe ons geld kon kry om 'n los tapyt vir ons redaksiekantoor te koop!

"Net die redakteur het sy eie kantoor gehad. Vir my persoonlik was dit 'n groot geluiskoot toe ek 'n eie kantoor kon kry, want die gedeelde kantoor het onderhoude en so meer bemoeilik.

"Die diepdruk wat Hubert Coetzee ingestel het, was seker die grootste deurbraak wat daar was, maar ek is daar weg pas voor dit gekom het. Die swart-en-wit-druk het darem altyd so afgesteek by die fleurige oorsese tydskrifte in volkleur.

"Ons was ook meer ingestel op diens as op wins, en dit kon natuurlik ook nie voortgaan nie; dis totaal onrealisties."

Blydie Conradie 15): "Sirkulasiesyfers was maar altyd 'n spook. Klagte oor artikels het ons min gekry, en ons het natuurlik 'n sekere norm bly handhaaf.

"'n Groot nadeel was die gebrek aan kleur. Veral by modes, kos, skoonheid en tuin- en huisartikels was die gebrek aan kleur 'n groot nadeel.

"Vervoer was ook 'n kwessie. Ek dink die Pers het destyds net twee motors gehad. Min van ons vroue by SARIE had 'n motor of kon een bestuur. Ons was dus altyd afhanklik van 'n motor en 'n fotograaf wanneer ons op artikels uitgaan.

"Later is 'n jong man, Sarel van der Walt, aangestel juis met die doel om die land in te vaar en stories te soek. Hy is later opgevolg deur Wilhelm Kühne. Soms is of Alba of ek

saam met Sarel uitgestuur om stories te jag.

"Ek onthou hoe ons onder andere die Lombard-vierling op Nieuwoudtville gaan opsoek het toe hulle 'n jaar oud was. My titel vir daardie storie was Honderd doeke op 'n dag. Ek sit nou nog met 'n foto waar ek help om een van die vier kos te gee.

"Deurbrake?

"Die eerste groot breiwedstryd en ook 'n kleremaakwedstryd (ek dink laasgenoemde was met die samewerking van die Wolraad) is in ons tyd geloods.

"Fred was gewoonlik die een wat met ideë vir wedstryde gekom het.

"Fred het ook die blad opgemaak. Verder het hy jaarliks 'n reis na die Noorde onderneem om kontak te maak met ons skrywers en medewerkers - so 'n welwillendheidsgebaar."

In die begin van hierdie hoofstuk verwys ek daarna dat die huidige redaksie ook maar tegniese, finansiële en sirkulasieprobleme het.

Die elektroniese setproses en die uitstekende rolperse het tegniese probleme grootliks verminder. Met die viering van die 200-jarige bestaan van die drukkersbedryf in Suid-Afrika, is in 'n bylae tot Die Burger 16) geskryf dat die Nasionale Pers in die vroeë sestigs "die baanbrekers was vir diepdruk - 'n proses wat tevore feitlik net vir verpakkingswerk gebruik is.

16) Drukkersbedryf 1784 - 1984, 20 Maart 1984.

"Die toepassing van die proses en veral die wyse waarop dit ingespan is om die gehalte van die drukwerk te verbeter, het gesorg dat die publikasies uit die Nasionale Tydskrifte-stal voor die voet gewilder geraak het.

"Vernuwings is voortdurend ingevoer en toegepas. Een van die grootste deurbrake wat gemaak is, is dié in Japan in die begin van die jare sewentig met die ontwikkeling van die Toppan-proses. Nasionale Tydskrifte het teen die einde van die jare sewentig die eksklusiewe lisensie vir die gebruik van die Toppan-proses in Suid-Afrika bekom, wat daarvoor sou sorg dat die gehalte van die kleurdrukwerk verder verhoog kan word. Die gehalte van die drukwerk wat met Toppan verkry word, berus daarop dat die volryke voorkoms van gravure-drukwerk verbind word met die delikate eienskappe van lito-prosesse.

"Verbeterde en meer verfynde rolperse het ook 'n groot rol gespeel en die feit dat die bedryf tans beskik oor rolperse met 'n produksievermoë van meer as 30 000 eksemplare van drukseksies van 48 volkleurbladsye het baie bygedra tot die omwenteling.

"Die verbetering wat ingetree het, is egter nie net toe te skryf aan meer moderne rolperse nie. Verbeterde papierbaan- en registerbeheer, wat met behulp van die elektronika verkry is, het ook baie bygedra tot die indrukwekkende gehalte.

"Nog hulpmiddels is die gesofistikeerde skandeer-toerusting wat beskikbaar gekom, het om kleurskeidings te maak van volkleur-illustrasies."



Die soort tegniese probleme waarmee die redaksie vandag te make het, is onder meer die lang saktyd van ses weke terwyl Huisgenoot 'n saktyd van 'n paar dae het.

Met die hoë inflasiekoers, swak wisselkoers van die Rand en swak ekonomiese toestand sal vandag se redaksie sê hulle het dit moeiliker as ooit as dit by finansies kom. Dit kos tans R369,703 om 'n uitgawe te druk. 'n Volkleur-advertensie kos tans R3,300 per blad.

Sirkulasie is ook nog immer 'n "spook". Die bestuur van die Nasionale Pers 17) en die redaksie begin egter al hoe meer uitgaan van die punt dat sukses nie aan sirkulasie gemeet hoef te word nie; dat 'n adverteerder eintlik meer moet betaal vir 'n advertensie in 'n blad wat op 'n meer gesofistikeerde en hoër inkomste-groep gemik is (soos die geval is - advertensies in SARIE kos heelwat meer as dié in Rooi Rose 18). Nietemin, die ewige kompetisie met Rooi Rose sal seker voortduur solank die twee blaaië bestaan.

17) Ton Vosloo, besturende direkteur, in gesprek met redaksie, Junie 1985

18) Rieta Burgers, redakteur: promosies en spesiale aanbiedinge, - in 'n persoonlike gesprek

15. DIE SIRKULASIE-SYFERS VAN SARIE VAN SY ONTSTAAN TOT DIE  
JONGSTE BESKIKBARE SYFER

Jul - Des 1949:	67 026
Jan - Jun 1950:	73 337
Jul - Des 1950:	80 274
Jan - Jun 1951:	79 674
Jul - Des 1951:	80 785
Jan - Jun 1952:	83 520
Jul - Des 1952:	86 046
Jan - Jun 1953:	87 965
Jul - Des 1953:	86 493
Jan - Jun 1954:	81 475
Jul - Des 1954:	83 824
Jan - Jun 1955:	89 451
Jul - Des 1955:	77 228
Jan - Jun 1956:	63 738
Jul - Des 1956:	65 178
Jan - Jun 1957:	64 934
Jul - Des 1957:	65 067
Jan - Jun 1958:	64 711
Jul - Des 1958:	66 855
Jan - Jun 1959:	63 462
Jul - Des 1959:	64 853
Jan - Jun 1960:	66 149
Jul - Des 1960:	67 039
Jan - Jun 1961:	68 128
Jul - Des 1961:	71 404
Jan - Jun 1962:	68 374
Jul - Des 1962:	71 878

Jan - Jun 1963:	69 269
Jul - Des 1963:	81 571
Jan - Jūn 1964:	91 069
Jul - Des 1964:	94 521
Jan - Jun 1965:	116 451
Jul - Des 1965:	126 434
Jan - Jun 1966:	132 116
Jul - Des 1966:	137 083
Jan - Jun 1967:	140 847
Jul - Des 1967:	148 641
Jan - Jun 1968:	153 400
Jul - Des 1968:	158 273
Jan - Jun 1969:	158 441
Jul - Des 1969:	170 492
Jan - Jun 1970:	171 472
Jul - Des 1970:	178 146
Jan - Jun 1971:	168 981
Jul - Des 1971:	152 210
Jan - Jun 1972:	151 474
Jul - Des 1972:	162 152
Jan - Jun 1973:	172 160
Jul - Des 1973:	169 793
Jan - Jun 1974:	166 622
Jul - Des 1974:	159 637
Jan - Jun 1975:	159 259
Jul - Des 1975:	163 954
Jan - Jun 1976:	160 562
Jul - Des 1976:	159 478
Jan - Jun 1977:	170 938
Jul - Des 1977:	165 536

Jan - Jun 1978:	167 174
Jul - Des 1978:	163 317
Jan - Jun 1979:	169 263
Jul - Des 1979:	192 248
Jan - Jun 1980:	200 628
Jul - Des 1980:	206 729
Jan - Jun 1981:	198 840
Jul - Des 1981:	217 417
Jan - Jun 1982:	191 286
Jul - Des 1982:	189 702
Jan - Jun 1983:	176 872
Jul - Des 1983:	182 812
Jan - Jun 1984:	193 382
Jul - Des 1984:	187 116
Jan - Jun 1985:	173 386

Prysverhogings sedert SARIE se ontstaan:

SARIE se eerste verkoopprijs was 6d. (n sikspens) per eksemplaar. Daarna, in n bestek van ses maande, is die prys van 6d. tot n sjieling tot 1s.6d. verhoog. Die twee verhogings het onderskeidelik op 9 Februarie 1955 en 10 Augustus 1955 in werking getree. Op 9 Februarie het die tydskrif ook van n weeklikse in n twee-weeklikse tydskrif verander.

Moontlik eenmalig in n publikasie se geskiedenis is die prys einde 1964 van 15c tot 10c verlaag. Dit was na aanleiding van die besluit om n Engelse vroueblad uit te gee. Daarna het dit weer tot 15c per uitgawe gestyg. Met hoë inflasie is die tydskrif se prys dramaties en so te sê jaarliks verhoog:

van 9.5.73 van 15c tot 20c;

5.6.74: 20c tot 25c

25.2.76: 25c tot 30c

10.8.77: 30c tot 40c

12.7.78: 40c tot 48c + AVB

9.7.80: 48c tot 58c + AVB

11.11.81: 58c tot 67c + AVB

3.3.82: 67c tot 71c + AVB

10.11.82: 71c tot 75c + AVB

1.8.84: 75c tot 85c + AVB

10.4.85: 85c tot R1 + AVB

## 16. REDAKTEURS EN REDAKSIES 1949 - 1985

Die eerste redaksie is aangestel 'n paar maande voordat die eerste SARIE verskyn het. Hulle was: Fred le Roux, redakteur, Aletta Bergh, onderredakteur, Carin Burger en Christa Steyn. Laasgenoemde was die Randse verteenwoordiger. Hans Hiebl was die eerste uitlegkunstenaar ofte wel tegniese versorger, soos hy toe genoem is.

Die volgende lid wat haar by die redaksie aangesluit het, was Alba Bouwer (toe Van der Watt). Sy het in Augustus 1949, 'n maand nadat die eerste SARIE verskyn het, lid van die redaksie geword.

Saam met Blydie Conradie, wat haar in Julie 1950 by die redaksie aangesluit het, en Audrey Blignault, wat jare lank 'n nie-amptelike lid van die redaksie was, het dié groepie mense die kern-redaksie van SARIE gevorm. Daar kan gesê word dat dit hulle was wat die nuwe kind van die Nasionale Pers na liggaam en gees gevorm en haar karakter gebou het.

Etlke medewerkers van belang het van die eerste uitgawe van SARIE af bydraes gelewer. Onder hulle was 'n paar letterkundiges van hedendaagse faam, wat bewys dat die joernalistiek en literatuur in daardie jare hand aan hand geloop het. 'n Paar paragrawe oor hulle verskyn aan die einde van hierdie afdeling (voor die redaksielys).

Met die redaksielys wil ek die ontwikkeling van SARIE aantoon soos dit uit die uitbreiding en spesialisering van die redaksie blyk. In die begin was daar wel take wat aan sekere redaksielede

toegewys was, maar soos een van hulle gesê het 1) hulle "het almal meer saam dinge gedoen".

Soos die res van die wêreld, moes SARIE ook spesialisering en "betiteling" aanvaar. In die begin was daar 'n redakteur, 'n onderredakteur (toe onderredaktrise genoem) en die redaksie. Nou is daar 'n redakteur, verskeie assistent-redakteurs, sub-redakteurs, en handwerk-, kos-, mode- en skoonheidsredakteurs.

In 1972 is die eerste regstreekse aandag aan skakelwerk met kliënte en lesers gegee deur die aanstelling van 'n redaksielid belas met "spesiale projekte". Die huidige redakteur: promosies en spesiale uitgawes, Rieta Burgers, is in 1975 as verantwoordelik vir "spesiale projekte" aangestel. Sonder dié afdeling kan geen tydskrif vandag klaarkom nie, soos blyk uit 'n bykomende aanstelling in dié afdeling in 1982: promosiebestuurder.

Ook 'n sindikasie-afdeling, wat wêreldwyd kontrakte met tydskrifte-groepe het vir die verkryging van teks- en beeldmateriaal, moes ontwikkel. Dié soort inligting is vroeër deur Anna, die Barones von Blumenthal, letterlik na SARIE aangedra. Foto's is ook van die CNA gekoop. Later is die sindikasiefirma Inpra se diens gebruik. Een van die redaksielede, Carin Burger, het nog geruime tyd ná haar troue (toe sy haar in Natal gevestig het) breipatrone vir hulle vertaal. June Botha, hoof van die Nasionale Pers se sindikasie-afdeling, was eers 'n werknemer van Inpra. Sy het die afdeling in 1976 by die Pers begin.

Terug na die eerste redaksie. Die eerste lid van die redaksie

1) Carin Burger in persoonlike korrespondensie

wat bedank het, was Aletta Bergh, wat reeds nā sowat twee jaar afgetree, en 'n paar jaar daarna gesterf het. Op enkele-uitsonderings nā het die meeste redaksielede nā hulle gekom en gegaan soos die jare gekom en gegaan het.

Die eerste redaksie moes inderdaad die opvatting uitleef dat joernaliste iets van alles moet weet. Spesialisasie, wat 'n kenmerk van die moderne lewe geword het, het maar eers heelwat later gekom.

In die begin moes die redaksie breipatrone kon vertaal. Die redakteur self het gesê 2) hy het dit op sy dag gedoen - al het hy niks van die vak geken nie, "solank die terminologie en optelsomme reg was". Ewenwel, die redaksielede moes patrone kon vertaal, maar ook uitgaan en artikels skryf, skoonheidsrubrieke hanteer en resepte toets.

Nā die eerste paar jaar is al so 'n bietjie gediversifiseer, maar die huishoudkundiges moes nog steeds 'n artikel kon skryf. Die spesialiste het heelwat later gekom in die vorm van skoonheidsredakteurs, moderedakteurs, kosredakteurs, en lesbes, die belangrike afdeling vir skakelwerk met kliënte en SARIE-lesers (en potensiële SARIE-lesers); die promosieafdeling.

Oor redaksionele sake onthou 3) die eerste redaksie die volgende:

Almal onthou die samehorigheidsgevoel en spanwerk. Uit al die antwoorde wat ek uit die eerste redaksielede gekry het, het

2) Le Roux in persoonlike onderhoud

3) Persoonlike onderhoude en korrespondensie



geblyk dat almal baie goed saamgewerk het.

Hulle moes ook, want die hele redaksie, buiten die redakteur, het in een beknopte kantoor gesit. Die sekretaresse het 'n kantoor met drie ander tiksters van die Pers gedeel.

"Tien jaar lank het die redaksie van Sarie Marais so saam gesit in wat ons later die 'dubbelbed' genoem het. Nadelig vir die senuwees miskien, maar baie bevorderlik vir 'n goeie gees, het ons gevind." onthou mej Bouwer 4).

Ook Le Roux het beklemtoon 5) dat die spangees en samewerking besonders was. "Ek het soms 'n pos tot twee jaar oop gehou voordat ek iemand aangestel het. Hulle moes aan twee vereistes voldoen: goed wees in die werk, en goed regkom met ander vroue." Ons onderhoud het hy afgesluit: "Ek het alleen die gelukkigste herinneringe ... "

Hoewel die werk nie so gespesialiseerd ingedeel was soos vandag nie, het van die redaksielede tog sekere opdragte gehad. Sô onthou 6) Carin Burger dat sy maar te bly was dat sy die stoel van "Leonie le Roux", die naam waaronder skoonheidsartikels geplaas is, aan Blydie Stander kon oorgee toe diê haar by die redaksie aangesluit het:

"Ons het uitstekend saamgewerk ... Toe Blydie by ons kom, is die modes en velversorging terstond op haar afgeskuif. Dis darem een ding waaraan 'n ou gou uitgeskryf raak ... en so het sy en ek saam die praktiese artikels ook gedoen.

4) Bouwer in persoonlike korrespondensie

5) Le Roux in persoonlike onderhoud

6) Burger in persoonlike korrespondensie

"Alba het meer gekonsentreer op die artikels, saam met Aletta, en so tussenin het Fred vir hulle 'n verhaal gegee om 'n mening oor te gee. Maar ons het almal meer saam dinge gedoen. Nou is dit natuurlik absoluut gespesialiseerd."

'n Uitdrukking van spesialisasie is die verskillende afdelings vandag by SARIE. Destyds het almal iets van alles gedoen, soos duidelik blyk uit bostaande. Alba Bouwer was SARIE se eerste subredakteur (hoewel nie in naam nie). Blydie Conradie onthou 7) soos volg:

"Aletta het die modes gedoen toe ek daar gekom het, Alba die artikels, en omdat sy byna net so 'n goeie taalkenner was as ons mnr Hiemstra, het sy ook dinge persklaar gemaak.

"Carin en ek was verantwoordelik vir die huishoudkunde-seksie. As junior (nie in jare nie) erf ek toe ook die sosiale bladsy - byskrifte skryf vir trou-, verlowing- en sosiale foto's." Laasgenoemde rubriek het weens probleme wat voor die hand lê, nie lank gehou voordat die redaksie besluit het die alewige gesoek na foto's is nie die moeite werd nie! Hieroor onthou 8) mej Bouwer die volgende: "Ons was almal dankbaar toe die sosiale blad nā 'n paar jaar afgeskaf is - dit nā baie nadink en navors, want ons kon geen enkele tog bekostig wat dalk 'n paar kosbare intekenare van die duur, nuwe wa sal laat afval nie."

Een van die belangrike kenmerke van die eerste redaksie was dat hulle so te sē vreemdelinge was vir hul lesers, wat nie eens geweet het wie 'n artikel geskryf het nie. Hieroor onthou 9) mej Bouwer:

- 7) Conradie in persoonlike korrespondensie
- 8) Bouwer in persoonlike korrespondensie
- 9) Bouwer in persoonlike korrespondensie

"Een van die beginsels wat in die eerste jare gehandhaaf is, was dat geen redaksielid 'n stuk onder haar eie naam plaas nie. Fred het dit ingestel, waarskynlik omdat hy gekant was teen die opbou van 'n persoonlikheiskultus.

"Ons het nie juis omgee nie, maar lesers het naderhand begin vra dat name by moet wees.

"Destyds is gevoel dat SARIE opgebou moet word, nie die naam van dié en dáardie nie. Dit was eintlik oordrewe beskeidenheid en versigtigheid, iets wat natuurlik was by die Nasionale Pers van die eerste dekades. Almal was besig met 'n saak, nie met 'n eie reputasie nie. Dit moes noodwendig later verander." (Lesers het ook later in briewe geskryf dat hulle graag wil weet wie sekere artikels geskryf het.)

Die medewerkers van SARIE: 'n aantal bekendes van vandag het van die begin af bydraes aan SARIE gelewer. Onder die skrywers staan Elsa Joubert, Anna M Louw, M E R en Henriette Grové uit.

Toe sy in 1965 die W A Hofmeyerprys ontvang, het mev Blignault verwys 10) na die belangrike bydrae van tydskrifte om die "verband tussen die joernalistiek en die breër letterkunde lewend te hou". In haar toespraak het sy die Nasionale Pers se tydskrifte, met name SARIE en Huisgenoot, hiervoor geprys. Dié skrywers se aandeel in SARIE se bydrae tot die Afrikaanse letterkunde is in hoofstuk 12 bespreek.

Hulle het egter ook gereeld artikels oor uiteenlopende onderwerpe geskryf.

10) Blignault in 'n berig, Die Burger, 1965

Mej Joubert het reeds in die eerste SARIE 'n artikel geskryf oor Dior - Hy het ons die nuwe voorkoms gegee! Genoemde skrywers se artikels het van moederkunde tot blommerangskikking gewissel.

Ander meer populêre skrywers wat gereeld artikels vir SARIE geskryf het, was Louise Behrens, T C Pienaar en Minnie Postma.

Onder die gereelde medewerkers was mense soos Elizabeth Albrecht (oor modes), Jeanette Bremer en Hettie Smuts (bekende name onder blommerangskikkers), Kotie Roodt-Coetzee (etlike artikels oor Voortrekkerdrag en -gewoontes, veral met die oog op die inwyding van die Voortrekkermonument kort ná SARIE se verskyning), Anna Neethling-Pohl, Eric Rosenthal, Hermien Dommissie, Dirkie de Villiers ('n musiek-rubriek), S J A de Villiers (kos) en André Huguenet. SARIE het 'n korrespondent by die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie gehad, wat onder die naam SAVF-korrespondent geskryf het. 'n Familielid van Aletta Bergh, Lola Steyn, het 'n rubriekie, Op ons dorp, behartig.

Ander joernaliste wat gereeld bygedra het, was Rykie van Reenen, Skakel Kriek en Victor Holloway. Pearl S Buck, 'n Nobelpryswenner, het met 'n reeks artikels oor haar kind met die Down-sindroom groot meelewing van lesers uitgelok.

Hier volg die volledige redaksielys tot op datum, met inagneming dat hul termyn by SARIE vasgestel is volgens die uitgawes waaraan hulle gewerk het en waarin hul name dus in die redaksielyste verskyn het. Geen redaksielyste het van Junie 1963 tot Julie 1967 verskyn nie. Ek het sover moontlik by die

Pers se administratiewe afdeling vasgestel wie in daardie tyd redaksielede was.

Kortliks die vier REDAKTEURS tot vandag:

Fred le Roux: Julie 1949 - September 1968 (oorlede 20 April 1984). In die hoofstuk oor SARIE se bydrae tot die Afrikaanse letterkunde (12) word uitvoerig oor Le Roux geskryf.

Hennie Cronje: Oktober 1968 - Junie 1976 (oorlede 3 Desember 1982). Hy was artikel-redakteur by SARIE toe hy as redakteur aangestel is. Oor hom is soos volg in "Liewe lesers, dis nou ons" 11) geskryf: "Hoe kwalifiseer 'n man om redakteur van 'n vrouetydskrif te word? Die tegniese sy soos joernalistieke bedrewenheid daar gelaat, het Hennie Cronjê sekere persoonlike eienskappe wat hom by uitnemendheid geskik maak vir dié pos: Hy is 'n groot familieman. Hy is 'n groot huis- en tuinman. Sy gesin, sy mooi woning en goedversorgde tuin, dit maak, naas Sarie, sy lewe uit. Met 'n fyn oog vir wat mooi en korrek en smaakvol is, ken hy die werkinge van die vrouehart deur en deur."

Fritz-Joubert: Junie 1976 - September 1983. Mnr Joubert is van sportredakteur by Die Burger tot redakteur van SARIE bevorder. In sy termyn as redakteur het SARIE haar hoogste sirkulasiesyfer nóg - 217 417 vir Julie-Desember 1981 - bereik. Dit danksy die Diana-koors (prinses van Wallis) wat toe geheers het. Tydskrifte met haar op die voorblad is nog steeds van die beste verkopers - vergelyk dit met

11) Artikel, SARIE, 15 Januarie 1969

wat Le Roux te sê had: dit was in sy tyd "benede alle waardigheid" 12) om oor die Britse koningshuis te skryf. Mnr Joubert is tans SARIE se Londense redakteur.

Izak de Villiers: September 1983 - huidig. Mnr de Villiers het die bediening verlaat om redakteur van SARIE te word nadat hy die joernalistiek jare lank as 'n vryskut bedryf het. Hy was 'n gereelde skrywer vir SARIE se Agterblad-rubriek voordat hy redakteur geword het. Die Pers het hom "van buite" aangestel omdat hulle gemeen het 13) sy bekendheid en aanhang onder vroue (hoofsaaklik vanweë populêr godsdienstige boeke en radiopraatjies) SARIE weer die leier in die vroue-tydskrifmark sal maak en haar gevolglik deur die moeilike ekonomiese tye kan loods.

Hy sal waarskynlik die laaste man wees wat dié pos by SARIE beklee 14). Sonder om seksisties te wees - 'n man kan waarskynlik net so goed soos 'n vrou redakteur van 'n vroueblad wees - en sonder om hier 'n kruistog op te neem oor diskriminasie teen vroue, kan 'n mens nie anders as om te wonder nie waarom die Direksie gemeen het 'n mens met 'n "manlike" brein sal 'n beter redakteur wees as 'n mens met 'n "vroulike" brein.

Die volledige redaksies lyk so:

Fred le Roux, redakteur: Julie 1949 tot September 1968.

Aletta Bergh, onder-redakteur: Julie 1949 - Junie 1951 (oorlede 18.1.57).

Carin Burger: Julie 1949 - Junie 1951

Christa Steyn: Julie 1949 - Augustus 1952

12) Le Roux in persoonlike onderhoud

13) Prof Piet Cillié in persoonlike gesprek

14) Cillié in persoonlike gesprek

Alba Bouwer: Augustus 1949 tot Julie 1964, vanaf Julie 1951  
onder-redakteur

Micky Greshoff (modes): Augustus 1949 - Januarie 1950

Hans Hiebl (tegniese versorging): Augustus 1949 - Januarie 1955

Blydie Conradie: Julie 1950 - Julie 1956

Audrey Blignault: Met Uit die Dagboek van 'n Vrou van Augustus  
1950; deelydse redaksielid van April 1959 - Julie 1972

Sarel van der Walt: Julie 1951 - Desember 1953

Erla Rode (later Von Schach): Mei 1952 - Julie 1976

W O Kühne: Desember 1953 - Maart 1960

Paul Malherbe (kunsredakteur): Februarie 1955 - Oktober 1981

Alida McKinnel (kuns): Februarie 1955 - Februarie 1963

Marie Malherbe: April 1958 - Maart 1961

Dot van der Merwe: Desember 1958 - Februarie 1959

Bettie Cilliers: April 1960 - Junie 1962

Kobie van der Merwe (later Kuypers; eers huishoudkundige,  
later handwerkredakteur): April 1961 - Februarie 1984

Lenie Coetzee (sekretaresse): Julie 1961 - Augustus 1980

Hennie Cronjé: September 1962; redakteur van Oktober 1968 -  
Junie 1976

Vera Turner: Januarie 1963 - 1977

Johanna van Graan: Augustus 1964; van Julie 1972 Assistent-  
redakteur - Desember 1974

Marie de Kock: Julie 1963 - Januarie 1968

Marlene Kromberg: Maart 1964 - Maart 1966

Eileen Blamire (later Snowball) (Kuns): Julie 1967 - Januarie  
1968; weer van Januarie 1978; hoof van kuns: November 1981 -  
huidig

Marida Venter: November 1967 - Januarie 1968  
Lex Coyne (kuns): November 1968 - Oktober 1969  
Franselene Pool (sekretaresse): Julie 1968 - Januarie 1971  
Corlia Fourie: September 1968 - Oktober 1972  
Igna Wessels: Oktober 1968 - November 1968; November 1971 -  
Maart 1981  
Petro Steyn: Oktober 1968 - naam verskyn net in dië uitgawe  
se redaksielys  
Petra Grütter (Müller): November 1968 - Januarie 1979  
Esme Mittner: Februarie 1969 - Junie 1970; verhaleredakteur:  
Desember 1980 - huidig  
Jean Morris (kuns): Oktober 1969 - Junie 1970  
Jorda Louw: Desember 1969 - Augustus 1975  
Rina Koen: Julie 1970 - Oktober 1971; vir "spesiale projekte"  
van Februarie 1975 - April 1975  
Lettie van Niekerk (kuns): Julie 1970 - April 1973  
Marietjie van Rooyen (Pretoria, later Kaapstad): September  
1970 - huidig  
Marie Olivier (kuns): September 1970 - Januarie 1971  
Esna Jordaan (sekretaresse): Januarie 1971 - April 1978  
Sybil Schkolne (kuns): Januarie 1971 - Maart 1972  
Riekie de Beer (sekretaresse, Johannesburg): September 1971 -  
April 1972  
Adrie Pillans: Januarie 1972 - Julie 1975  
Ronel Pienaar (kuns): Maart 1972 - huidig  
Rosa Snyman (sekretaresse, Johannesburg): April 1972 - Oktober  
1974  
Mossie Ferreira (Johannesburg): Oktober 1972 - Julie 1974  
Lilian Hudson (spesiale projekte): Maart 1973 - November 1974



Christo de Jongh (kuns): April 1973 - Januarie 1974  
Roy Niemann (later verhaal-redakteur): Desember 1973 -  
November 1980  
Elsa-Marie de Kock (sekretaresse): Februarie 1974 - Desember  
1974  
Chrisman Stander (kuns): Januarie 1974 - Augustus 1981  
Nicolene Strydom (Johannesburg, tans skoonheidsredakteur):  
Augustus 1974 - huidig  
Viviene Viviers (sekretaresse, Johannesburg): November 1974 -  
Desember 1974  
Cora Oberholzer (later Wallwork; huishoudkundige): Februarie  
1975 - November 1976  
Maureen Joubert; Februarie 1975 - Mei 1976  
Rieta Burgers (spesiale projekte): Februarie 1975;  
assistent-redakteur van November 1977; promosie-bestuurder  
van Augustus 1978; assistent-redakteur: promosies van November  
1981; redakteur: promosies en spesiale uitgawes: Oktober  
1983 - huidig  
Magriet Smuts (kuns): April 1975 - Desember 1977  
Dene Smuts: Mei 1975; assistent-redakteur Junie 1976 -  
September 1977  
Phoebe van der Walt (subredakteur): Augustus 1975 - Desember 1980  
Patta Cutler (mode-redakteur): Oktober 1975 - Oktober 1977  
Jackie Schoeman, later Broodryk (sekretaresse): November 1975 -  
huidig  
Anneke van Niekerk: Julie 1976; assistent-redakteur Januarie  
1984 - huidig  
Marietjie Visser (skakelafdeling): September 1976 - Oktober 1977

Peter Veldsman (kosredakteur): September 1976 - huidig  
Danielle Boschi (kuns): September 1976 - huidig  
June Botha (Sindikasie-afdeling): Augustus 1976 - huidig  
Hettie Hauman (handwerk): Februarie 1977 - Januarie 1984  
Trudi du Toit: Oktober 1977 - Junie 1981  
Paul Roux (Londen): Oktober 1977 - einde 1980; Januarie 1981:  
assistent-redakteur - huidig  
Marieta Botha: Januarie 1978 - Augustus 1980  
Renée Conradie (Pretoria): Januarie 1978 - Februarie 1979  
Petrovna Metelerkamp (Pretoria): Augustus 1977 - Junie 1978  
Linda van Greuning (sekretaresse): November 1977 - Februarie  
1979  
Anet Strydom (mode): Januarie 1978 - Oktober 1980  
Anne-Marie van Jaarsveld (sekretaresse: Julie 1978 - Januarie  
1980  
Karen Roos (promosies): Januarie 1979 - April 1982  
Isabelle Steenkamp (promosies, later spesiale aanbiedings,  
tans bibliotekaris); Januarie 1979 - huidig  
Mathilda Pansegrouw (promosies): Maart 1979 - September  
1982  
Ena van der Westhuizen (Pretoria): September 1979 - September  
1984  
Jacqueline Leuvennink: November 1979 - Oktober 1983  
Molly Louw (sekretaresse): Februarie 1980 - November 1980  
Andriette Jooste (kos): September 1980 - April 1983  
Marianne Rowe (hoofsekretaresse): September 1980 - Februarie  
1985  
Christelle Malan (mode): Oktober 1980 - huidig

Anita Rossouw (sekretaresse, nou mode-assistent):

Desember 1980 - huidig

Magda de Goede (sekretaresse, handwerk): Desember 1980 - huidig

Alida Vos (subredakteur): Januarie 1981 - Maart 1985

Annamarie Visser (sekretaresse): Januarie 1981 - April 1982

Marie Hardy (handwerk): Augustus 1981 - September 1983

Annette du Plessis: Julie 1981 - November 1982

Elna Rossouw (Johannesburg): April 1981 - huidig

Chris Hack (later Louw; kuns): November 1981 - huidig

Brenda Rossouw (kuns): Februarie 1982 - huidig

Helene Fourie (sekretaresse): April 1982, van Maart 1985

hoofsekretaresse - huidig

Elda Basson (later Crous); redaksionele assistent in Johannesburg

van April 1982 - Oktober 1982, weer van Februarie 1983 - April

1984, van Mei 1984 volle lid van redaksie - huidig

Megan Geldenhuys (promosie-bestuurder): Julie 1982 - huidig

Lerine van der Spuy (subredakteur): Julie 1982 - huidig

Elsa Grobbelaar (redaksionele assistent): November 1982 -

Januarie 1983

Ruda Landman (Johannesburg): Desember 1982 - Januarie 1984

Lizette Rabe (artikels): Januarie 1983; van April 1984

handwerk-redakteur en artikelskrywer - huidig

Lise Brand (kos): Mei 1983 - Januarie 1984

Roline Hepburn: Oktober 1983 - Junie 1985

Estelle Spaarwater (Huis-afdeling): Oktober 1983 - huidig

Joan Kruger (redakteur, Transvaal): Oktober 1983 - huidig

Charlotte Koegelenberg (handwerk en kos): Februarie 1984 -

Februarie 1985

Marlinda Stibbe (sub): Februarie 1984 - huidig

May van der Merwe (handwerk): April 1984 - April 1985;

Augustus 1985 - huidig

Wilma de Bruin (Johannesburg, deelyds): April 1984 - huidig

Linda Coetzee (Johannesburg, kuns): Julie 1984 - huidig

Mari Coetzer (Johannesburg): Julie 1984 - November 1984

Marie Puth (Pretoria, artikels): September 1984 - huidig

Maretta Bellingan (Johannesburg, artikels): November 1984 -

Maart 1985

Nelda le Roux (sekretaresse, handwerk): Januarie 1985 - huidig

Roleen van Zyl (sekretaresse): Februarie 1985 - huidig

Anke Bekker (Johannesburg, sekretaresse): Januarie 1985 -

huidig

Lorna Vosloo: Februarie 1985 - huidig

Emmie Gous: April 1985: huidig

## 17. DIE BARONES SE TEEKOEK

Soos gesê, kan hierdie geskiedenis van SARIE nie volledig wees sonder die barones se teekoek-resep nie. Hoe kan 'n verhandeling oor 'n vrouetydskrif in elk geval volledig wees sônder 'n resep!

Die barones was Anna, Barones von Blumenthal, SARIE se modenuusaandraer. Sy het saam met haar nuus en foto's oor die nuutste skeppings en giere uit Europa, gereeld 'n "teekoek", gemaak volgens haar familie-resep, saamgebring.

Blydie Conradie het die resep vir die koek onthou, en vertel ook die volgende:

"Ons het darem so 'n Duitse barones gehad, 'n liewe ou tantetjie, Anna, Barones von Blumenthal. Sy't ons elke tweede Woensdag besoek en dan modefoto's van die Franse modehuise oor hul nuutste versamelings gebring. Haar naam verdien 'n plekkie in die annale van SARIE. Buitendien was Woensdag nie net die Barones se oggend nie, dit was ook die oggend van die Barones se Koek: so 'n 'plain' koek, heerlik as 'n mens dit vars eet."

Mev Conradie onthou verder: "Die Barones het altyd vertel dat hulle as kinders aangesê is om nie hard te raas of stamp of stap in die kombuis as die koek aan't bakke was nie. Natuurlik ook nie die deur voor die tyd oopmaak nie."

Die resep (in ou mate!) gaan so:

Room 'n halwe pond botter en 1 en 'n kwart koppie suiker.  
Klits 3 - 4 eiers een nâ die ander by, klits goed.

Rasper die skil van 1 suurlemoen by en voeg 'n halwe teelepel  
suurlemoengeursel by

Vou in: 2 koppies meel

2 teelepels bakpoeier

Halwe teelepel sout

Bak sowat 35 minute by 350 grade (Fahrenheit). Eet vars.

Kan versier word met "so 'n loperige versiersel".

B R O N N E L Y S

Onderhoude met en vraelyste aan oud-redaksielede en administratiewe personeel

Bundels, Die Boerevrou(w), 1919 - 1931, Suid-Afrikaanse Biblioteek  
Bundels, Die Burger, 1948 - 1985, Die Burger Kaapstad  
Bundels, Die Huisgenoot, 1948 - 1949, Huisgenoot, Kaapstad  
Bundels, Die Huisvrou, 1922 - 1976, Suid-Afrikaanse Biblioteek  
Bundels, Die Landbouweekblad, 1948 - 1949, Landbouweekblad, Kaapstad  
Bundels, Roos Rose, 1942 - 1944, Suid-Afrikaanse Biblioteek  
Bundels, SARIE, 1949 - 1985, SARIE, Kaapstad

Indekse van SARIE:           Inhoud           1949 - 1985  
                                  Medewerkers   1949 - 1985  
                                  Verhale        1949 - 1985

Notules, Nasionale Pers, Kaapstad  
Notules, Nasionale Tydskrifte, Kaapstad

Mabel Malherbe, Die Boerevrou-boek, J L van Schaik, Beperk,  
Uitgewer, Pretoria, 1950

M E R, n Kosbare Erfenis, Tafelberg, 1977

M E R, My beskeie deel, Tafelberg, 1972

Theodore Petersen, Magazines in the Twentieth Century, The University  
of Illinois Press, 1956

Keeromstraat 30, bundel ter viering van Die Burger se vyftigste  
bestaansjaar; saamgestel deur J P Scannell, Nasionale Boekhandel,  
1965

Standard Encyclopaedia of Southern Africa, Nasou, 1970

J C Kannemeyer, Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur, Band I  
en Band II, H & R Academica, 1978, 1983